UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Geloofsvorming in Tradisioneel Afrikaans-Christelike Skole: ’n Prakties-Teologiese Evaluering van die Rol van Onderwysers, Jeugwerkers en Liturgiese Elemente teenwoordig in die Skoolkonteks.

In vervulling aan die vereistes
van die graad

MTh (Praktiese teologie)

in die fakulteit Teologie
(Departement Praktiese Teologie)

aan die Universiteit van Pretoria.

Deur

Gert J P J van der Merwe.

Studieleier:
Prof. Cas J Wepener.

Augustus 2013.

**Bedankings:**

Mat dank aan ons Hemelse Vader wat deur genadige voorsienigheid ons op die weg in en na Sy Koninkryk begelei en ons deel maak van Sy koninkrykswerk.

Graag wil ek my studieleier, Prof. Cas Wepener bedank vir sy bereidwilligheid, toewyding en vars perspektiewe wat my begelei het tot op die punt waar ek 'n diep begrip gekry het vir die idee wat in my gedagtes ontkiem het.

Met dank aan die onderskeie rolspelers by die skool wat my idees en versoeke met ope arms en entoesiasme ontvang het. Weet dat julle elkeen 'n groot rol gespeel het in die inspirasie vir die navorsing.

Laastens en nie die minste nie, my vrou Barbara, wat met begrip en ondersteuning, te midde van vele uitdagings weereens saam met my die pad geloop het. Dankie dat jy ook altyd die gewillige klankbord, HAT en proefleser is.

## Summary:

This study focuses on the impact that teachers and youth workers and liturgical elements in the school context have on the development of the belief system of a child in traditional Afrikaans-Christian schools.

The church finds itself before a crisis that has been brewing for a number of years. The church is not the centre of the community anymore, with the result that people do not see the church as a necessary social and spiritual vehicle and facilitator for development anymore. The result of this is that fewer and fewer people visit the church on a regular basis with potential catastrophic results. However, the church may not rest and sit back as the church has a clear calling to bring the Gospel to all, so that the effects of the Kingdom of God can reach the life of everyone in society.

Faith development traditionally occurs in the safe space of the parental home. The reality is that fewer and fewer children are exposed to a faith cultivating home where spiritual truths are taught and where children are exposed to adults who live out an exemplary life of Christian morals. To compensate for this lack of a faith developmental stimuli, the church should go into partnership with the school so that children can be exposed to a context where the necessary faith developmental stimuli are present to facilitate the development of a living faith in God. The school context is ideal for exposure to faith developmental stimuli as the child is more susceptible for Biblical truths when they are in their forming years. This study shows that the school context, where adults live out their faith by example and where a strong liturgy exist, is extremely effective in facilitating and cultivating faith developmental qualities in children. Partnership between school and church is thus a wonderful opportunity to create a positive impact on the individual and society alike.


**Key terms:**
Afrikaans
Child
Faith formation
Group dynamics

Identity forming

Identity

Liturgy

Peer pressure

Parent

Ritual

Spirituality

School

Teacher

Tradition

Worship

Youth Worker

## Opsomming:

In hierdie studie word aandag gegee aan die invloed wat onderwysers, jeugwerkers en Liturgiese elemente teenwoordig in die skoolkonteks, op die geloofsvorming van kinders in Tradisioneel Afrikaans-Christelike skole uitoefen.

Die kerk staan voor ŉ krisis wat vir jare reeds aan die kom is. Die kerk is nie meer die middelpunt van die samelewing nie en mense sien nie meer die kerk as noodsaaklike sosiale en geestelike bemiddelaar nie. Dit het tot gevolg dat al hoe minder mense kerk toe gaan met potensieël katastrofiese gevolge. Die kerk kan egter nie op sy louere rus nie, want ons het ŉ opdrag om die goeie nuus aan almal te verkondig om sodoende die Koninkryk van God te laat kom in mense se lewens en in die samelewing. Geloofsvorming vind tradisioneel plaas binne die veilige ruimte van die ouerhuis. Die realiteit is dat vele kinders nie meer geloofswaarhede by hul ouers leer nie en ook nie aan ŉ voorbeeldige Christelike lewenswyse blootgestel word nie.

Om die leemte aan te spreek, behoort die kerk in vennootskap met die skool te staan om kinders bloot te stel aan ŉ konteks wat geloofvorming bevorder en fasiliteer. Die skoolkonteks bied geleentheid vir die kerk om kinders in hul vormingsjare te bereik, wat die beste tyd is om lewensveranderende lewenswater aan hulle te bring. Kinders het ŉ eksistensiële behoefte daaraan om blootstelling aan geloofsvormende stimuli te ontvang. ŉ Skoolkonteks, waarin voorbeeldige volwassenes en doeltreffende liturgiese elemente teenwoordig is, blyk van groot waarde te wees om die behoefte van kinders aan te spreek en die geleentheid vir kerk en samelewing te bied om ŉ noemenswaardige positiewe impak op die individu en die samelewing as geheel te voltrek.

**Sleutel terme:**
Aanbidding
Afrikaans
Geloofsvorming
Groepsdruk
Groepsdinamika

Identiteitsvorming

Identiteit

Jeugwerker

Kind

Liturgie

Onderwyser

Ouer

Ritueel

Spiritualiteit

Skool

Tradisie

# Verklaring:

Hiermee verklaar ek, Gert J. P. J. van der Merwe (studente nommer 24518027), dat hierdie verhandeling wat ek hiermee vir die graad aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie. Waar sekondêre materiaal gebruik is, is dit noukeurig erken en aangedui in ooreenstemming met die Universiteitsvereistes. Ek is bewus van die Universiteit se beleid en implikasies ten opsigte van plagiaat.

Handtekening: ______________ Datum: 22 Augustus 2013

# Inhoudsopgawe.

**Hoofstuk 1. Inleiding en metodologie.**

1.1 Agtergrond van die studie. 1
1.2. Probleemstelling. 4
1.3. Doelstelling. 5
1.4. Metode: 5
1.4.1. Die teorie van Praktiese teologie. 6
1.4.2. Die taak van die praktiese teoloog. 7
1.4.3. Hermeneutiese proses van verstaan. 11
1.4.4. Die doel van navorsing. 13
1.4.5. Tegniese prosedure vir navorsing van 'n fenomeen. 14
1.4.6. Navorsingsplan. 15
1.4.6.1. Navorsingsmetode. 15
1.4.6.2. Observasie. 16
1.4.6.3. Proses van onderhoudvoering. 17
1.4.6.4. Rol van literatuurstudie. 19
1.4.6.5. Rol van kwalitatiewe vraelyste. 19
1.5. Prakties-teologiese navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks. 20
1.6. Terme. 21
1.6.1. Kind. 21
1.6.2. Onderwyser. 21
1.6.3. Jeugwerker. 22
1.6.4. Verwysing na geslag. 22
1.7. Die navorser se perspektief. 22
1.8. Samevatting. 23

**Hoofstuk 2. Geloofsvorming by kinders vanuit die perspektief van die Ontwikkelingsielkunde.**

2.1. Agtergrond. 24
2.2. Sielkundige siening – ontwikkelingsielkunde. 25

2.2.1. Kognitiewe ontwikkeling. 25
2.1.1. Konkreet-operasionele denke. 25
2.2.2. Erikson se ontwikkelingsteorie. 26
2.2.2.1. Basiese vertroue teenoor wantroue. 27
2.2.2.2. Outonomie teenoor skaamte en twyfel. 27
2.2.2.3. Inisiatief teenoor skuld. 28
2.2.2.4. Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid. 29
2.2.2.5. Identiteit teenoor identiteitsverwarring. 29
2.2.2.6. Intimiteit teenoor isolasie. 30
2.2.2.7. Generatiwiteit teenoor stagnasie. 31
2.2.2.8. Integriteit teenoor wanhoop. 31
2.3. Geloofsontwikkeling. 32
2.3.1. Teorieë oor morele- en geloofsontwikkeling. 33
2.3.2. Kohleberg se fases van morele ontwikkeling. 33
2.3.3. Fases van geloofsontwikkeling. 34
2.3.4. Fowler se teorieë van fases van geloofontwikkeling. 35
2.3.4.1. Ongedifferensieerde geloof. 35
2.3.4.2. Intuïtief- Geprojekteerde geloof. 36
2.3.4.3. Mities-Letterlike geloof. 36
2.3.4.4. Sinteties-Konvensionele geloof. 38
2.3.4.5. Individuatief-Reflektiewe geloof. 39
2.3.4.6. Konjunktiewe geloof. 40
2.3.4.7. Universaliserende geloof. 41
2.3.4.8. Praktiese toepassings vir Fowler se fases van geloofsvorming. 41
2.4. Geloofsvorming vanuit 'n teologiese perspektief 42
2.5. Die Kind se potensiaal in die vormingsjare. 42
2.5.1. Besluitneming oor geloofsposisie. 43
2.5.2. Primêre geloofsvorming. 43
2.5.3. Vorming van geloofsidentiteit. 44
2.5.4. Invloed van die gemeenskap op geloofsvorming. 45
2.5.5. Invloed van groepsdinamika op geloofsvorming. 46
2.5.6. Invloed van groepsdruk op geloofsvorming. 47
2.5.6.1. Kinders leer by die groep unieke dinge. 47

2.5.6.2. ’n Groep het ’n sterk kontrolerende funksie. 47
2.5.6.3. Portuurgroep en herevaluasie van geloofswaarhede. 49
2.6. Rol van onderwyser/jeugwerker by ontwikkeling van kind. 49
2.7. Identiteitsvorming in kinders. 50
2.7.1. Vorming van ’n eie identiteit. 50
2.7.2. Ontwikkelingsdoelwitte vir middelkinderjare. 52
2.7.3. Rol van gemeenskap by identiteitsvorming. 52
2.7.4. Rol van rituele by identiteitsvorming. 53
2.8. Leerproses. 54
2.9. Geloofsontwikkelingsdoelwitte soos gesien vanuit ’n uitkomsgebaseerde perspektief. 55
2.10. Wenslikheid van blootstelling aan geloofsvormende konteks. 56
2.11. Afleidings gemaak vanuit literatuurstudie. 57
2.11.1. Dit is noodsaaklik dat kinders blootgestel word aan stimuli wat geloofsvorming stimuleer en morele ontwikkeling fasiliteer. 57
2.11.2. Onderwysers en jeugwerkers behoort opgelei te word in hoe om effektief kinders se fisiese-, kognitiewe-, persoonlike-, en geloofsontwikkeling te fasiliteer. 58
2.11.3. Die gebrek aan die teenwoordigheid en betrokkenheid van liefdevolle ouers in die kind se lewe het tragiese gevolge. 58
2.11.4. Kinders onder die ouderdom van 13 jaar behoort voorkeur te kry by bedieningsbeplanning. 59
2.11.5. Portuurgroepe behoort aktief binne die raamwerk van geloofsvorming benut te word. 59
2.11.6. Onderwysers/jeugwerkers blyk as plaasvervanger in die plek van die ouer as primêre opvoeder te kan dien. 60
2.11.7. Die skoolkonteks bied die ideale ruimte vir identiteitsvorming. 60
2.11.8. Toepassings vir Fowler se fases van geloofsvorming. 60
2.12. Samevatting. 61

**Hoofstuk 3. Die ouerhuis as verwysingsraamwerk vir geloofsvorming by kinders.**


3.1. Invloed van ouers op geloofsvorming van kinders. 62

3.2 Nuwe Paradigma: Huis is kerk. 64

3.3. Anderson se kern beginsels vir geloofsontwikkeling. 65

3.4. Gesinne bied vir kinders die ruimte vir volledige ontwikkeling. 66

3.5. Die Ouer as lewensafrigter. 66

3.6. Christelike opvoeding is ŉ lewenswyse. 67

3.7. Ouer het potensiaal om kind in teenwoordigheid van God te bring. 68

3.8. Impak van gesprekke oor geloof in die huis. 68

3.9. Ouers dien as voorbeeld van ŉ verhouding van diensbaarheid. 69

3.10. Gesinsbedieningsmodelle. 69

- 3.10.1. Holmen se sleutels vir suksesvolle gesinsbediening. 70
- 3.10.2. Noodsaaklike aspekte in gesinsbediening. 70

3.11. Uitdaging om alternatief te kry vir ouers as primêre fasiliteerder vir geloofsvorming by kinders. 72

- 3.11.1. Ouers doen nie hul werk so goed soos hulle dit behoort te doen nie. 72
- 3.11.2. Kinders spandeer minder en minder tyd by volwassenes. 72
- 3.11.3. Kinders leer deur te sien wat ouers doen. 73

3.12. Afleidings gemaak uit literatuurstudie in Hoofstuk 3. 74

- 3.12.1. Paradigmaskuif. 74
- 3.12.2. Skole beskik oor die potensiaal om ŉ doeltreffende medium te wees vir geloofsoordrag en geloofsvorming. 75
- 3.12.3. Kerk het rol om te speel om onderwysers/jeugwerkers te bemagtig as lewensafrigters. 76
- 3.12.4. Kultiveer ŉ Christelike lewenswyse in skole. 76
- 3.12.5. Onderwysers/jeugwerkers het potensiaal om ŉ kind in die teenwoordigheid van God te bring. 77
- 3.12.6. Geloofsgesprekke by die skool. 77
- 3.12.7. Diensbaarheid as effektiewe evangelieverkondiging. 77
- 3.12.8. Gesinsbediening in en deur die skool. 78

3.13. Samevatting. 80

**Hoofstuk 4. Invloed van Liturgie op geloofsvorming van kinders.**


4.1. Inleiding. 81

4.2. Agtergrond van rituele navorsing. 82

4.3. Identiteit van liturgiese navorsing. 84

4.4. Liturgiese bewegings. 84

4.5. Die metodiek van liturgiese navorsing. 85

4.5.1. Kwaliteite. 86

4.5.2. Interferensie. 86

4.5.3. Kultus en kultuur. 87

4.5.4. Primêre en sekondêre bronne. 87

4.5.5. Benoeming en toe-eiening. 87

4.5.6. Verlede, hede, kontinuïteit en diskontinuïteit. 88

4.6. Bestudering van die konteks wat liturgiese aktiwiteite bevat. 88

4.6.1. Ekologiese-raamwerk. 88

4.6.2. Kulturele-raamwerk. 89

4.6.3. Hulpbron-raamwerk. 90

4.6.4. Prosesse raamwerk. 90

4.7. Dimensies van rituele. 91

4.8. Identifisering van simbole en rituele. 93

4.8.1. Tekens. 93

4.8.2. Simbole. 94

4.8.3. Daad. 94

4.8.4. Handeling. 94

4.8.5. Simboolhandeling. 95

4.8.6. Simbooltaal. 95

4.9. Bestudering van liturgie in die skoolkonteks. 96

4.9.1 Die konteks waar liturgiese elemente gevind kan word. 96

4.9.2. Kenmerke van liturgie. 98

4.9.3. Kenmerke van 'n lewenskragtige liturgie. 99

4.9.4. Kritiese toetsing van rituele. 101

4.10. Noodsaaklikheid van blootstelling aan rituele. 102

4.10.1. Rituele vervul die mens se behoefte aan belewenis van God. 102

4.10.2. Rituele kan die Christen lei tot geloof in God se heilswerk. 104
4.10.3. Liturgie is funksioneel om geloofsvorming te versterk en te vestig. 104
4.10.4. Rituele bevorder en fasiliteer identiteitsvorming. 104
4.10.5. Rituele betrek die rasionele en sintuiglike dimensies van die mens. 105
4.10.6. Rituele bevorder eensgesindheid in die verstaan van simbole. 105
4.10.7. Rituele kan bewaar of hervorm. 105
4.10.8. Rituele is van groot waarde om etiese en morele waardes oor te dra. 105

4.11. Afleidings gemaak uit literatuurstudie in Hoofstuk 4 relevant in die skoolkonteks. 106
4.11.1. Ooreenkomste met die klassieke 'ekklesia' model. 106
4.11.2. Die uitdaging vir die kerk te midde van 'n nuwe kultuur waar kinders min of glad nie meer kerk bywoon nie. 107
4.11.3. Rituele het die potensiaal om groot invloed op die geloofsvorming van kinders in skole uit te oefen. 107
4.12. Samevatting. 108

**Hoofstuk 5. Die praktykstudie.**

5.1. Navorsingsmetode. 109
5.2. Keuse vir gebruik van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes. 109
5.3. Navorsingsdoelwit. 110
5.4. Primêre doelwitte van vraelyste. 111
5.5. Minimalisering van potensiële kontaminasie van antwoord gegee in vraelyste. 111
5.6. Proses van samestelling van semi-gestruktureerde vraelyste. 112
5.6.1. Samestelling van vrae by afdeling A: Biografiese inligting. 112

5.6.2. Samestelling van vrae by afdeling B: Persoonlike geloof. 114
5.6.3. Samestelling van vrae by afdeling C: Invloed van ouers/voogde op geloofslewe. 118
5.6.4. Samestelling van vrae by afdeling D: Invloed van volwassenes by die skool. 120
5.6.5. Samestelling van vrae by afdeling E: Invloed van liturgie in die skool. 121
5.7. Dataverwerkingsproses. 124
5.8. Bevindinge en afleidings gemaak vanuit dataverwerkingsproses. 126
5.8.1. Kerkbywoning saam met ouers/voogde. 126
5.8.2. Primêre invloed deur respondente aangedui in vraag 7. 127
5.8.3. Potensiële positiewe invloed van onderwysers/jeugwerkers op die geloofsvorming van kinders. 128
5.8.4. Invloed van liturgiese elemente by die skool op geloofsvorming. 129
5.8.5. Verhouding B-telling van A1 respondente en persoon aangedui as primêre geloofsinvloed by die skool. 131
5.8.6. Kinders het behoefte aan stimulasie wat geloofsvorming bevorder. 132
5.8.7. Verband tussen kerkbywoning en invloed van ouers/voogde op geloofsvorming. 133
5.8.8. Gedragsverskynsels en identifisering met volwassene by skool. 133
5.8.9. Rol van skool by oordra van Bybelverhale. 134
5.8.10. Bevindinge en afleidings gemaak vanuit die kwantitatiewe studie. 135
5.9. Kwalitatiewe ondersoek van liturgiese aktiwiteite in die skool. 136
5.9.1. Observasie en deelname aan liturgiese aktiwiteite. 137
5.9.1.1. Beskrywing van saalopening geleentheid. 137
5.9.1.2. Beskrywing van VCSV geleentheid. 138
5.9.1.3. Beskrywing van gewyde sang geleentheid. 139
5.9.1.4. Bevindinge en afleidings gemaak na aanleiding van observasie en deelname aan liturgiese aktiwiteite. 139
5.9.2. Bevindinge en afleidings gemaak na aanleiding van

onderhoude gevoer. 140
5.9.2.1. Onderwyser tree in skoolkonteks op as liturg en spirituele leier. 140
5.9.2.2. Planmatige vennootskap tussen onderwyser en jeugwerker om vertrouensverhoudings te bou. 140
5.9.2.3. Sang en musiek speel sentrale rol. 141
5.9.2.4. Bewegings tydens sang is van groot waarde. 141
5.9.2.5. Kinders word by aktiwiteite betrek. 141
5.9.2.6. Liturgiese aktiwiteite is vir kinders van groot waarde. 142
5.9.2.7. Geïntegreerde doelwit van liturgiese aktiwiteite. 142
5.9.2.8. Benutting van simbole. 143
5.9.2.9. Sterk ooreenkomste met die kenmerke van 'n lewenskragtige liturgie. 144
5.10. Samevatting. 145

**Hoofstuk 6. Interaksie tussen literatuurstudie en praktykstudie.**

6.1. Inleiding. 146
6.2. Bevindinge van hierdie studie. 147
6.2.1. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 2. 147
6.2.2. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 3. 148
6.2.3. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 4. 149
6.2.4. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 5. 149
6.2.4.1. Afleidings vanuit kwantitatiewe studie. 149
6.2.4.2. Afleidings vanuit die observasie en deelname aan liturgie in die kwalitatiewe studie. 150
6.2.4.3. Afleidings vanuit die onderhoude tydens die kwalitatiewe studie. 150
6.3. Voorstel vir optrede afgelei uit hierdie studie. 151
6.3.1. Kerk moet optree om tendens van kerkloosheid om te keer. 151
6.3.2. Verantwoording van sosiale verantwoordelikheid van ouer, kerk en staat. 151

6.3.3. Die skoolkonteks bied 'n ideale ruimte om kinders aan geloofsvormende stimuli bloot te stel. 152
6.3.4. Toepassingsmoontlikhede vir die kerk se betrokkenheid by skole. 153
6.4. Slotopmerking. 155
6.5. Samevatting. 155

Addendum A. Ingeligte toestemming Organisasie. 157
Addendum B. Ingeligte toestemming Individu. 158
Addendum C. Vraelys. 159
Addendum D. Godsdiensbeleid. 164
Addendum E. Dept. Onderwys versoek vir betrokkenheid van geloofsorganisasies by skoolaktiwiteite. 166
Figuurindeks. 168
Literatuurverwysings. 169

# Hoofstuk 1.

# Inleiding en metodologie.

## 1.1 Agtergrond van die studie.

Die kerk is geroep om die goeie nuus van die evangelie aan elke mens te bring. "God is liefde, moenie bang wees vir God nie" en ook "God wil in 'n vader-kind verhouding met jou staan." En dit is wat ons doen, ons verkondig die goeie nuus aan almal wat dit wil hoor in die kerkbanke. Soos Bosch (1991:519) dit tereg stel: *"It is the good news of God's love, incarnated in the witness of a community, for the sake of the world."* Die kerk bestaan vir een rede en dit is omdat God in wese 'n God van Sending is (Bosch 1991:493). Daarom stuur God ons na mense om hulle te vertel dat hulle in God moet glo. Kerk is uitgeknip vir die taak om die woord te verkondig, die probleem is ons mis so 'n stukkie van Matt. 28:18-20. Die realiteit is dat geloof nie net 'n geloof saak is nie. Dit is ook nie net 'n saak van die Gees nie. Dit is ook 'n saak van sosiologie, biologie en sielkunde. Die mens wat die woord ontvang, ontvang dit organies, geestelik, nadenkend, eksistensieel en binne 'n konteks waarin al die aspekte wederkerig op mekaar inwerk. Hiermee bedoel ek dat as God dan vir ons die opdrag gegee het om die goeie nuus te gaan verkondig, gee God seker ook die opdrag met die volle wete dat die mens meer is as die dele waaruit ons geskep is en dat die kerk elke middel tot haar beskikking moet aanwend om God se opdrag uit te voer. Die gestuurde kan dan nie net aanneem dat die hoorder net moet hoor en sal reageer soos wat die Gees hom lei nie. Die gestuurde het 'n verantwoordelikheid om, binne 'n gegewe konteks, al die aspekte wat 'n invloed op die hoorder het, in ag te neem. Die gestuurde doen dit om te verseker dat die saadjie van die goeie nuus veilig in die hart van die hoorder sal val en volledig ontkiem tot 'n veranderende krag binne die siel.

Een van die uitdagings wat ek in die bediening raak gesien het, is dat kinders nie net hoor en sommer net doen nie. Sekere kinders hoor en doen meer effektief as ander en meer spesifiek, in sekere kinders ontkiem daardie saadjie van geloof eenvoudig net soveel beter. Vanweë my betrokkenheid in skole as gevolg van 'n gemeenteprojek en

blootstelling aan die uitdagings van die skoolkonteks weens my voorsitterskap van ŉ beheerliggaam van ŉ laerskool, het ek diep bewus geraak van die behoefte vir die evangelie in skole. Met hierdie studie poog ek om ŉ beter begrip te kry van die potensiële betrokkenheid van die kerk in skole om hierdie behoefte aan te spreek.

Die studie sal aantoon (Hoofstuk 3) dat daar ŉ groter waarskynlikheid is dat geloofsvorming plaasvind in die lewens van kinders wat in ŉ huishouding grootword waar daar gelowige en voorbeeldige ouers/voogde is wat die opvoedingstaak met vreugde en oorgawe opneem. In hierdie huishoudings groei en vorm die kinders se geloof en dra ook meer vrugte as kinders wat nie blootstelling aan sulke voorbeeldige en betrokke ouers het nie.

Die realiteit is egter dat daar uiters min kinders is wat in ons Postmoderne wêreld aan die ideale vormingswêreld van ŉ ouerhuis, waar gesonde geloofswaarhede geleer word, blootgestel word (Barna 2007:8). Die effek van die industriële revolusie, wat radikale invloed op die funksionering van gesinne en tydsbesteding meegebring het, het verseker dat geloofsoordrag nooit weer so eenvoudig soos voorheen binne die huishouding sou plaasvind nie. Dit bring ons, as woorddraers, by ŉ uitdaging: los ons die saak so en laat ons die verantwoordelikheid in die hande van die Gees, of gaan ons die Gees toelaat om deur ons die beste van ŉ slegte saak te maak deur aktief betrokke te wees in God se saailand?

Die verligting het, met katastrofiese gevolge, verkondig dat elkeen sy eie geluk kan najaag sonder om ander se opinies in ag te neem (Bosch 1991:362). Hierdie denkwyse is steeds prominent in ons samelewing en mens kan argumenteer dat dit nou, meer as ooit tevore, inslag in die samelewing se denke vind. Om die negatiewe impak van hierdie denkwyse in ons samelewing teen te werk, argumenteer Bosch dat ons eerstens die noodsaaklikheid van oortuiging en doelgerigtheid moet hervestig en tweedens dat die samelewing moet erken dat die mens deel van ŉ organisme is en dat die oortuiging van die interafhanklikheid van menswees weer sentraal in die samelewing gevestig moet word (1991:362). As ons aanvaar dat kinders by hul ouers hierdie norme en waardes moet leer, maar die ouer glo dit nie en leef dit nie uit nie, impliseer dit dat die kans maar skraal is dat ons samelewing enigsins sal verander. Dit impliseer dat ons samelewing in ŉ bose kringloop vasgevang is wat gebreek moet

word. Hierdie opmerking van Bosch wys ook die vinger na die kerk, wat moeilik uit die gemakstoel van die kerkgebou opstaan om deel te wees van die organisme wat samelewing is.

Een van die uitdagings van die kerk is om te verhoed dat die teologie van die kerk en die beoefening van teologie nie net nog ŉ akademiese dissipline is nie. Farley argumenteer dat daar ŉ radikale verskuiwing in teologie plaasgevind het van die pre-moderne na die moderne era. In die pre-moderne era het teologie die rol gespeel van soeke na kennis oor die persoonlike, verlossende werk van God en die studie van hierdie kennis. In die moderne wêreld sien hy dat daar in teologie ŉ radikale verandering plaasgevind het deurdat die fundamentele aspek van *"sapiential and personal knowledge"* van God en die promosie van *"a Christian paideia,"* of die kultivering van hierdie kennis, agter gelaat is (Miller-McLemore 2012:169). Die persoonlike God van verhoudings het ruimte gemaak vir ŉ koue akademiese bestudering van kennis oor God. Dit is my vrees dat hierdie kliniese beskouing teenwoordig in teologie veroorsaak dat die kerk vergeet dat daar mense en meer spesifiek, kinders, buite die kerk is wat nie die verlossingskrag van ŉ God van liefde ken nie en daarom nie gerat is om buite die tradisionele en aanvaarde metodes van evangelieverkondiging te beweeg nie.

Soos Bonnie Miller-McLemore (2012:182) tereg sê: "*We need to learn more about how people embody knowledge and effect change. That is, we need to know more about the connections between knowledge, practice, action, application, and transformation.*" Hoewel sy met hierdie uitspraak fokus op die taak van Praktiese teologie per se, meen ek dat hierdie taak die taak van die kerk as geheel is en dat die kerk juis moet uitbeweeg na die samelewing toe om antwoorde op hierdie vrae te kry. Alleen dan kan die kerk met oortuiging aan God en Sy kinders rekenskap gee dat ons besig is om God se opdrag uit te voer.

## 1.2. Probleemstelling.

Volgens George Barna (2007:xvii), Strommen & Hardel (2000:99) en meer onlangs in die Suid-Afrikaanse konteks, Johan Avenant (2011:116), speel ŉ ouer/voog die belangrikste rol in die geloofsvorming van ŉ kind. Die ideaal is dat die kind, veral in die vormingsjare, blootgestel word aan verskeie elemente van geloofsvorming soos onder andere gebedslewe, aanbidding, dissipelskap en ŉ lewende verhoudingslewe met God. Die realiteit is egter dat daar heelwat kinders in tradisioneel Afrikaanse skole is, wat weens ŉ kombinasie van aspekte soos: beperkinge in tydsbesteding met ouers/voogde; ouers/voogde wat die verantwoordelikheid van geloofsvorming na die kerk verplaas; en gedeeltelike of volledige sekularisasie van ouers/voogde, glad nie meer aan ŉ voorbeeldige Christelike opvoeding by die huis blootgestel word nie.

Indien die ouer die beste hulpmiddel in geloofsvorming is en die hulpmiddel is nie beskikbaar nie, wat dan? Gaan die kerk dan sit en toekyk hoe God se koninkryk ineenstort? Nee, ons kan nie. Ons moet na oplossings buite die aanvaarde metodes soek.

Die werkhipotese is dat indien ons nie die ouer as vennoot in ons roeping kan gebruik nie, ons ŉ alternatief moet kry en dat ons ŉ alternatief in die skool kan vind. Gaan direk na die kinders toe en skep ŉ omgewing wat die impak van die ouerhuis so goed moontlik kan dupliseer. Indien ons dit kan regkry, kan ons die bose kringloop breek en ŉ nuwe generasie van ouers skep wat met nuwe denke en nuwe visie ŉ nuwe opbouende kringloop kan vestig. Kinders spandeer heelwat tyd by skole en word gevolglik blootgestel aan alternatiewe rolmodelle. Hoewel die ouer/voog die ideale mentor is vir geloofsvorming, bestaan die vraag of ander rolspelers as plaasvervangers in die plek van die ouer/voog as mentor in die geloofsvorming van kinders kan optree.

**Vanuit bostaande kom die volgende vraag na vore:**

> Kan onderwysers/jeugwerkers wat by skole in konstante kontak met kinders is, die geloofsvormende rol wat die ouer/voog normaalweg in die lewe van die kind sou speel, vervang en/of aanvul? Die vraag bestaan ook of die

liturgiese elemente teenwoordig in die skool konteks, die potensiële impak wat die huisgesin en erediens normaalweg op die geloofsvorming van ŉ kind uitoefen, kan dupliseer om ŉ noemenswaardige impak op geloofsvorming van kinders uit te oefen.

## 1.3. Doelstelling.

Ontwikkeling van ŉ teorie vir die praxis vir die funksionering van onderwysers/jeugwerkers en liturgiese elemente in die skoolkonteks met die oog op geloofsvorming by kinders.

## 1.4. Metode:

Die navorser doen ŉ literatuurstudie met ŉ gekombineerde kwalitatiewe en kwantitatiewe studie by skole waarby spesifieke onderwysers/jeugwerkers en kinders betrek word om uit te vind of onderwysers/jeugwerkers en liturgie in die skoolkonteks ŉ beduidende impak op die geloofsvorming van kinders het.

Babbie (2010:24) meen dat elke observasie van die begin af eintlik kwalitatief van aard is, al is dit om die meter se plek op ŉ skaal af te lees of om iemand se intelligensie na aanleiding van ons ondervinding te skat. Daar is nog nie numeriese waarde daaraan geheg nie, maar die proses om die inligting te verander na numeriese waarde is per sy kwantitatief. Kwantitatiewe inligting is nuttig aangesien dit ons observasie meer eksplisiet maak. Die proses maak ook statistiese vergelyking en analise ŉ moontlikheid (Babbie 2010:24). Kwantitatiewe navorsing is van waarde in die ontdekking van statistiese patrone en verhoudings (Osmer 2008:627).

Die kwantitatiewe studie word gebruik om kandidate te identifiseer vir verdere kwalitatiewe studie. Die kwantitatiewe studie word ook gebruik om sekere tendense binne die skoolkonteks te identifiseer vir vergelyking met soortgelyke studies in ander kontekste.

In hierdie studie word die kwalitatiewe studie gebruik om liturgiese elemente en die waarde van verhoudings in die skoolkonteks te ondersoek. Kwalitatiewe studiemetodes word spesifiek ingespan om die interaksie tussen kinders en onderwysers/jeugwerkers en die invloed van rituele op die kinders se geloofsvorming waar te neem.

"*Qualitative research seeks to understand the actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life and the meanings they ascribe to their experience. Qualitative research is better suited to studying a small number of individuals, groups, or communities in depth*" (Osmer 2008:627).

**1.4.1. Die Teorie van Praktiese teologie.**

*"Practical theology is the moral discernment that Christians undertake in the light of their theological convictions as they encounter situations in the midst of their vocations in the world*" (Osmer 1990:218)

"Die Praktiese teologie moet vasstel watter teorieë ten grondslag aan die praktyk lê en nagaan of dit doeltreffend is. As dit sou blyk dat hierdie teorieë nie doeltreffend is nie, is die taak van die Praktiese teologie om nuwe teorieë te ontwikkel" (Heyns & Pieterse 1990:22). Die doelwit van die studie is om ŉ nuwe teorie te ontwikkel oor die geloofsvorming by kinders in ŉ konteks anders as die tradisionele ouerhuis en gemeentelike sisteem.

Heyns & Pieterse (1990: 30-32) beskryf die invloed tussen teorie (bespreking van en besinning oor die praktyk) en praxis (kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet 1987:260)) as gelykwaardig in beoordelingswaarde en dat die twee aspekte van die Praktiese teologie in bipolêre spanningsverhouding staan wat voorgestel kan word as 'n elips met die praxis en teorie daarin saamgevat. Daar is gevolglik twee middelpunte wat elkeen sy eie waarde en funksie het. Hiervolgens is dit belangrik vir die praktiese teoloog om beide aspekte gelykwaardig te evalueer sodat beide ŉ noemenswaardige rol speel in die vorming van ŉ nuwe teorie vir die praxis.

### 1.4.2. Die taak van die praktiese teoloog.

Osmer (2008:93) beskryf die werk van die praktiese teologiese navorser in vier take:

1. Beskrywend-empiriese taak.
2. Interpreterende taak.
3. Normatiewe taak.
4. Pragmatiese taak.

Die beskrywend-empiriese taak help die navorser om patrone en dinamiese wisselwerking in spesifieke episodes, situasies of kontekste raak te sien. Die bedoeling is dat die navorser soveel agtergrond-inligting as moontlik inwin om ŉ beter kontekstuele prentjie van die gebeure te kry. Osmer wys daarop dat die ideale staat van die navorser een van *spirituele teenwoordigheid* behoort te wees om te verseker dat ŉ diepe en betroubare evaluering van die episode, situasie en konteks gemaak word (2008:442).

By interpretasie bedoel Osmer dat die navorser na verskeie teorieë van kuns en kultuur moet kyk om sodoende tot beter begrip te kom waarom die spesifieke patrone en dinamiese wisselwerkinge te voorskyn kom. Aspekte soos gevind in Sosiologie, Sielkunde en Teologie gee hier leiding.

Met die normatiewe taak gebruik die navorser teologiese konsepte om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer, etiese norme te konstrueer en van goeie praktyk gebruik te maak om te leer. Dit kom daarop neer dat ons moet vra wat binne ons teologiese agtergrond en konteks as Christene behoort te gebeur.


Met pragmatiese taak bedoel Osmer (2008:93) dat die navorser poog om strategiese optredes te identifiseer wat ŉ positiewe inpak op die situasie te weeg kan bring. Die navorser behoort dan ook te reflekteer op die resultate wat sigbaar geword het nadat die nuwe strategie geïmplementeer is.

Ter vereenvoudiging van die take, stel Osmer die volgende vier vrae voor om die navorser in Praktiese teologie te begelei op pad van teologiese interpretasie:

- Wat gebeur?
- Waarom gebeur dit?
- Wat behoort te gebeur?
- Hoe kan ons hierop reageer?

Osmer wys daarop dat die vier take egter interafhanklik is en mekaar affekteer by wyse van ŉ hermeneutiese sirkel wat hy soos volg illustreer (Figuur 1) (2008:187).

**Figuur 1.**




Een van die eienskappe van Praktiese teologie wat dit van ander dissiplines onderskei, is dat dit juis hier is waar al vier velde met mekaar in wisselwerking tree en mekaar beïnvloed. Dit is ook goed om oor die interaksie van die vier velde te dink as ŉ spiraal wat afwaarts inmekaar sirkel terug na ander take wat reeds ondersoek is (Osmer 2008:184).

Bonnie Miller-McLemore (2012:26) het ŉ doeltreffende beeld om ons te help om ŉ breër perspektief op interpretasie binne Praktiese teologie te kry deur te verwys na ŉ

spinnerak of selfs die internet (World Wide Web). Sy noem dit die ‘living human web’. Hiervolgens is alles op een of ander wyse aan mekaar verbind.

Osmer (2008:248-265) maak gebruik van Capra se natuurlike sisteme om Miller-McLemore se beeld aan te vul met hierdie universele beeld:
Capra se beeld herinner ons dat sosiale sisteme gevestig is binne-in ŉ interafhanklike en gekoppelde natuurlike sisteem. Capra meen dit is belangrik om oor die sisteem te dink as die web van die lewe en nie net as die lewende menslike web nie. Capra bied ‘n nuwe samestelling en analogie vir die lewenswetenskappe aan waarin die lewende sisteem drie pertinente karaktereienskappe besit:

- Eerstens bestaan die web van die lewe uit ŉ patroon van organisering.
- Tweedens ŉ struktuur wat die patroon beliggaam.
- Derdens ŉ proses waartydens die lewende sisteem deur sy interaksie met ander sisteme nuwe kenmerke in neem, eie kenmerke transformeer en uitsette en interaksies met ander sisteme skep en reguleer waartydens die sisteem se eie patrone en strukture in die proses vernuwe word.

*“These characteristics are found in all living systems - from cells to organisms to social systems to the entire planetary system. Moreover, living systems are nestled in other systems, which together make up the web of life.* (Osmer 2008:248-265)

Volgens Osmer (2008:248-265) brei die konsep van die web van die lewe Miller-McLemore se oorspronklike konsep uit en is van waarde om ons verstaan van prakties-teologiese interpretasie aan te vul op drie besonderse maniere. Die drie belangrike insigte word vervolgens beskryf.

- Ten eerste moet die navorser besef dat dit nie voldoende is om net op die individu te fokus nie. Ons moet dink in terme van interverbintenisse, verhoudings en sisteme. Osmer is van mening dat Miller-McLemore se kritiek van die individualistiese fokus van onlangse pastorale berading ook op ander fasette en aspekte van die bediening van toepassing is.

- Tweedens fokus die beeld van Miller-McLemore ons aandag op die interverbonde aard van verskeie vorme van bedieninge in die kerk. Leraars en pastore sal eerste wees om te erken dat hul verkondiging diep gewortel is in goedgekeurde Bybelse literatuur met ŉ  onderrig-karakter wat hulle binne die konteks van die kansel kan benut. Hierdie materiaal is op sy beurt weer verbind aan die kwaliteit van Christelike onderrig wat by die huis aangebied word wat op sy beurt verbind is aan die ouer se spiritualiteit. Die bedieningswêreld van die leraar en pastoor is dus inherent deel van ŉ interafhanklike geheel.
- Die derde insig wat Miller-McLemore se beeld aan ons voorhou, is dat gemeentes binne in ŉ web van natuurlike sosiale sisteme buite die kerk verbind is. Dit impliseer dat as die versorgingstrukture van die staat die bejaardes forseer om te kies tussen die aankoop van kos of medikasie, die gemeente ŉ direkte impak van hierdie verandering in die samelewing van buite die kerk direk binne die kerk sal voel. Dit sal die kerk se verantwoordelikheid vir soeke na reg en geregtigheid in die samelewing aktiveer en ŉ aksie na buite die kerk se strukture inisieer. Net so sal ŉ dorp wat blootgestel is aan ontwikkelaars wat invloed het op die dorpe se soneringskomitee se besluitneming oor ontwikkeling van natuurbewaringsgebiede en lae koste behuising, blootgestel wees aan die invloed van hierdie veranderinge op die lewens van die lidmate van die gemeente. So sal ŉ oormate lugbesoedeling, oorlading van waterwerke en elektrisiteitsvoorsiening of enige ander logistiese verandering in die samelewing, die kerk direk beïnvloed. Inagneming van die totale natuurlike en sosiale sisteme waarin die kerk funksioneer, is ŉ noodsaaklike deel van die navorser se verantwoordelikheid wanneer dit kom by prakties teologiese interpretasie (Osmer 1994:248-265).

Osmer sluit die gedagte af met ‘n mening dat interpretasie binne Praktiese teologie ten diepste kontekstueel is en dat ons in terme van interverbintenisse, verhoudings en sisteme moet dink.

### 1.4.3. Hermeneutiese proses van verstaan.

Miller-McLemore (2012:201) beklemtoon dat die praktiese teoloog die Hermeneutiese sirkel van verstaan moet voltooi. Sy maak gebruik van Don Browing se argument wanneer sy sê: “The student must engage in phronetic theological movement from ‘practice to theory and back again,’ as practical theologian Don Browning says, or, more specifically from ‘theory-laden practice to a retrieval of normative theory-laden practice to the creation of more critically held theory-laden practices’ (by which he means a movement from everyday practice to normative resources that themselves grow out of practices back to a more fully informed practice).”

Gadamer, soos aangehaal in Barden & Cumming (1975:267), gebruik die konsep van die vervloeiing van verstaanshorisonne om die invloed van die geskiedenis op die selfverstaan te demonstreer. ŉ Horison is volgens Gadamer ŉ spektrum van visie van alles wat vanaf ŉ spesifieke posisie of perspektief gesien kan word. Dit is dus beperkend in die opsig dat alles nie gesien kan word nie, maar dit verander vanaf een punt na die volgende punt. Vir die praktiese teoloog is hierdie ŉ belangrike insig aangesien die navorser hom/haarself binne die verstaanshorison bevind en gevolglik vanuit die verstaanshorison interpreteer.

Osmer (2008:326-330) meen dat die navorser juis moet probeer om eie insigte en nuut geïnterpreteerde perspektiewe te laat amalgameer in nuwe verstaan waarna die nuwe insigte geleentheid bied vir nuwe denkpatrone en optrede in die wêreld. Nuwe verstaan kom juis na vore wanneer die navorser toelaat dat hy bewus word van ŉ reeds teenwoordige voorverstaan waarmee die navorser die pad begin stap het. Die ideaal is dat die navorser bereid sal wees om die voorverstaan op te offer in diens van nuwe insigte wat lei tot ŉ nuwe teorie.

Die mens is ontologies altyd gegrond in sy eie situasie en dit is dus onmoontlik om te ontsnap na ŉ verstaanshorison van die verlede. Ons kan net poog om ŉ samesmelting van horisonne te bewerkstellig waarby ons eie horison vergroot en verryk word (Bernstein 1989:143).

Deur die versmelting van horisonne leer ons om ons eie vooroordele raak te sien en gevolglik kom ons tot ŉ beter verstaan van onsself. Gadamer meen dat die mens, alleen deur ander, tot ware kennis van die self kan kom (Bernstein 1989:143). "*When our historical consciousness places itself within historical horizons, this does not entail passing into alien worlds unconnected in any way with our own, but together they constitute the one great horizon that moves from within and, beyond the frontiers of the present, embraces the historical depths of our self consciousness."* Gadamer gaan verder deur te sê dat alles wat in die historiese bewussyn vervat is, om die waarheid te sê, in 'n enkele horison saamgevoeg word. Ons eie verlede en die ander verlede waarheen ons eie historiese bewussyn gestuur word, help ons om vorm te gee aan die bewegende horison waaruit menslike lewens altyd leef en waaruit ons tradisies bepaal word as tradisie (Barden & Cumming 1975:288).

Daar moet, volgens Gadamer, in die hermeneutiek onderskei word tussen drie momente in die verstaansproses. Die eerste moment is *om te begryp, dan om te verklaar en dan om toe te pas.* Hierdie drie momente vorm saam die begrip van die proses van verstaan (Pieterse 2001:79).

Osmer (2008:324-327) verwys ook na Gadamer se perspektief op die voorverstaan van die navorser soos wat nuwe interpretasie begin. Hy identifiseer 5 stappe van hermeneutiese belewing om die navorser se aktiwiteite op die weg na nuwe insigte te beskryf. Hierdie stappe funksioneer by wyse van ŉ hermeneutiese sirkel:

1. Voorverstaan: Dit is die veronderstelde vooroordele wat die navorser oor een of ander aspek vel wat inherent is in haar verstaan van ŉ saak tydens interpretasie daarvan. Hierdie vooroordele is aangeleer van uit die verlede.
2. Gevoel van ontoereikendheid: Dit is die belewenis wat die navorser beleef as hy deur die loop van navorsing op die punt kom waar een of ander aspek van voorverstaan bevraagteken word.
3. Dialogiese interaksie: Om toe te laat dat die teks, persoon of objek homself opnuut aan die navorser bekendstel. Die navorser luister na die 'stem' en maak haarself 'oop' vir die horison wat geprojekteer word. Die konsep van die horison is gebaseer op ŉ visuele metafoor wat die verste punt, wat vanuit ŉ spesifieke invalshoek gesien kan word, versinnebeeld. *"In Gadamer, it indicates both the scope and limitations of a particular point of view.*

*Interpretation, thus, is like a dialogue in which there is a back-and-forth interplay between the horizon of the interpreter and the horizon of the text, person, or object being interpreted."*

4. Versmelting van horisonne: Interpretasie lewer, net soos gesprekvoering, nuwe insigte wanneer die horisonne van die interpreteerder en die geïnterpreteerde saam kom. Beide dra iets by tot die nuwe verstaan. Dit is van groot belang dat die navorser sy eie konteks in sy sosiale, politieke, ekonomiese en godsdienstige fasette verstaan (Pieterse 2001:82).
5. Toepassing: Nuwe insigte gee aanleiding tot nuwe denkpatrone en optredes binne die lewenswêreld (Osmer 2008:324-327). Nuwe verstaan vereis dat dit ook nuwe optrede tot gevolg sal hê (Pieterse 2001:83).

### 1.4.4. Die doel van navorsing.

Daar is vyf moontlike doelwitte van ŉ navorsingsprojek. Osmer (2008:617) verduidelik dit soos volg:

- *"Basic research: to contribute to fundamental knowledge and theory."*
- *"Applied research: to illuminate a societal concern."*
- *"Summative evaluation: to determine program effectiveness."*
- *"Formative evaluation: to improve a program."*
- *"Action research: to solve a specific problem."*

In terme van hierdie studie kan die doelwit beskryf word as ŉ kombinasie van al bogenoemde aspekte in ŉ meerdere of mindere mate.

Sewe navorsingsstrategieë word geïdentifiseer naamlik:

- Narratiewe navorsing.
- Gevallestudie.
- Etnografiese navorsing.
- Begronde teoretiese navorsing.
- Fenomenologiese navorsing.
- Politiese navorsing.

(Osmer 2008:627-659).

Hierdie studie se strategie kan beskryf word as ŉ kombinasie van begronde teoretiese navorsing en met betrekking tot rituele, fenomenologiese navorsing.

### 1.4.5. Tegniese prosedure vir navorsing van 'n fenomeen.

Hierdie navorsingsmetode poog om ŉ teorie te ontwikkel wat nader aan die konteks van die fenomeen wat ondersoek word, verwant is. *"It intentionally adopts a zigzag approach to research, moving back and forth between data gathering, analysis, and reflection several times over the course of the project."* Hierdie navorsing neem die vorm van tegniese prosedure aan met stappe wat Osmer (2008:645) soos volg beskryf:

- Stap een: Navorsers versamel voorlopige data deur gebruik te maak van onderhoude, deelnemer observasie en dokument analise.
- Stap twee: Navorsers analiseer die data deur te soek na opvallende kenmerke in die data deur middel van ŉ proses bekend as oop kodering, waartydens die data in voorlopige groepe gesorteer word.
- Stap 3: Nuwe data word versamel wat hierdie groepe suiwer en aanvul totdat nuwe relevante inligting na vore kom.
- Stap 4: Die navorser hergroepeer die kategorieë deur middel van ŉ proses bekend as *'axial coding'* waartydens die fenomeen beskryf word aan die hand van sekere kategorieë. Die kategorieë word geïdentifiseer deur die sleutel kenmerke wat die fenomeen beskryf en/of toevallige kategorieë wat die voorwaardes wat die fenomeen beïnvloed, beskryf.
- Stap 5. Die navorser lei vervolgens uit die gegewens ŉ basisteorie af vir die spesifieke veld. Die teorie kom uit die navorsing na vore eerder as wat dit die beginpunt is van die navorsingsontwerp wat die fenomeen wil ondersoek. (Osmer 2008:645).

Hierdie studie poog om die ruimte, omstandighede en metodiek waarvolgens geloofsvorming en geloofsoordrag plaasvind, te ondersoek en te bepaal of die skoolkonteks met al die moontlik aspekte noodsaaklik vir suksesvolle geloofsvorming teenwoordig is en of dit as medium vir geloofsvorming by kinders, wat nie in ŉ ander konteks soos kerk of huis aan godsdiens blootgestel word nie, kan aanvul en/of

vervang. Die doel is in kort om uit te vind of die skoolkonteks as 'n alternatief vir die kerk en huis as geloofsvormende ruimte kan funksioneer.

**1.4.6. Navorsingsplan.**

**1.4.6.1. Navorsingsmetode.**

Osmer (2008:676-684) identifiseer ses navorsingsmetodes:

- Onderhoude: Versameling van verbale data deur vraagstelling aan respondent en die gedetaileerde notulering van antwoorde.
- Observasie van deelnemer: Versameling van verbale en visuele informasie deur beskouing van gebruike en geleenthede terwyl die navorser self deelneem aan die gebeure en aktiwiteite. Die doelwit is om patrone te bespeur in die gewone interaksies van mense en gemeenskappe en uit te vind watter waarde en betekenisse hulle aan die gebeure en aktiwiteite heg.
- Analise van artefakte: Versameling van geskrewe dokumente soos berigte, kerkgeskiedenis, finansiële- en lidmaat inligting. Ondersoeking van objekte wat simboliese betekeniswaarde het soos prente en skilderye, kennisgewings, kerk kentekens, en ander tekens. Hoewel die navorser haar eie interpretasie oor bogenoemde artefakte maak, vra sy steeds mense in die binnekring watter waarde hulle aan die artefakte koppel.
- Ruimtelike analise: Ondersoek van die plasing en uitleg van die ruimtes waarin die organisasie bestaan. Dit mag insluit heiligdomme, die organisering van buite kantore en plekke van samekomste, die buite ontwerp van geboue en gronde.
- Demografiese analise: Die inwinning van informasie oor die spesifieke bevolking soos ouderdom, inkomste vlakke, geslag, opvoedingsvlakke, huis eienaarskap en indiensneming status. Hierdie inligting maak dit vir die navorser moontlik om 'n demografiese profiel op te trek en die inligting te gebruik om verskillende groepe met mekaar te vergelyk.
- Fokusgroepe: Versameling van verbale data met 'n groep van minder as tien kandidate oor 'n spesifieke tema, onder die leiding van 'n besprekingsleier. Fokusgroepe word gewoonlik saamgestel uit deelnemers met

ooreenstemmende demografiese gegewens (soos ouderdom, geslag en duur van lidmaatskap) sodat gesprekke makliker gefasiliteer kan word en data ingewin meer vergelykbaar is.

Hiervolgens is die navorsingsmetode van hierdie studie ʼn kombinasie van onderhoude en observasie van deelnemers.

Daar is vier stappe wat gevolg word om die data wat met bostaande proses ingewin word te verwerk (Osmer 2008:685-702). In terme van hierdie studie gaan die navorser die onderhoude elektronies opneem terwyl skriftelike notas gemaak word. Met betrekking tot die bestudering van liturgiese elemente word skriftelike notas gemaak. Hierdie data word dan geanaliseer om sin van die inligting te maak deur gebruik gemaak van die proses soos bespreek in 4.1.5. Data word gekodeer en in kleiner eenhede geplaas vir analise. Gekodeerde data word gevolglik in verskillende kategorieë gegroepeer sodat die gekodeerde data georganiseer kan word en met verskillende data-bronne vergelyk kan word. Nadat vergelyking plaasgevind het, kan bevindinge bekend gemaak word (Osmer 2008:707-714).

**1.4.6.2. Observasie.**

Vir hierdie studie gaan observasie belangrik wees. Michael Patton beskryf ses karaktereienskappe van goeie observeerders (Osmer 2008:752-754):

- Leer om aandag te gee.
- Maak beskrywende notas.
- Wees gedissiplineerd in die afneem van veldnotas.
- Weet hoe om belangrike aspekte en onbelangrike aspekte van mekaar te onderskei.
- Erken sterkpunte en beperkinge van eie perspektief
- Weet hoe om observasies te trianguleer en aanmekaar te koppel.

Met betrekking tot die identifisering en die triangulering van verskillende observasies, verwys Osmer na Patton se advies:

- Wees sensitief en bewus van die reeks emosies wat kandidate voor, gedurende en direk na die gemeente se aanbiddingsgeleentheid beskryf.

- Maak gebruik van video-opnames en van ŉ klein groepie deelnemers om na te dink oor hul belewenis van die sekere gedeeltes van die diens.
- Ondersoek geskrewe dokumente (soos die aankondiginge en liedere) wat tydens die dienste gebruik word.
- Keer op ŉ latere stadium weer terug na die heiligdom om die ruimtes en simbole te ondersoek.
  (Osmer 2008:754-756).

**1.4.6.3. Proses van onderhoudsvoering.**

Hierdie aspek gaan ŉ baie belangrike rol speel in die studie. Osmer (2008:761) gee goeie advies vir die onderhoudsvoerder. ŉ Goeie onderhoudsvoerder is ŉ goeie luisteraar wat spesiale aandag gee aan die verbale en nie-verbale response van die respondent. Osmer waarsku dat die onderhoude nie gejaag moet word nie en dat die onderhoudsvoerder versigtig moet wees om nie te veel te praat nie. Stilte dra baie potensiaal en gee die respondent geleentheid om goed na te dink voor ŉ antwoord gegee word. Die onderhoudsvoerder behoort ook sy/haar goedkeuring en aandag te demonstreer met goeie oogkontak, gesigsuitdrukkings, kopknikke en deur vorentoe of agtertoe te leun op die regte tye.

Vir die doel van hierdie studie sal gebruik gemaak word van beide gestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoude. By semi-gestruktureerde onderhoude word bedoel onderhoude waartydens beide oop-einde vrae en geslote-einde vrae gevra word in ŉ voorafbepaalde volgorde wat aangepas kan word binne die vloei van die gesprekke. Gestruktureerde onderhoude bestaan uit ŉ vraelys wat duidelike struktuur aan die onderhoud gee en bestaan uit slegs geslote-einde vrae (Osmer 2008:787-788).

Ammerman *et al.* (1998:204) gee die volgende raad vir die beplanning en uitvoering van ŉ onderhoud:

1. Skeduleer die plek en tyd vroegtydig, bevestig die afspraak die dag voor die tyd, moenie afsprake van langer as twee ure skeduleer nie en wees stiptelik.
2. Laat die kandidaat self die plek kies sodat hy op sy gemak kan voel, verkieslik ŉ plek waar daar min of geen afleidings teenwoordig is nie.

3. Maak seker klankopnametoerusting werk goed en is voor die tyd getoets.
4. Wees gereed met 'n lys van kwessies vir die onderhoud en 'n openingsvraag waarmee die gesprek ingelei kan word. Maak notas, selfs as daar van klankopnametoerusting gebruik gemaak gaan word, oor watter aspekte afgehandel is en wat nog gedoen moet word.
5. Begin die onderhoud met gemaklike en ontspanne algemene praatjies om die ys te breek. Wag vir 'n pouse wat die brug is vir die inleidende opmerkings oor die doel van die studie, jou rol daarin en die beveiliging van alle materiaal en identiteite van persone. Begin dan met die voorafbepaalde eerste vraag of stelling.
6. Maak van tyd tot tyd gebruik van foto's en ander konkrete voorwerpe om as stimulasie vir gesprekvoering te dien.
7. Fokus op spesifieke aspekte wat deur die kandidaat aangeraak is in plaas van vrae soos 'waarom' of 'wat bedoel jy' vrae.
8. Luister, luister, luister. Moenie advies gee nie en ook nie argumenteer of onderbreek nie. Motiveer die kandidaat deur telkens te glimlag en te knik, luister aandagtig, wees warm en vriendelik.
9. Wees versigtig vir vrae wat ongemaklikheid by die kandidaat kan veroorsaak of iemand anders verneder kan laat lyk of voel. Moenie skinderpraatjies aanhits nie, maar neem dit af indien dit spontaan opduik.
10. Gebruik inligting ingewin om ander se response na te gaan sonder om konfidensialiteit te verbreek. Laat die kandidaat weet presies wat jy weet en waarna jy opsoek is en gee geleentheid om die feite reg te kry.
11. Wees bedag op wat om jou aangaan gedurende die onderhoud soos byvoorbeeld hoe kandidate teenoor ander familielede optree. Let op na die gebruike soos gebed voor ete, simbole, literatuur en ander items teenwoordig.
12. Indien jy nie weet wie die persoon is met wie jy die onderhoud gaan voer nie, kry eers demografiese inligting oor die persoon voordat die onderhoud begin. Dit kan help om die relevansie van kandidate te identifiseer binne 'n gegewe konteks.
13. Toets vrae wat in die onderhoude gevra gaan word eers met iemand bekend soos 'n eggenoot of kollega. Dit help om die vrae te filter en te verfyn voordat met die proses begin word.

#### 1.4.6.4. Rol van literatuurstudie.

Ten einde relevante vrae vir beide gestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoude te identifiseer, word ŉ literatuurstudie in die volgende hoofstukke gedoen wat lig kan werp op spesifieke aspekte van geloofsvorming by kinders, die ideale konteks en atmosfeer waarin geloofsvorming plaasvind en die liturgiese elemente wat geleentheid bied vir geloofsoordrag binne die skoolkonteks.

#### 1.4.6.5. Rol van kwalitatiewe vraelyste.

Ten einde kandidate vir die semi gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude te identifiseer, word ŉ vraelys aan die hele graad 7 groep leerlinge voorsien, waartydens hulle geleentheid gegee word om tendense aan te dui rakende persoonlike geloofsvorming, die aspekte wat bydra tot hul persoonlike geloofsvorming en persone identifiseer wat in die verlede bygedra het tot hul persoonlik geloofsvorming.
Die data voortvloeiend uit die studie word vergelyk met die tendense soos gevind deur Avenant (2011) en Search Institute (1990). Die bedoeling is om die relevansie van hierdie studie en die vorige twee studies aan te toon.

Volgens Earl Babbie (2010:391) is die kuns om gesofistikeerde en betekenisvolle kwalitatiewe data analise te doen, te vinde in diep- en verbeeldingryke nadenke. Dit is nie noodsaaklik om van ingewikkelde statistiese-prosesse gebruik te maak nie, maar eerder die bereidheid om te soek vir patrone en die vermoë om betekenisvolle patrone raak te sien. In hierdie studie soek die navorser na spesifieke patrone wat dui op die teenwoordigheid van noemenswaardige geloofsvormende invloed wat in die skoolkonteks op die kind uitgeoefen word. Die reeds genoemde studies van Avenant (2011) en Search Institute (1990) dien as basis vir identifisering van vrae en tendense met die belangrike verskil dat kenmerke van die skoolkonteks getoets word (in teenstelling met Avenant en Search Institute wat op kerk gefokus het).

Een van die doelwitte van hierdie studie is om patrone te identifiseer. Babbie (2010:11) is van mening dat sosiale navorsing by uitstek hiervoor bedoel is. Die navorser maak gebruik van die deterministiese model van onafhanklike veranderlikes en afhanklike veranderlikes. As voorbeeld hiervan in die studie, dien geloofsvorming

as die afhanklike veranderlike en kerkbywoning as die onafhanklike veranderlike. Die geloofsvorming is die gevolg van die onafhanklike veranderlike (Babbie 2010:18). In die studie dien blootstelling aan rolmodelle en blootstelling aan liturgie ook as afhanklike veranderlikes. Die veranderlikes op die liturgiese vlak word deur die literatuurstudie geïdentifiseer. Soos reeds genoem maak die navorser gebruik van Search Institute (1990) en Avenant (2011) om sommige van die onafhanklike veranderlikes aan te dui soos byvoorbeeld ouers of predikante.

Aangesien die toetsgroepe van die studie uit ŉ klein hoeveelheid kandidate bestaan, kies die navorser daarvoor om self die data-analise te hanteer en nie van analitiese rekenaarprogramme gebruik te maak nie aangesien die proses, volgens Babbie, baie eenvoudig is: *"...writing and check marks on a questionnaire are qualitative in nature, a scribbled age is easily converted to quantitative data. Other data are also easily quantified: transforming male and female into '1' and '2' is hardly rocket science"* (2010:423). Die proses van identifisering van die toetsgroep word in meer besonderhede in Hoofstuk 5 bespreek.

Babbie (2010:423) meen dat navorsers hulle eie numeriese waardes kan opstel om spesifieke waardes aan sake soos politieke partye of streke toe te ken. In hierdie studie word ŉ somtotaal van spesifieke antwoorde gebruik om ŉ aanduiding te gee van geloofsvorming, invloed van ouers, invloed van liturgie en invloed van kerk op geloofsvorming. *"To conduct a quantitative analysis, researchers often must engage in a coding process after the data have been collected. For example, open-ended questionnaire items result in nonnumerical responses, which need to be coded before analysis"* (Babbie 2010:423). Die navorser behoort, volgens Babbie, ook die data van ŉ wye voorstelling te verminder na ŉ meer beperkte stel van kenmerke wat ŉ veranderlike voorstel (2010:423). Die metode wat die navorser ontwerp het vir die kodering van, en die analisering van data word in meer besonderhede by Hoofstuk 5 bespreek.

**1.5. Prakties-teologiese navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks.**

Sedert die politiese veranderinge in 1994, die breek tussen kerk en staat as gevolg van die politiese gebeure in 1994 en die veranderinge in die Hoër Onderwyswet in 1997,

is daar ŉ paar belangrike faktore om in ag te neem wanneer navorsing in Suid Afrika uitgevoer word, aldus Dreyer (2012:505-507). Erge armoede, ŉ hoë misdaadsyfer, werkloosheid, tekort aan basiese infrastruktuur in sekere gebiede en vlak van HIV infeksie is maar net ŉ paar hiervan. Daar is 11 amptelike tale wat ingewikkelde kommunikasieprobleme veroorsaak, om nie te praat van die kulturele en religieuse verskille nie. Dreyer verwys na die 2001 sensus waartydens sowat 79.8 Suid-Afrikaners hulleself geïdentifiseer het as Christene. Vyftien persent dui geen godsdiens aan nie en sowat 1,5 persent Islam, 1,2 persent Hindoe, 0.2 persent Judaïsme en 0.6 persent ander gelowe. Verder verwys Dreyer na ŉ onlangse studie wat deur die Pew Forum on Religion & Public life gedoen is, wat aandui dat sowat 82 persent van Suid-Afrikaanse burgers aandui dat hulle in God glo. Sowat 74 persent dui aan dat godsdiens baie belangrik in hul lewe is en 55 persent dui aan dat hulle minstens een keer per week ŉ kerklike diens bywoon.

Binne die perke van die navorsing wat fokus op ouderdomsgroep onder 14 jaar oud, is dit van groot belang om daarop te let dat dit vanuit die mees onlangse sensus (2011:23) se data opvallend is dat ŉ groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking, van ongeveer 28.5 persent wat dui op ongeveer 14.6 miljoen kinders, hulleself binne die ouderdomsgroep bevind. Dit is dus van kardinale belang dat kerk sowel as staat noodsaaklike hulpbronne kanaliseer om dié ouderdomsgroep te ondersteun.

## 1.6. Terme.

### 1.6.1. Kind.

Vir die doel van die studie, sal die navorser met die woord kind verwys na gelowiges op die weg na geestelike volwassenheid en sluit dit, ter vergemakliking in verwysing in die studie, die pedagogiese terme kleuter, kind en adolessent saam in as een term.

### 1.6.2. Onderwyser.

In hierdie studie verwys die term onderwyser na opgeleide persoon wat, weens ‘n formele aanstelling as pedagogiese begeleier en opvoeder by ŉ skool, waar

kommunikatiewe handelinge en konstante kontak met kinders op gereelde grondslag kan plaasvind, betrokke is.

### 1.6.3. Jeugwerker.

In hierdie studie verwys die term jeugwerker na opgeleide persoon wat, weens 'n formele aanstelling as geestelike begeleier en mentor by 'n skool, waar kommunikatiewe handelinge en konstante kontak met kinders op gereelde grondslag kan plaasvind, betrokke is.

### 1.6.4. Verwysing na geslag.

Ter wille van vereenvoudiging onderneem die navorser om die terme sy/hy en hom/haar af te wissel in die verwysings na 'n man of vrou. By die teenwoordigheid van die terme moet die leser dit gevolglik verstaan as verwysend na beide manlik en vroulik behalwe in gevalle soos byvoorbeeld by onderhoude, waar die geslag van die kandidaat duidelik aangedui is.

## 1.7. Die navorser se perspektief.

As pa van twee laerskool seuns en my betrokkenheid by laerskole op formele en informele vlak, is ek lankal reeds blootgestel aan die skoolkonteks. My vrou is 'n onderwyser by 'n laerskool en haar gesprekke met my oor geloofsake in die skool het my gesensitiseer vir die potensiaal van geloofsvorming in skole. As kind het ek self die meer positiewe as negatiewe impak van onderwysers in my lewe beleef en is gevolglik bevooroordeeld oor die potensiaal van die rol van onderwysers en jeugwerkers in die geloofsvorming van kinders. Dit sal 'n geldige stelling wees om te sê dat ek 'n baie gelukkige skoolloopbaan gehad het. My betrokkenheid by die gesinsbediening van die gemeente het my oë oopgemaak vir die groot behoefte wat bestaan vir alternatiewe geloofsmentors vir kinders. Ek het hoop vir 'n positiewe uitkoms van die studie suiwer vanweë my diepe besef van die noodsaaklikheid van 'n positiewe uitkoms.

Die woorde van Jesus soos opgeteken in Lukas 10:2 is nou so geldig soos toe: *"Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in."* Ek glo daar is baie saailinge in skole en onderwysers en jeugwerkers is potensiële arbeiders en die skool die nuwe kerk. Ek meen dat die skool potensieel al die aspekte van geestelike vorming, voortspruitend uit verhoudings tussen onderwysers/jeugwerkers en geestelike voeding en lering voortspruitend uit liturgiese aspekte, kan voldoen.

## 1.8. Samevatting.

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar 'n potensiële leemte bestaan in die proses waardeur kinders tot geloof kom en waardeur hulle begelei word op die pad na 'n lewende verhouding met Jesus Christus.

Die prakties-teologiese metode wat gevolg gaan word om die doelstelling te bereik, naamlik 'n uitgebreide literatuurstudie aangevul met 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe praktykstudie, is ook op die tafel geplaas. Vervolgens kyk die navorser in Hoofstuk 2, met die eerste literatuurstudie, na die verskeie aspekte wat in ag geneem moet word wanneer ons kyk na die proses waardeur kinders se geloof gevorm word.

# Hoofstuk 2.

# Geloofsvorming by kinders vanuit die perspektief van die Ontwikkelingsielkunde.

## 2.1 Agtergrond.

Dit is die navorser se tesis dat daar, in die huidige konteks in tradisioneel Afrikaanse skole in Suid-Afrika, heelwat kinders is wat glad nie meer by die huis of die kerk effektiewe blootstelling aan geloofsvormende omgewings of onderrig kry nie. Roehlkepartain *et al.* (2006:39) is van mening dat, by gebrek hieraan, daar ŉ groot leemte in die kind sal ontstaan met betrekking tot die motiveringsmeganisme wat die kind sal help om te streef na ontwikkeling en die soek na betekenis. *"Spiritual development is the process of growing the intrinsic human capacity for self-transcendence, in which the self is embedded in something greater than the self, including the sacred. It is the developmental "engine" that propels the search for connectedness, meaning, purpose and contribution. It is shaped both within and outside of religious traditions, beliefs and practices*" (Roehlkepartain *et al.* 2006:39).

Hiervolgens sal die verwaarlosing van geloofsvormende interaksie met kinders verreikende negatiewe gevolge inhou vir, nie net die kerk en Christendom nie, maar ook vir die samelewing as geheel. Roehlkepartain *et al*. gaan so ver as om te sê: "*...the evidence is growing that spiritual development is a vital process and resource in young people's developmental journey from birth through adolescence. Indeed, when human development marginalizes spiritual development, it does a great disservice to itself and to young people*" (2006:45).

Die vraag is of die moontlikheid bestaan dat die skoolkonteks genoegsame positiewe impak op geloofsvorming kan uitoefen om die leemte, soos hierbo na verwys, suksesvol aan te spreek. Vervolgens kyk die navorser na verskeie aspekte wat ŉ invloed het op die geloofsvorming van kinders wat in die skoolkonteks relevant is.

## 2.2 Sielkundige siening – ontwikkelingsielkunde.

### 2.2.1. Kognitiewe ontwikkeling.

Volgens Louw (1990:325-326) is sielkundiges dit eens dat die middelkinderjare (ongeveer sesde tot twaalfde lewensjaar) van kritieke belang is vir die kind se kognitiewe en sosiale ontwikkeling. Die invloed van die skool is in hierdie fase van groot belang en daar is 7 belangrike ontwikkelingstake wat die kind moet bemeester:

- Verfynde motoriese ontwikkeling verbeter.
- Vaslegging van geslagsrolidentiteit.
- Ontwikkeling van konkreet-operasionele denke.
- Uitbreiding van kennis en die ontwikkeling van skolastiese vaardighede.
- Uitbreiding van sosiale deelname
- Ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit.

Veral belangrik vir hierdie studie is die ontwikkeling van konkreet-operasionele denke en die ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit.

#### 2.2.1.1. Konkreet-operasionele denke.

Ginsburg en Opper (in Louw 1990:341) ontwikkel 4 riglyne vir die opvoedingsproses voortvloeiend uit Paiget se teorie van kognitiewe ontwikkeling en spesifiek die konkreet operasionele periode vanaf 6 tot 12 jarige ouderdom (Louw 1990:331).

- Eerstens leer ons dat taalgebruik van kind en volwassene verskil.
- Tweedens sien ons dat kinders leer deur te handel.
- Derdens sien ons dat kinders die meeste leer deur nuwe ondervindinge.
- Vierdens moet skoolkinders genoegsame geleentheid kry om te debatteer en te argumenteer, om sodoende te leer om hul eie tekortkominge raak te sien en ander se standpunte in te sien.

Vir die doel van hierdie studie is die tweede, derde en vierde elemente van uiterste belang. Kinders moet aktief betrokke wees by sekere geloofsaktiwiteite om effektief te leer. Dit sluit dan liefdeshandelinge en deelname aan liturgiese elemente in. Ons

moet moeite doen om kinders aan al die aspekte van Christenskap bloot te stel sodat daar konstant nuwe belewenisse is wat hulle kan prikkel om te leer. Die vierde aspek is vir die navorser die een aspek wat die grootste kommer wek. Hoe kan kinders oor geloofsake debatteer as hulle nie daaraan blootgestel word nie? Dit impliseer dat hulle uiters min of swak geloofsontwikkeling sal toon. Kinders moet juis blootstelling kry aan geloofswaarhede sodat hulle daaroor kan nadink, redeneer en debatteer om sodoende hulle eie denke te kan evalueer en ander se standpunte te kan insien.

Dieselfde geld vir morele ontwikkeling. Gebrek aan blootstelling aan die Christelike etiek tydens belangrike vormingsjare, kan negatiewe gevolge vir potensiële ontwikkeling in latere fases van morele ontwikkeling tot gevolg hê.

**2.2.2. Erikson se ontwikkelingsteorie.**

Aangesien baie van die perspektiewe ingesluit in Kohlberg se teorie oor morele ontwikkeling en gevolglik Fowler se fases van geloofsontwikkeling, Erikson se ontwikkelingsteorie in ag neem, verwys die navorser na Erikson se teorie, soos gevind in Louw (1990:61-66) en aangevul met Nauta (2001:93-97) se ritualiteit met lewensfases, voordat Fowler se teorie oor fases van geloofsontwikkeling hanteer word.

Erikson verdeel die lewensloop in agt stadiums. Elke stadium word gekenmerk deur ŉ krisis wat bestaan uit die uitloop van optrede binne tussen twee teenoorgestelde pole. Krisisse word geïnisieer deur ŉ spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing. Die krisis word nie opgelos deur eenvoudige keuse tussen twee pole nie, maar eerder ŉ sintese tussen die twee pole waardeur ŉ nuwe lewensituasie tot stand kom. Vanuit die nuwe sintese ontwikkel die volgende stadium se pole.

Indien die vorige fase se krisis suksesvol opgelos is, vergemaklik dit die hantering van die daaropvolgende stadium se teenstellings. Erikson se siening van ontwikkeling is dus dialekties van aard.

Nauta (2001:94) meen dat rituele ŉ verwysende en oriënteringsfunksie het en wat bestaan uit die skepping van die alledaagse wat te voorskyn kom in elke lewensfase.

Nauta verwys na Erikson wat gesê het dat die ritualisering van die alledaagse die kind help om in homself in te leef in wat normaal en gebruiklik is. Nauta (2001:94) verwys ook na Capps wat sê dat rituele die kreatiewe formalisering van die gemeenskap se lewe saam verteenwoordig. Nauta identifiseer agt variasies op rituele wat vervolgens saam met Erikson se ontwikkelingsteorie weergegee word.

#### 2.2.2.1. Stadium 1. Basiese vertroue teenoor wantroue (sintese: hoop). Eerste lewensjaar.

Die kind moet in hierdie fase 'n gevoel van vertroue verkry terwyl die gevoel van wantroue oorkom word. By geboorte beleef die kind die wêreld, in kontras met die baarmoeder, as koud en onveilig. Die moeder en die samelewing is normaalweg bereid om die kind te beskerm. Indien die kind nie hierdie veilige beskerming ontvang nie, sal die kind 'n basiese wantroue in die samelewing ontwikkel en 'n hopelose uitkyk op die wêreld hê. Erikson meen dat hoop as sintese deur die hele lewe van kardinale belang is (Louw 1990:62-63).

Begroeting is die sentrale ritualiteit van die fase. Erikson meen dat begroeting tussen moeder dien as openbaring van die heilige. Elke keer as die moeder die kind op die selfde wyse begroet en die kind op dieselfde voorspelbare manier reageer, bevestig sy haar eenheid met die kind en dien dit as die brug om skeiding te neutraliseer (Nauta 2001:94).

#### 2.2.2.2. Outonomie teenoor skaamte en twyfel (sintese: wilskrag). Tweede lewensjaar.

Die kind se uitdaging is om 'n gevoel van outonomie te ontwikkel terwyl die gevoel van skaamte en twyfel beperk word. Die kind ontwikkel liggaamlik vinnig en is nou tot heelwat meer motoriese bewegings in staat. Die samelewing stel hoër eise as vroeër en daar word doelbewuste pogings aangewend om die kind te motiveer om motoriese en liggaamsbeheer verder te ontwikkel. Soos wat die kind leer om te loop en beheer kry oor uitskeidingsfunksies, beleef hy al hoe meer die gevoel van outonomiteit. Daar is nou geleenthede vir sukses of mislukking en mislukking bring gevoel van skaamte en twyfel tot stand. As gevolg van die teenstelling van vryheid en

reëls in die fase, ontwikkel die kind ook 'n gewete. In die fase moet die kind met simpatie reggehelp word sodat selfvertroue nie geskaad word nie en hy, deur middel van geloof in homself, meer wilskrag ontwikkel (Louw 1990:63).

Die ritualiteit in die lewensfase is oordeel. Omdat ouers vir die kind omgee, is hulle verplig om die kind se optrede te skaaf deur middel van goedkeuring en afkeuring. In die proses van goedkeuring en afkeuring word die kind losgemaak van primêre afhanklikheid. Dit is byna soos om van tyd tot tyd geweeg en te lig bevind te word. Die waarskynlikheid is dat die kind, nou in kontras met die vorige fase se gevoel van verwelkoming, die optrede kan beleef as verwerping en oordeel. Die gevoel keer weer terug wanneer die kind as volwassene homself moet bewys as hy deel wil wees van nuwe sosiale gemeenskappe soos klubs of kerke (Nauta 2001:94).

**2.2.2.3. Inisiatief teenoor skuld (sintese: doelgerigtheid). Drie- tot sesjarige ouderdom.**

Die kind moet leer om inisiatief te toon en terselfdertyd die gevoel van skuld teen te staan. Die kind is nou heelwat meer beweeglik, en kan meer selfstandig optree. Sy kan voel asof sy die wêreld kan verower deurdat sy met meer mense in kontak kom en geleentheid kry om meer dinge te manipuleer. Geslagsrolle word aangeleer terwyl sterk met die ouer van ooreenstemmende geslag geïdentifiseer word. Seuns fokus meer op die materiële en probeer om op aktiewe wyse binne die sfeer van die wêreld en ander mense in te kom. Meisies fokus meer op sosiale verhoudings en word gekenmerk deur innemendheid. As gevolg van die kind se toetrede tot die wêreld, ontwikkel daar soms konflik as gevolg van die reëls teenwoordig in die samelewing en interpersoonlike verhoudings. Gevolglik kan daar skuldgevoelens ontwikkel indien die inisiatief wat geneem word om die wêreld en ander mense te betree en te betrek, negatiewe reaksies tot gevolg het. Die kind moet hier leer om skuldgevoelens te hanteer anders kan doelgerigtheid in die slag bly (Louw 1990:63-64).

Volgens Nauta is spel die ritualiteit van die fase en dramatisering en identifikasie dien as dinamiek. Die kind leer om te speel deur gebruik te maak van dramatisering. Hy hoor van die kontras tussen goed en sleg en identifiseer met die held as die versinnebeelding van die goeie. Deur die spelproses word die verhouding tussen die

gemeenskap en die individu belig en aangetoon deurdat die held se goeie gedrag beloon word met applous (2001:94-95).

**2.2.2.4. Arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (sintese: bekwaamheid). Ses jaar tot begin van puberteit.**

Die kind is daarop ingestel om sekere vaardighede, wat vir die volwasse lewe noodsaaklik is, te ontwikkel. Dit is belangrik om in die fase sukses te bereik of ten minste te beleef dat sukses bereik word. ŉ Belangrike element in die opvoedingstaak is om die kind geleentheid te gee om sukses in een of ander aspek van sy lewe te bereik om gevolglik ŉ minderwaardigheidsgevoel te bekamp. Kinders in die fase verkies om met maats van hul eie geslag te speel en te kompeteer.

Indien die fase suksesvol bemeester word, ontwikkel die kind ŉ gevoel van bekwaamheid wat selfvertroue tot gevolg het (Louw 1990:64).

Ritualiteit van metode kom nou na vore. Die kind leer hoe om gedissiplineerd en geordend op te tree. Die kind word blootgestel aan rituele (soos kamerverlaat en prysuitdeling) wat ten doel het om formalisering van gedagtes en optrede te kweek (Nauta 2001:95).

**2.2.2.5. Identiteit teenoor identiteitsverwarring (sintese: betroubaarheid). Adolessensie.**

Die adolessent beleef in hierdie stadium ŉ identiteitskrisis. Die krisis word geïnisieer deur puberteit se liggaamlike en psigiese veranderinge. Die identiteitskrisis word vermy deurdat die adolessent antwoorde op drie kern vrae kry:

- "Wie is ek?" Antwoord op die vraag gee sekerheid rondom haar eie eienskappe.
- "Tot watter groep/e behoort ek?" Antwoord op die vraag gee sekerheid oor haar sosiale identiteit.
- "Wat wil ek bereik?" Antwoord op die vraag gee sekerheid oor haar eie waardes en ideale.

Die vier vrae wat Erikson geïdentifiseer het toon opvallende ooreenstemming met Little (1968:43-47) se hartsroep van tieners (sien 2.6).

In 'n poging om die identiteitskrisis op te los, eksperimenteer die adolessent met verskillende moontlikhede, val dalk terug op vroeëre identifikasies, vorm hegte vriendskapsbande in groepsverband met die portuurgroep, vorm nuwe identifikasies, soek en identifiseer met helde en kom selfs in sommige gevalle in opstand teen die aanvaarde norme van die gemeenskap. Erikson verwys na die psigososiale moratorium wat 'n grasie tydperk is wat deur die samelewing aan adolessente verleen word as geleentheid en grasie om die identiteitsvinding met al die onstabiliteit en onsekerheid wat daarmee gepaard gaan, te akkommodeer. Psigososiale moratorium kan volgens Erikson selfs tot in volwassenheid strek (Louw 1990:64-65).

Die oplossing vir die identiteitskrisis lê in sintese tussen identiteit en identiteitsverwarring wat lei tot betroubaarheid. Die adolessent het die fase suksesvol afgehandel indien sy sekerheid het oor haar eie identiteit en daarmee tevrede is terwyl sy daarvan bewus is dat sy ook ander keuses kon gemaak het en dat daar ook ander potensiaal en moontlikhede in haar opgesluit is. Dit kom dus neer op keuse vir 'n spesifieke lewensuitkyk en lewenswyse terwyl sy 'n gevoel van aanvaarding en tevredenheid daaroor beleef (Louw 1990:64-65).

Die ritualiteit van die fase is debat wat noodsaaklik is voordat die kind 'n eie lewensbeskouing en eie ideologie kan ontwikkel. Debatvoering versterk die gevoel van solidariteit en oortuiging met die mense met wie sy identifiseer en waarmee sy die samelewing verken. Die gevaar is dat sy die bande te heg kan bou wat totalisering en afsluiting teen kritiek tot gevolg kan hê (Nauta 2001:95).

**2.2.2.6. Intimiteit teenoor isolasie (sintese: liefde). Vroeë volwassenheid.**

Die jong volwassene poog om 'n gevoel van intimiteit te verwerf en terselfdertyd die gevoel van isolasie teë te werk. Dit kom dus neer op die bou van 'n intieme verhouding met 'n ander persoon wat gewoonlik op die huwelik uitloop. Die jong volwassene ontwikkel te midde van die sterk identiteitsgevoel ook 'n gemeenskaplike

identiteitsgevoel met die lewensmaat. Dit sluit ook hegte vriendskapsverhoudings met ander mense in.

Die fase is suksesvol afgehandel indien die persoon ŉ algemene gevoel van liefde beleef as sintese tussen intimiteit en isolasie. Die bedoeling is om in ŉ wederkerige verhouding met iemand van die teenoorgestelde geslag te staan met wie die lewensiklusse van werk, voortplanting en ontspanning deel. Hierdie verhouding is tot voordeel van beide partye se verdere ontwikkeling en van die van die kinders wat uit so verhouding gebore word (Louw 1990:65).

Vriendskap en liefde word ge-ritualiseer. Die uitdaging en vreugde van samewerking word afgewissel met die vryheid van feeste en vakansietyd. Die jong volwassene ontdek nou hoe om vaste verhoudings te vestig deur van tradisionele rituele gebruik te maak (Nauta 2001:95).

**2.2.2.7. Generatiwiteit teenoor stagnasie (sintese: sorgsaamheid). Bestaan uit die grootste deel van volwassenheid.**

Die doelwit is om ŉ gevoel van generatiwiteit te bekom terwyl die gevoel van selfbeheptheid en stagnasie voorkom moet word. Generatiwiteit verwys onder andere na produktiwiteit, kreatiwiteit en kultuuroordrag. Die fase word gekenmerk deurdat die persoon homself besig hou met sake wat op die een of ander wyse homself en ander mense se lewens sal verryk, soos om die volgende generasie op te voed, sinvolle werk te lewer en produktief te wees met een of ander kultuuraktiwiteit. Die aktiwiteit van onderwysing en sorgsaamheid word ge-ritualiseer (Nauta 2001:87)

Die fase word suksesvol afgehandel indien die persoon geloof het in- en die sinvolheid van die lewe raaksien. Die persoon sien waarde in die menslike spesie en het hoop vir die toekoms van die mensdom (Louw 1990:65).

**2.2.2.8. Integriteit teenoor wanhoop (sintese: wysheid). Bejaardheid.**

Die bejaarde kyk met tevredenheid terug op haar lewe en gaan die dood met vertoue tegemoet. Die doelwit is om met integriteit die lewe te verlaat en wanhoop teë te

staan. Indien die persoon suksesvol is, ontdek sy ŉ vorm van wysheid wat die sintese tussen integriteit en wanhoop versimboliseer. Onsuksesvolle bereiking van die lewensfase het tot gevolg dat die bejaarde ontevrede met haar lewe is en die dood met vrees en wanhoop tegemoet gaan (Louw 1990:65). Die ritueel van die bejaardheid is afskeidneming. Die vermoë om afskeid te neem word geïnisieer te midde van die besef dat kragte aan die afneem is. Die doel en sin van die lewe word weerspieël in die ritualiseringsproses (Nauta 2001:96).

## 2.3. Geloofsontwikkeling.

Volgens Osmer (1990:213) is daar twee belangrike vrae wat gevra moet word rakende praktiese geloofsonderrig in die kerk. Eerstens, is daar spesiale eienskappe van gemeentelike lewe en individuele geloof waaroor die gemeente behoort te beskik, en tweedens, hoe voed die gemeente die ontwikkeling van prakties-teologiese nadenke van haar lidmate oor ŉ lang tydperk heen? Hierdie twee vrae bring volgens hom twee belangrike kwessies na vore.

Die eerste kwessie fokus op die ideale gemeenskap en die doelwit waarna gestreef word in terme van resulterende volwassenes wat die opvoeding tot gevolg het, of in ander woorde gestel, hoe die ideale volwassene behoort te 'lyk' in terme van houding, waardes en vermoëns nadat die persoon aan die een kant (van die kerk) in en aan die anderkant (van die kerk) uit is. Die tweede kwessie wat na vore gebring word behels die beskrywing van hoe die mense kennis inneem (leer) en hoe die vermoëns en styl van leer deur die loop van hul lewe verander.

Osmer (1990:213) is oortuig dat Fowler se werk oor geloofsvorming van baie groot waarde is as dit by die beantwoording van die tweede kwessie kom. Osmer (1990:218) is ook oortuig dat Fowler se werk ons help om insig te kry in hoe die mens se reflektiewe proses oor ŉ tydperk gestimuleer kan word. Daarom gee die navorser vervolgens ŉ bondige oorsig oor Fowler se teorie van geloofsvorming.

### 2.3.1. Teorieë oor morele- en geloofsontwikkeling.

Fowler (2006:35) getuig dat hy sy teorie oor die fases van geloofsvorming ontwikkel het te midde van noue kontak met Lawrence Kohleberg en dat Kohleberg se teorie van morele ontwikkeling (wat op sy beurt Piaget se teorie van morele ontwikkeling as wegspringplek gebruik het) (Louw:1990:359) groot invloed op die ontwikkeling van sy fases van geloofsvorming gehad het.

Volgens Fowler het Kohlberg se teorie die pad oopgemaak vir die aanvaarding van 'n nuwe manier van kyk na geloofsvorming: *"The growing influence of Kohlberg's theory of moral development and its pedagogical implications found strong acceptance in many Catholic schools across the nation and, indeed, the world. The educators who had claimed the structural development theory of Kohlberg, seeing its kinship to the natural law tradition, were primed to engage the emerging research and theory of faith development"* (Fowler & Dell 2006:35).

Hoewel Kohlberg se teorie heelwat kritiek ontvang het, veral omdat sy navorsing meer op mans van toepassing was en omdat hy net van mondelinge getuienis gebruik gemaak het (Louw 1990:361), is dit noodsaaklik om 'n oorsig te hê van Kohlberg se teorie vir die verstaan van Fowler se fases van geloofsvorming. Dit bied ook insig op die noodsaaklikheid van blootstelling aan geleenthede waarbinne die ontwikkeling van morele beginsels gestimuleer kan word.

### 2.3.2. Kohleberg se fases van morele ontwikkeling.

Kohleberg se fases van morele ontwikkeling kan vervolgens soos volg saamgevat word:

**Vlak 1: Prekonvensionele vlak.**

Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie.

Kind gehoorsaam reëls om straf te vermy.

Stadium 2: Naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntasie.

Kind gehoorsaam reëls om belonings of gunste te verkry.

**Vlak 2: Konvensionele vlak.**

Stadium 3: “Goeie seun/meisie” oriëntasie.

Kind gehoorsaam reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy.

Stadium 4: “Wet en orde” -oriëntasie.

Individu aanvaar reëls omdat sy haarself daarmee identifiseer en dit as noodsaaklik beskou vir die instandhouding van die samelewing.

**Vlak 3: Postkonvensionele vlak.**

Stadium 5: Sosiale ooreenkoms-oriëntasie.

Reëls word beskou as kontraktuele ooreenkomste wat ten doel het om die regte van die individu te beskerm en algemene welsyn te bevorder.

Stadium 6: Oriëntasie volgens universeel-etiese beginsels.

Individu tree op volgens selfgekose beginsels wat op universele waardes berus.

Kinders van ongeveer 4 – 9 jarige ouderdom bevind hulle tussen stadium 1 en 2. Die meeste adolessente bevind hulleself tussen stadium 3 en 4. Kohlberg reken dat slegs ʼn klein persentasie van volwassenes stadium 5 en 6 bereik (Louw 1990:360). Vanuit ʼn sosiale perspektief, is die fasilitering van morele ontwikkeling vir die ontwikkeling en instandhouding van sosiale strukture, reeds vanaf voorskoolse vlak van kardinale belang.

### 2.3.3. Fases van geloofsontwikkeling.

Osmer (1990:218) is van mening dat Fowler se werk oor geloofsvorming van waarde is om insig te verkry in hoe reflektiewe prosesse in die mens oor sy lewe heen gevorm en gevoed kan word. Sy werk werp lig op die maniere waarop gemeentelike onderrig kinders, tieners en volwassenes kan help om teologiese denke oor God te vorm wat in die kerk se tradisie en die skrif gefundeer is. Dit is duidelik dat Fowler se teorie dui op verskillende style waarop mense oor morele aspekte redeneer. Ouers en onderwysers kan insigte hierin benut om die style nog verder te ontwikkel. Die vermoë om oor prakties-teologiese sake te redeneer, gebeur nie vanself nie. Dit ontwikkel oor ʼn

tydperk te midde van 'n gemeente wat aktief in prakties-teologiese gesprekvoering in die wêreld betrokke is en waar lidmate oor 'n lang tydperk geleer word hoe om teologies oor God na te dink, hoe om morele norme en beginsels in verband met hul teologie te formuleer en hoe om die middele te gebruik om uit te vind hoe God verwag hulle in 'n sekere konteks en situasie moet optree.

**2.3.4. Fowler se teorieë van fases van geloofontwikkeling.**

Fowler & Dell (2006:36) erken dat, as gevolg van die ingewikkelde wisselwerking van vele veranderlikes, daar baie ander aspekte in aanmerking geneem moet word as gekyk word na die fases van geloofsvorming en die verandering wat dit oor tyd meebring. Hierdie aspekte sluit in biologiese groei, emosionele- en kognitiewe ontwikkeling, psigologiese belewenis, rol van godsdiens-kulturele simbole, betekenis, gebruike, ras en geslag. Hy waarsku ook dat die ontwikkeling van een fase na die volgende nie 'n outomatiese gebeurtenis of 'n noodwendigheid is nie. Dit impliseer dat volwassenes hulself kan bevind in fase 2 en 3. Die teendeel is ook waar dat 'n tiener haarself, as gevolg van verskeie faktore soos persoonlikheid, volwassenheid en blootstelling aan stimuli, reeds op fase 4 kan bevind.

**2.3.4.1. Ongedifferensieerde geloof: Geboorte tot ouderdom Twee.**

Fowler praat van 'n voorfase van geloofsontwikkeling. Hierdie fase karakteriseer gewoonlik die kind tot by spraakontwikkeling. Volgens Fowler begin hierdie fase alreeds in die baarmoeder (Goodman 2006:146).

Volgens Erikson se raamwerk vir ontwikkeling is hierdie fase gekenmerk aan die vestiging van basiese vertroue. Dit bied die basis vir alle verhoudings in die toekoms. "*In this first stage a pre-language disposition of trust forms in the mutuality of one's relationships with parents and other caregivers. This sense of trust offsets the inevitable anxiety and mistrust that result from the succession of cognitive and emotional experiences of separation and self-differentiation, which occur during infant development*" (Fowler & Dell 2006:36).

Die belewenisse wat die vorming van hierdie vertrouensverhouding fasiliteer is fisiese kontak en versorging, vokale en visuele interaksie, geritualiseerde interaksies wat met vroeë speelsheid geassosieer word, voedingsessies, oppassing en die ontwikkeling van interpersoonlike affektiewe sensitiwiteit in die kind se verhouding met die versorger. Dit is 'n uiters belangrike fase aangesien gebrek aan die vorming van goeie vertrouensverhoudings in die fase in die toekoms gekenmerk word deur angstigheid en wantroue (Fowler & Dell 2006:36-37).

**2.3.4.2. Intuïtief- Geprojekteerde geloof: Kleuter tot vroeë kinderjare.**

Hierdie fase word gekenmerk deur vinnige fisiese-, brein en kognitiewe ontwikkeling en groei. Goeie dieet en stimulasie vir kognitiewe en breinontwikkeling is van kritiese belang. Volgens Piaget is die kind nou besig om met simboliese en verteenwoordigende spel te eksperimenteer. Vir Erikson is die belangrike saak die ontwikkeling van outonomie teenoor skaamte/twyfel (Fowler & Dell 2006:37-38).

Vandat die kind begin om van taal gebruik te maak om oor die self en objekte in die wêreld te kommunikeer, ontwikkel 'n styl waarby betekenis aan sake gegee word op grond van 'n emosionele en perseptuele ordening van belewenisse. "*Imagination, not yet disciplined by consistent logical operations, responds to story, symbol, dream, and experience"* (Fowler & Dell 2006:38). Geloof word gevolglik ook op simbole en beelde van sigbare krag en grootte gebaseer. Die verhale wat die kontras tussen goed en sleg (Dawid en Goliat/Simson) voorstel word gekoester. Hierdie beelde maak dit vir die kind moontlik om die drange en impulse wat hulle beleef te erken en te simboliseer. Hulle kan ook nou identifiseer met karakters wat oor die slegte in die wêreld geseëvier het. In die fase kan die kind diep gevoelens van vrees, skuld en ook liefde en kameraadskap koppel aan kragtige religieuse beelde (Fowler & Dell 2006:38).

**2.3.4.3. Mities-Letterlike geloof.**

Fisiese en brein ontwikkeling van kinders in middelkinderjare en verder het teen 7 jarige ouderdom ver gevorder. Die brein is ongeveer 90% van die volwasse se massa, fyn motoriese en klein-spier beweging is goed ontwikkel. Volgens Piaget se teorie is

die kind nou in die fase van Konkreet Operasionele Denke wat dit moontlik maak vir die kind om stabiele vorme van interpretasie en skepping van belewenisse en betekenis te skep. Die kind kan nou oorsaak en gevolg duidelik verstaan (Fowler & Dell 2006:38).

In die mities-letterlike fase kan die kind nog nie sy gevoelens konsekwent beleef nie. Die kind is betrokke in die proses om sterk gevoelens en impulse te erken en te interpreteer. Gevolglik skep die kind God nog nie op grond van spesifieke persoonlike terme nie. Die kind sal nog nie spesifieke hoogs gedifferensieerde interne emosies en interpersoonlike sensitiwiteite aan God toeskryf nie. *"In making sense of the larger order of things, therefore, this stage typically structures the ultimate environment — the cosmic pattern of God's rule or control of the universe — along the lines of simple fairness and moral reciprocity. God is often constructed on the model of a consistent and caring, but just, ruler or parent."* In hierdie fase sien mens gereeld 'n begrip vir kosmiese regverdigheid aan die werk. Die kind glo dat goeie werke beloon word en slegte dade gestraf gaan word (Fowler & Dell 2006:38-39).

Die kind sal in die fase gewoonlik van die narratiewe gebruik maak om sin van betekenis te maak. Dit is veral belangrik om te besef dat die fase noodsaaklik is vir vestiging van sin in die lewe. Uitgebreide analitiese of sintetiese nadenke vind egter nie in hul verhale plaas nie. Hulle sal gevolglik nie van bo af in hul situasie inkyk en probeer verstaan waarom dinge gebeur het, waarheen hulle nou op pad is, of wat die dieper betekenis van die gebeure is nie. Dit is van waarde om te besef dat kinders soms aan die einde van die fase tydelik ophou om in God te glo aangesien hulle met skok en teleurstelling tot die besef gekom het dat oorsaak en gevolg nie noodwendig waar is as dit by goed en sleg kom nie. Met ander woorde, slegte dinge gebeur soms met goeie mense en slegte mense kry nie noodwendig hul loon nie. Fowler praat van die term "11-year-old atheists" om na die verskynsel te verwys (Fowler & Dell 2006:39).

Die mities-letterlike fase inisieer en ontwikkel die ontstaan van nadenke oor die belewenis en idees van geloof. Fowler & Dell (2006:39) verwys na Gilligan se perspektief dat meisies vroeër as seuns tot op hierdie vlak vorder, veral omdat hulle vroeër 'n belangstelling toon in interpersoonlike verhoudings en oor die taalvermoë

beskik om die vordering te fasiliteer. Dit veroorsaak dat hulle vinniger bewus word van hul emosies en hul interpersoonlike verwantskappe. "*This can mean that girls may give attention to the dynamics of relationships earlier than do boys, bringing both greater sensitivity, on the one hand, and more ease in both managing and manipulating interpersonal relations, on the other.*" Dit is gevolglik belangrik dat kinders in die oorgangsfase begelei word op die weg na 'n meer realistiese geloof. Ouers, die kerk en in terme van die studie, die skool, behoort aktief begeleiding aan kinders in en deur die fase te gee. Gebrek aan voorbeeld kan katastrofiese gevolge tot gevolg hê. Anders gestel, gebrek hieraan kan baie maklik verduidelik dat mense net eenvoudig nie meer wil glo nie en dat ons met 30 jarige "11-year-old atheists" sit.

**2.3.4.4. Sinteties-Konvensionele geloof.**

Met die aanbreek van die fisiese en emosionele veranderinge wat adolessensie kenmerk, breek 'n nuwe fase van veranderende kognitiewe funksionering en vernuwende perspektiewe op interpersoonlike verhoudings ook aan. Fowler en Dell (2006:39) klop by Piaget aan oor die fase: *"With the emergence of early formal operational thinking (Piaget), a young person's thought and reasoning take wings. Capable of using and appreciating abstract concepts, young persons begin to think about their own thinking, to reflect upon their stories, and to name and synthesize their meanings."*

In die fase kom die onderlinge interpersoonlike perspektief na vore wat beskryf kan word met: "Ek sien jy sien my en ek sien die ek wat ek dink jy nou sien" en omgekeerd as "Jy sien jouself na aanleiding van hoe ek jou sien en jy sien die jy wat jy dink ek nou sien." Hierdie perspektiewe op die omgewing en die self kan jongmense uiters sensitief maak vir wat hulle blykbaar vir ander beteken en die self-evaluasie wat dit inhou. Tieners maak hulleself in die stadium oorafhanklik van ander se goedkeuring (Fowler en Dell 2006:39).

Omdat die persoonlike wêreld so belangrik is, konstrueer die adolessent 'n uitstaande persoonlike wêreld wat oorvloei in hoe hulle God beleef en sien. God verteenwoordigings kan saamgevoeg word met persoonlike kwaliteite van die aanvaarding van liefde, begrip, lojaliteit en ondersteuning gedurende 'n tyd van krisis.

"*During this stage youths develop attachments to beliefs, values, and elements of personal style that link them in con-forming (forming with) relations with the most significant others among their peers, family, and other nonfamily adults*." Die adolessent voel hul eie identiteit, geloofsake en waardes sterk aan. Wat elke ouer seker baie frustreer is dat hulle op die stadium hulleself eerder met die stilswyende as die eksplisiete vereenselwig en hulle wêreldbeeld word eerder geleef en toegepas. Mettertyd begin hulle wel om krities en reflektief oor hulleself te dink en te praat (Fowler en Dell 2006:39).

Fowler en Dell (2006:40) wys daarop dat die adolessent op die stadium in die sinteties-konvensionele fase steeds nie ŉ derdepersoon-perspektief kan inneem nie. Dit kom daarop neer dat dit moeilik is om beide hulself en die ander in ŉ enkele beeld saam te voeg en te beoordeel. Dit beperk die vermoë om te groei in objektiwiteit in interpersoonlike verhoudings en impliseer dat die adolessent eenvoudig nie hul interpersoonlike verhoudings met ander suksesvol kan beoordeel nie. *"In the synthetic-conventional stage the young person or adult can remain trapped in the "Tyranny of the They"—that is, an overdependence on the mirroring and evaluations of influential significant others."*

Dit sal gevolglik vir die persoon moeilik wees om hul verhouding met God te evalueer en die persoon kan gevolglik maklik hul negatiewe belewenis van ander se oordele van hulself op God projekteer. Dit impliseer dat persone in die fase konstant besig sal wees om God se guns te probeer wen en optrede sal toon wat kenmerkend is van gedrag wat probeer om God se liefde en goedkeuring te verdien.

**2.3.4.5. Individuatief-Reflektiewe geloof.**

Daar is twee belangrike kentekens wat die fase identifiseer. Eerstens het die persoon die vermoë ontwikkel om krities oor die waardes, wat sy glo en wat sy as haar perspektief komende uit die Sinteties-Konvensionele fase aanvaar, na te dink en dit in die nuwe fase te herevalueer. Dit is ŉ pynlike proses aangesien die waardes en aanvaarde norme vir optredes diep in die gemoed gesetel is. Tweedens moet sy ŉ eie identiteit en eie waarde wat onafhanklike oordele oor individue, institusies en wêreldsiening kan lewer, ontwikkel. Wat dit juis moeiliker maak, is dat sy die

evaluasie moet deurgaan terwyl sy eintlik steeds gevestig is in die wêreldbeeld wat haar in die vorige fase geanker het (Fowler en Dell 2006:41).

**2.3.4.6. Konjunktiewe geloof.**

Die fase word gekenmerk deur die ŉ volwasse denker wat besef dat verskillende tipes waarhede vanuit verskillende perspektiewe geïdentifiseer kan word. Geloof moet die spanning tussen die vele perspektiewe handhaaf en balanseer. In die fase word sin gemaak van paradoksale verskynsels teenwoordig in godsdiens en geloof. Hiervolgens moet daar balans en aanvaarding wees *"In Christianity, for instance, God is seen as all-powerful and yet God limits the divine expression of power in granting humans agency and freedom. And though the sovereign of history, God took on the humble and lowly form of a human man who permitted himself to be put to death at the hands of other humans"* (Fowler en Dell 2006:41).

Hierdie kennis en geloof konstrueer in die gelowige 'n ingewikkelde vertroue en toewyding deur die vermoë te ontwikkel om paradoksale spanning te kan handhaaf. *"Other paradoxes that are dealt with in this stage include the realities that one is both old and young, with both masculine and feminine qualities, conscious and unconscious, and intentionally constructive and well meaning while at the same time being unintentionally destructive in some aspects of life and community membership"* (Fowler en Dell 2006:41).

Kenmerke van gelowiges in hierdie fase sluit in beginselvaste belangstelling en oopheid ten opsigte van waarhede in ander godsdienstige tradisies en kulture wat impliseer dat daar ŉ bereidheid is om in dialoog met mense van ander gelowe en kulture aan te knoop met die hoop dat dit ŉ verdieping in hul eie verstaan en geloof van tradisies tot gevolg sal hê. Hierdie vermoë veroorsaak dat die gelowige die behoefte het om te soek na nuwe maniere om in verhouding tot God, ander en die self te staan (Fowler en Dell 2006:41).

### 2.3.4.7. Universaliserende[1] geloof.

By die bereik van die fase is die gelowige gesteld op die skepping en om te wees/te bestaan as geheel. Sake soos nasionaliteit, sosiale klas, geslag, ouderdom, politiese ideologieë en religieuse tradisie maak vir die gelowige, in die groter prentjie, nie meer saak nie. *"In this ultimate stage of faith, the self is drawn out of its own self-limits into a groundedness and participation in one's understanding of the Holy. Those once seen as enemies may be understood also to be children of God and deserving of unconditional love"* (Fowler en Dell 2006:42). Die bose van alle tipiese en in alle vorme word aktief met nie-aggressiewe optrede teengestaan wat lei na aktivistiese optrede wat poog om negatief sosiale kondisies te verander as deel van die universele siening dat alle lewe voortspruitend is uit God se liefde en geregtigheid. Die gelowige is op die stadium daarop gefokus en passievol dat die hele skepping God se goedheid moet manifesteer en dat die hele mensdom in eenheid en vrede moet saamleef. Fowler en Dell (2006:42) reken dat daar min individue is wat hierdie fase bereik en noem Aardsbiskop Desmond Tutu as ŉ voorbeeld in die Suid-Afrikaanse konteks.

### 2.3.4.8. Toepassings vir Fowler se fases van geloofsvorming.

Keely (2010:26) meen dat daar ŉ paar sake is wat in gedagte gehou moet word as die kerk die insigte van Fowler se teorie wil benut:

- Dit is belangrik dat gelowiges hul geloof aan mekaar en veral aan kinders moet artikuleer.
- Bybelverhale is van kardinale belang om kinders te begelei na die besef dat geloof baie meer as net ŉ stel reëls of morele lesse is.
- Lidmate van alle ouderdomme in die geloofsgemeenskap moet weet dat hulle ŉ belangrike plek in die gemeenskap het deur elkeen se behoeftes aan te spreek.
- Die huis is van kardinale belang vir geloofsvorming in die vroeë kinder- tot adolessente jare.

---

[1] Nota oor gebruik van die term 'Universaliserende' geloof. Vertaal vanaf 'universalizing faith' wat as werkwoord gebruik word. Daarom kan universele geloof (gebruik as byvoeglike naamwoord) wat normaalweg as vertaling vir die fase van geloofsvorming gebruik word, nie as akkurate vertaling gebruik word nie.

- Fowler se fases van geloofsvorming word die beste beleef en gevorm in die gemeenskap as gevolg van blootstelling aan mense wat in dieselfde fase verkeer.

## 2.4. Geloofsvorming vanuit ’n teologiese perspektief.

Volgens Nel (2001:20) vervul die gesin ’n baie besondere hermeneutiese funksie.
Hy gaan so ver as om af te lei dat ouers bestaan sodat kinders tot verstaan kan kom.
In Deuteronomium 6:20-22 lees ons hierdie opdrag aan ouers:

> “Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalings wat die Here ons God vir u gegee het? moet jy hom antwoord: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige dade bevry toe Hy voor ons oë tekens en groot wonderdade gedoen het en rampe oor Egipte laat kom het, oor die farao en sy hele huis.”

Uit hierdie teksgedeelte is dit duidelik dat die ouer verantwoordelik is, nie net om met sy kind oor geloofsgetuienis te gesels nie, maar ook om vrae hieroor te beantwoord (Nel 2001:20). Dit skep ’n kringloop van getuig, verstaan en uitlewing. Dit is in wese ’n positiewe en konstruktiewe kringloop.

## 2.5. Die kind se potensiaal in die vormingsjare.

“*My thesis is that if you want your life to count for God’s kingdom, there is many viable ways to use your gifts, talents and resources. However, if you want to have the greatest possible impact (i.e., to achieve a lasting legacy of spiritual dividends), then consider employing those resources in ministry to young people”* (Barna 2003:14).

In kontras met wat Barna graag sou wou hê, is die realiteit dat die kerk vir duisende jare lank reeds die kind nie ernstig opneem nie, en gevolglik min aandag en tyd aan kinders spandeer. Teologies is min nagedink oor die rol en plek van die kind in die geloofsgemeenskap. Todd Whitmore maak die volgende stelling: “*There is no well-*

*developed social teaching on the nature of children and why we should care about and for them"* (Bunge 2001:4).

Kinders is juis meer beïnvloedbaar in hul vormingsjare. Gedurende die vormingsjare ontwikkel kinders hul besluitnemingsperspektief en patrone. Dit is dus ŉ kritiese ouderdom waarby kinders gehelp moet word om die vorming suksesvol te laat geskied (Barna 2003:32). Dit is in die tyd wat kinders ŉ sterk fondasie van geloof kan bou, of nie. Dit beteken vir dieselfde geld dat dit ŉ baie gevaarlike tyd is waar die kind verkeerdelik beïnvloed kan word. Die regte werkswyse en die regte mense wat met die kind werk, is van kardinale belang.

**2.5.1. Besluitneming oor geloofsposisie.**

ŉ Verstommende statistiek oor kinders se besluitneming rakende hul geloofsposisie, is dat die oorgrote meerderheid mense reeds voor die ouderdom van dertien hul besluit vir of teen die Christelike geloof gemaak het. Om die waarheid te sê, die kans is baie skraal dat ŉ kind tussen ouderdom 13 en 18 ŉ geloofskeuse sal maak. Net ses persent van alle meelewende Christene het hul geloofsbesluit as volwassenes gemaak. Die hoeveelheid meelewende Christene op ŉ gegewe tydstip is direk eweredig aan die persentasie kinders wat voor dertienjarige ouderdom ŉ besef van hul identiteit in Christus gekry het. Twee derdes van dertienjarige kinders is van mening dat hulle die hoofboodskappe en beginsels van die Bybel ken en nie hul kerngeloof in die toekoms sal verander nie. Dit beteken dat hulle in hul eie denke hulself afgesluit het vir nuwe geloofswaarhede en is gevolglik geslote vir nuwe Bybelse insigte (Barna 2003:34-37). Daar is na aanleiding van hierdie statistiek geen twyfel nie: die kerk se fokus moet op kinders onder die ouderdom van dertien wees.

**2.5.2. Primêre geloofsvorming vind plaas tot en met 13-jarige ouderdom.**

Jean Paiget, James Fowler en meer onlangs, brein ontwikkelingsteoretici, bevestig dat daar belangrike ontwikkeling in die brein plaasvind vanaf die vroegste stadium van ŉ kind se ontwikkeling (Goodman 2006:146). Dit sou dus gepas wees om van die geleentheid gebruik te maak om reeds vanaf die vroegste stadium werk te maak van ŉ

kind se geestelike ontwikkeling. Die opinie korreleer met Barna (2003:34-37) se navorsing.

ʼn Spaanse groep Jode, wat in geheim hul Joodse geloof behou het te midde van Christelike onderdrukking, het nie aan hul kinders die waarheid van hul geloof bekend gemaak voordat hulle dertien jaar oud was nie. Die rede hiervoor is dat die groep Jode geglo het dat die kind voor dertienjarige ouderdom nie volwasse genoeg sou wees om die geheim daaroor te kon hou nie. Ter selfde tyd het hulle geglo dat die kind nie later as dertien sy ware geloofsidentiteit moes leer nie, want dan sou die kind reeds gevestig gewees het in die "skyn" geloof (Salkin 2006:383).

Reeds lank voor die ontwikkeling van sielkunde het die Jode reeds in die vyftiende eeu en vroeër, dit as ʼn gegewe aanvaar dat kinders meer beïnvloedbaar is op jong ouderdom. Hulle het besef dat die kind nie te oud mag word voordat geloofswaarhede aan hom oorgedra kan word nie, aangesien die beïnvloedbaarheid van die kind skerp afneem in die adolessente jare. Hierdie gebruik om kinders voor die ouderdom van dertien geloofswaarhede te leer, wat baie sterk in die Joodse tradisie gevestig is, het klaarblyklik nie op die protestantse denke ʼn indruk gemaak nie.

### 2.5.3. Vorming van geloofsidentiteit.

Vanuit ʼn geloofsperspektief ontwikkel ʼn kind volgens James Marcia ʼn geloofsidentiteit in vier moontlike wyses:

1. Geloof word krities ondersoek en in besit geneem.
2. Geloof word krities ondersoek en verwerp.
3. Geloof word nie ondersoek nie en neem dit gevolglik nooit in besit nie, maar volg die geloof wat deur mens in gesagsposies geplaas is na (soos byvoorbeeld ouers).
4. Begin om hul geloof te herevalueer maar is nog nie gereed om ʼn besluit daaroor te neem nie en bly gevolglik in moratorium.

(Stonehouse 2006:100).

Hieruit kan ons sien hoe belangrik dit is dat ʼn kind sy geloofswaarhede evalueer om sodoende op die punt te kan kom om dit toe te eien as deel van ʼn eie identiteit. Ons

sien hierin ook hoe waardevol dit is om 'n geloof te hê om te evalueer. Dit is deel van die proses van wording terwyl ons groei in ons kennis van God en God se manier van doen (Stonehouse 2006:100).

### 2.5.4. Invloed van die gemeenskap op geloofsvorming.

Die gemeenskap is baie belangrik die kind se geloofsvorming. Sommige tradisies het lank reeds al die geloofsgemeenskap gesien as die voertuig vir die oordra van geestelikheid. Spiritualiteit kom ook tot uitdrukking in etiese en normatiewe optrede. Die effek wat spiritualiteit op die innerlike lewe van 'n kind het, kom te voorskyn in die uiterlike lewe van die persoon (Yust *et al.* 2006:9).

In die Joodse tradisie word dit aanvaar dat die geestelike lewe van 'n kind gevorm word deur die bestudering van die Torah, deur deelname in die rituele en gebedslewe van die geloofsgemeenskap en ook die deelname aan liefdadigheid (Shire 2006:44).

Daar is 'n objektiewe en subjektiewe aspek in godsdiensbelewing. Vanuit 'n objektiewe perspektief gaan dit oor hoe die kerk dit regkry om openbaring en geloofswaarhede binne die jeugkultuur te kan oordra. Vanuit 'n subjektiewe perspektief is daar drie vlakke:

1. Die religieuse bewussyn en die soeke na sin. Die kind word sensitief vir die goddelike en soek antwoorde op die vraag na die sin in die lewe.
2. Morele bewussyn. Die kind gryp na die perfekte of die absolute weens 'n idealistiese instelling. Dit kan oorloop tot 'n oormatige selfdrang of 'n beheptheid met 'n saak waarin tot die uiterstes toe gedryf sal word.
3. Behoefte aan bevryding en verlossing. 'n Krisis ontstaan wanneer die geweldige morele idealisme deur die realiteit van sonde vernietig word. Dit word opgevolg deur 'n soeke na bevryding. Op hierdie tydstip is die kind baie ontvanklik vir God se genade.
   (De Villiers & Prins 1984:137).

Die geloofsgemeenskap moet besef dat kinders tydens sekere fases behoeftes het wat bevredig moet word. Die geloofsgemeenskap moet gereed staan om die kind te vang en op te help met antwoorde en leiding op die pad na geestelike volwassenheid.

### 2.5.5. Invloed van groepsdinamika op geloofsvorming.

Sosiale interaksie is vir kinders baie belangrik aangesien self-evaluasie binne die portuurgroep plaasvind. Interafhanklikheid in die groep of vriendekring bied beskerming aangesien die groep saam nuwe dinge ontdek en soortgelyke gevoelens beleef. Wittenberg is van mening dat die groep waarin 'n jongmens haarself bevind, uiters belangrik is vir persoonlikheidsontwikkeling en groepskultuur. Binne die interpersoonlike konteks leer die kind watter van haar eienskappe belangrik is (De Villiers & Prins 1984:135).

Jongmense is geneig om hulleself te distansieer vanaf die gevestigde samelewing en soek dan na die 'in-wees' ervaring binne groepsverband. Konformering is noodsaaklik vir aanvaarding binne die groep. Die jeugkultuur is ingestel op die eksistensiele 'nou' ervaring van menswees (De Villiers & Prins 1984:136).

Groepe is ingestel op die informele, persoonlike en eksklusiewe ervaring. Groepe is ook ingestel op die nou en eksistensiële belewing en is gevolglik baie pragmaties.
Louw, soos aangehaal in De Villiers & Prins (1984:136), maak drie belangrike opmerkings oor die funksionering van jeuggroepe:

1. Waardes word deur middel van persoonlike kommunikasie oorgedra en korrekte optrede word nie outoritatief aangekondig nie.
2. Vriendekringe is die belangrikste raamwerk vir opinievorming.
3. Persoonlike ervaring is essensieel as dit by die evaluasie van norme en godsdienstige waarhede kom.

Daar is 'n paar afleidings wat hieruit gemaak kan word:

- Die begeleidingsproses tot volwassenheid moet hierdie konsepte in ag neem.
- Die kind moet kan ervaar dat die kerk sy opinie ernstig opneem.
- Persoonlike kommunikasie met die kind is van kardinale belang.
- Die kind moet geleentheid gegee word vir kritiese vraagstelling.
- Daar moet konkrete ervarings wees om seker te maak dat geloofswaarhede nie net abstrakte teorie bly nie maar as geloofswerklikhede ervaar word.

- Eksistensiele belewinge kan ingespan word om die kind te help om skrifwaarhede in haar wêreld te integreer.

Kinders sal gereeld die geselskap van hul ouers verlaat om eerder by 'n groep te wees. Dit beteken nie dat die kinders nie hul ouers nodig het, waardeer of lief vir hulle is nie. Dit is deel van die proses om onafhanklik te word en om dit te kan doen, moet kinders hulleself apart van hul ouers vestig. Die portuurgroep gee ruimte vir hierdie ontwikkelingstaak (Stewart 1989:21).

Dit blyk dat, indien 'n gebruik deur die groep aanvaar sou word, of selfs deur middel van begeleiding binne die groep sou ontwikkel, die groep die gebruik self in stand sal hou. Die groep kan dan as medium gebruik word om, te midde van 'n gedifferensieerde omgewing, die Bybelse waarhede oor te dra en te bekragtig.

**2.5.6 Invloed van groepsdruk op geloofsvorming.**

Eenvoudig gestel, is groepsdruk die term wat gebruik word om te verwys na die drang wat mense toon om in pleks van alleen, dinge saam met vriende te doen (Stewart 1989:9). Hierdie is 'n belangrike aspek vir die studie om in ag te aangesien die voorkoms van groepsdruk juis in skole onder kinders sterk funksioneer omdat meeste vriendskapsbande juis in skole vorm.

**2.5.6.1. Kinders leer by die groep unieke dinge.**

Tydens navorsing met apies is gevind dat 'n groep apies van dieselfde ouderdomsgroep mekaar dinge kan leer wat nie deur ouers aan die jong apies geleer kan word nie. Die groep is dus baie noodsaaklik vir sosiale ontwikkeling. Die studie toon aan dat beide ouerlike sorg en groepsaktiwiteite noodsaaklik is vir gesonde sosiale ontwikkeling (Stewart 1989:15).

**2.5.6.2. 'n Groep het 'n sterk kontrolerende funksie.**

Van meer belang vir die studie is dat groepsdruk baie effektief is in die bestuur van

dissipline en reëls van ŉ bepaalde groep. Hierin word ŉ positiewe vorm van kontrole gebruik aangesien die weiering van konformasie aan die reëls, uitsluiting uit die groep tot gevolg het. Weens die algemene behoefte aan aanvaarding binne ŉ groep, kies die meeste om eerder te konformeer (Stewart 1989:16).

Sherif het in 1935 ŉ eenvoudige ondersoek met beweging van lig gedoen waar hy gevind het dat mense meer geneig is om na mekaar te luister en te konformeer na die groep se siening, as om op ŉ eie siening te staan. Hierdie dinamiek vind veral plaas in dubbelsinnige situasies (Louw 1986:587).

Solomon Asch het soortgelyke bevindinge gekry deurdat ŉ proefpersoon opsetlik deur ŉ groep verkeerdelik beïnvloed was rondom die geskatte lengte van lyne. Die proefpersone het telkens die opinie van die groep gevolg ten spyte daarvan dat dit verkeerd was. Sowat 75% van die proefpersone het wel gekonformeer tot die siening van die groep afgesien daarvan dat die groep se opinie reg of verkeerd was. Die mate van vertroue wat die proefpersoon in die spesifieke groep het, het ŉ groot invloed of sy makliker sou kon konformeer tot die siening van die groep (Louw 1986:587).

Groepsdruk en konformasie binne die groep staan sentraal in die toepassing van die verwagtings van ŉ bepaalde gebruik of optrede. Groepsdruk kan ŉ belangrike krag wees wat die struktuur en rigting van optrede van individue, ook rondom geloofsvorming, bepaal.

Die doelwit is egter nie om van negatiewe kragte en motivering gebruik te maak om ŉ bepaalde agenda daar te stel nie, maar eerder om bestaande kragte binne die sosiologiese konteks te erken en ten goede te benut.

Die rol van opvoeding kan baie makliker geskied indien die kind se eie portuurgroep ŉ aandeel daarin het. Portuurgroepsdruk is ŉ kragtige middel wat benut kan word vir die gee van rigting in die kind se opvoeding.

Dus, as ŉ spesifieke gebruik geskep word binne ŉ bepaalde (portuur)groep, sal die groep die gebruik self instandhou. Dit impliseer dat ŉ groep, indien hulle ingekoop

het in gebruike wat in lyn is met spesifieke geloofswaarhede, die gebruike onderling in stand sal hou.

Geloofsvorming in skole het gewoon die potensiaal om meer effektief plaas te vind as geloof op sig self deur die groep aanvaar en instand gehou word.

#### 2.5.6.3. Portuurgroep en herevaluasie van geloofswaarhede.

Soos wat die kind ouer word, begin hy/sy die geloofswaarhede wat tydens die beginjare oorgedra is, herevalueer en selfs bevraagteken. Die kind begin dieper delf in die vraag rondom die ware betekenis van die lewe en probeer om ŉ beter verstaan rondom God te kry. Binne die portuurgroep word vrae gevra. Die groep daag mekaar uit rondom hul verstaan van die waarheid rondom God, geloof en hul eie kultuur. Almal word hieraan blootgestel. Tydens ŉ onderhoud met ŉ tienjarige seun, is ŉ nuwe insig verkry rondom die diepte wat hierdie vrae bereik het en die gevolglike begrip vir die realiteit. In die geval is die seun gevra hoe dit moontlik is dat God nie ŉ begin het nie. Die kind het geantwoord dat hy dit nooit sal verstaan nie, maar met die verrassende opmerking gekom dat hy dit wel kan glo omdat die Bybel dit so leer. Agtien maande later het die kind se ouers vertel dat hy egter begin vra het: "Hoe weet ons dit is waar?" (Stonehouse 2006:100). Hiervolgens is dit belangrik dat kinders deur die proses begelei sal word. ŉ Goed teologies begronde liturgiese omgewing en onderwysers/jeugwerkers wat belang stel in kinders se geloofsvorming kan van groot waarde wees om kinders in die fase te begelei.

## 2.6. Rol van onderwyser/jeugwerker by ontwikkeling van kind.

Volgens Louw (1990:354) speel die onderwyser nie net ŉ sentrale rol in skoolgaande kinders se leerervaring nie, maar is ook sentraal in byna elke faset van die kind se ontwikkeling. *"Die onderwyser fasiliteer leer, leer die kind sosiale vaardighede aan, bevorder selfondersoek by die kind en verbreed die kind se leefwêreld. Benewens sy taak om die kind met spesifieke leerprobleme te help, is die onderwysers dikwels 'psigoloog' vir baie kinders met huislike en persoonlike probleme."*

Benewens die feit dat onderwysers so sentraal staan in kind se ontwikkeling, moet die feit dat die onderwyser en jeugwerker die potensiaal het om baie tyd met die kind te spandeer, ook geartikuleer word. Die invloed wat 'n onderwyser op die kind het, is dus relevant genoeg om te aanvaar dat die onderwyser 'n redelike impak op die geloofsvorming van kinders uit kan oefen.

Dit blyk dat, selfs in terme van potensiële invloed op geloofsvorming van kinders, Shafer (1989:612), soos aangehaal in Louw (1990:352). se stelling lui helder: *"Of all the formal institutions that children encounter in their lives away from home, few has as much of an opportunity to influence their behaviour as the schools they attend."*

## 2.7. Identiteitsvorming in kinders.

Sara Little (1968:43-47) som die hartsroep van tieners in vier stellings op:

- " I want to be me"
- "I want to make a difference"
- "I want to be a part"
- "I want to love and be loved"

Hierdie stelling stel die vrese en drange van die kind op die voorgrond. Identiteitsvinding is een van hul grootste soektogte. Sara Little sluit hier nou aan by Erikson en ontwikkelingsteorie (reeds in 2.2.2 hanteer). Dit is duidelik dat verhoudings sentraal staan in die soeke na identiteit en dat die skoolkonteks 'n groot rol in suksesvolle identiteitsvinding te speel het.

Kenda Dean sê dat jongmense passie soek, in so 'n mate dat hulle iets soek waarvoor hulle selfs sal wil sterf (Burger 2007:438). Dit sluit aan by Little se argument dat kinders graag deel van iets wil wees. Natuurlik kan mens redeneer dat dit ook terugwys na *"I want to make a difference."*

### 2.7.1. Vorming van 'n eie identiteit.

Identiteitsverwarring by kinders moet ten alle koste vermy word. J.E. Marcia is van

mening dat ŉ kind wat aan identiteitsverwarring lei, aan niks verbonde is nie en probeer ook nie om ŉ verbondenheid te ontwikkel nie. Indien ŉ kind haarself verbind het aan sekere doelwitte en waardes, word geen identiteitskrisis ervaar nie (Louw 1990:463).

In ŉ Suid-Afrikaanse studie wat Thom in 1988 gedoen het, is gevind dat Afrikaans sprekende kinders, vroeër as hul eietydse Engelssprekende eweknieë, ŉ sekerheid van identiteit ontwikkel het. Volgens Louw (1990:465) is ŉ rede hiervoor die groter mate waarin Afrikaanse kinders gesosialiseer word om met die tradisionele waardes en norme te konformeer. Dit kan daartoe bydra dat die kind vroeër ŉ identiteit vorm omdat die kind sy identiteit volgens ouerlike en kulturele verwagtings vorm.

Kulturele gebruike het dus ŉ belangrike rol te speel in die vorming van die identiteit van kinders. Daar moet egter gewaak word om gebruike nie te sterk op ŉ kind af te druk nie, want die gevaar bestaan dat die kind in so ŉ mate geforseer word om te konformeer aan die waardes en norme, dat ŉ eie en unieke identiteit nie kan ontwikkel nie (Louw 1990:462).

ŉ Kind met ŉ suksesvolle identiteitsontwikkeling word gekenmerk deur:

- verdraagsaamheid teenoor die self en ander persone,
- ŉ vermoë om besluite te neem en uit te voer,
- realisering van vermoëns in ŉ beroep,
- moed om alleen en onafhanklik te wees,
- ŉ toekomsvisie en die vermoë om nuwe realiteite en konflikte te hanteer.

(Louw 1990:467).

Volgens Louw het identiteit te doen met ŉ konstante faktor in die mens se lewe met die oog op innerlike stabiliteit, eenheid en kontinuïteit. Ten diepste het die vraag na identiteit te doen met besondere verhoudings waarin die mens staan wat aan hom ŉ bepaalde geborgenheid en waarde verskaf sodat hy tot ŉ sinvolle bestemmingsbeantwoording kan kom.

ŉ Persoon moet ook voel dat hy waardeer, aanvaar en vertrou word om so die

identiteitsvorming aan te help. Dit help ook om sin te gee aan die doel van 'n mens se bestaan in bepaalde lewensverhoudinge (De Villiers & Prins 1984:131).

### 2.7.2. Ontwikkelingsdoelwitte vir middelkinderjare.

Aangesien die praktykstudie in die laerskool gedoen word, is dit relevant om na Melvin Levine se "12 developmental missions" vir kinders in die middel kinderjare te verwys soos aangehaal in Fowler & Dell (2006:38).

1. Om selfbeeld te voed en te onderhou.
2. Om sosiale aanvaarding, veral by die portuurgroep te kry.
3. Om individualiteit met konformiteit te versoen.
4. Om rolmodelle te identifiseer en te emuleer.
5. Om waardes te ondersoek.
6. Om suksesvol in die gesin te voel.
7. Om die vryheid en beperkinge van outonomiteit te ontdek.
8. Om kennis en vaardighede te ontwikkel.
9. Om met haar eie liggaam te rekonsilieer.
10. Om te leer hoe om vrese te hanteer.
11. Om die behoefte vir voedsel, seksuele drange, materiële dinge en die soeke na aandag te beheer en te beperk.
12. Om die self te leer ken en om selfbewussyn te ontwikkel.

Ook hier kan ooreenkomste met Erikson se teorie van ontwikkeling (sien 2.2.2) gevind word, hoewel dit meer uitgebrei is en meer aspekte van ontwikkeling in ag neem.

### 2.7.3. Rol van gemeenskap by identiteitsvorming.

Die gemeenskap het 'n groot rol te speel in die vorming van identiteit by kinders. Stonehouse argumenteer dat identiteit die beste gevorm word in die gemeenskap veral wanneer hulle in die gemeenskap verwelkom word om ten volle deel te neem aan die geloofsgemeenskap se aktiwiteite en wanneer hulle deur baie lede in die gemeenskap geken en erken word, want dan beleef die kind 'n gevoel van behoort-aan en identifiseer met die groep. "*They know themselves as Christians and possibly as a*

*certain kind of Christian. When the pressure is on to go against their Christian values, the young person's identity with that community of Christians and awareness that others share their values can strengthen their resolve to live out their values*" (2006:104).

Matteus het ook 'n gemeenskapsperspektief op identiteitsvorming. Deur betrokke te wees in die kommunikasie van die boodskap van verlossing, en hulself te wy aan die bevryding van ander, kan 'n persoon sy ware identiteit vind. Dit is volgens Bosch die boodskap wat in Matteus opgesluit is. Matteus is ook die skrywer wat die woord kerk, in die mond van Jesus in Sy vroeë bediening geplaas het wat verwys na die samekoms van mense wat in geloofsverhouding met mekaar staan (Bosch 1991:83-84).

Indien die kerk as die ideale medium uitgewys kan word om die kind te help om sy eie identiteit en roeping te vind, behoort die skoolkonteks vir dieselfde redes ook suksesvol as fasiliteerder vir identiteitsvorming optree.

**2.7.4. Rol van rituele by identiteitsvorming.**

Rein Nauta (2001:93) meen dat rituele die vermoë het om die persoon se norme, en waardes te versinnebeeld en dien ook as 'n middel om norme en waardes oor te dra. Soos wat die samelewing rituele beoefen, soos die viering van Paasfees en Oukersaand (Nauta noem dit 'sinterklaasavond'), word nie net die kultuur van die gemeenskap oorgedra nie, maar wys dit ook vir ons iets van wie ons is.

Rituele het ook 'n kommunikatiewe funksie wat ons help om uitdrukking te gee aan wat ons is en glo. Die deelname aan 'n ritueel impliseer 'n vermindering in sosiale afstand en verbetering van sosiale integrasie. Deelname aan rituele het gevolglik die effek dat die deelnemer voel dat sy deel is van iets groter en nie alleen bestaan nie. Nauta (2001:94) verwys, as voorbeeld waar kollektiewe identiteit deur die ritueel bevorder word, na die liedjie: "We are the champions" van die sanggroep Queen, wat deur 'n menigte mense gesing word wanneer die nasionale span 'n oorwinning behaal het.

## 2.8. Leerproses.

Aangesien die mens se geheue volgens die skema van Gagnè funksioneer, behoort enige georganiseerde leerproses aan te sluit by die beginsel. Hiervolgens leer ŉ persoon iets nuuts indien dit aangeheg kan word by kennis of ervaring wat die persoon reeds het. Wat mens ook al vir ŉ kind probeer leer, moet aansluit by iets wat die kind reeds weet. Dit gee die kind die geleentheid om ŉ houvas op die nuwe informasie te kry (Dingemans 1986:201).

ŉ Baie belangrike element van die leerproses is dat die persoon in beweging gebring moet word vanuit ŉ begin situasie op die weg na ŉ einddoel (Dingemans 1986:202). Groepsdruk kan by die aspek baie positief inspeel. Die ouer kinders in die skool wat reeds in die proses op weg is, motiveer die jonger kind om betrokke te raak by die proses en aktiwiteite deur middel van voorbeeld en gemotiveerdheid.

Die geloofsopvoeding is ŉ praktiese aanwysing vir die daaglikse lewe en ŉ inwyding tot die Tora met die oog op die lewenswyse wat die mens behoort te lewe. In die Joodse tradisie het ouers hul kinders onderrig in die verhale van Israel en die weg van die wysheid. Die leermetode het grotendeels bestaan uit die vaslegging en konsolidering van ou wyshede. Hiervolgens het sosialisering plaasgevind van een generasie na die volgende (Dingemans 1986:159). Indien die kind nie by die huis hierdie tradisionele oordrag van geloofskennis kry nie, behoort die kind op ŉ ander wyse en plek, soos by ŉ skool, blootstelling aan geloofswaarhede te kry.

Volgens Strommen & Hardel (2000:18) vind geloofsvorming plaas binne die familie, gemeente, gemeenskap en kultuur. Natuurlik is ons gewoond daaraan om te sien hoe kinders se geloof binne die kerk en by die huis gevorm word. Die skool in die gemeenskap is nog ŉ ruimte wat meer aandag as effektiewe ruimte vir geloofsvorming behoort te kry.

Die hervormers het ook die rol van die ouer en die huis van waarde geag vir die vorming van geloof by kinders. Nie net die ouerhuis was vir die hervormers belangrik nie, maar veral Luther het klem gelê op formele onderrig as medium om

geloofsvorming te bevorder. Die rol wat die Woord gespeel het was vir Luther van belang aangesien die Woord nie net gelees, gehoor en geglo moes word nie, maar ook verstaan moes word. Gevolglik het Luther baie moeite gedoen met oprigting van skole en universiteite waar kinders (en volwassenes) kon leer as deel van die proses van geloofsvorming (Burger & Weppener 2007:52).

Soos Luther het Zwingly ook baie klem gelê op onderrig om ŉ sentrale rol te speel in geloofsvorming. Calvyn het die opinie van Luther en Zwingly gedeel en gaan so ver as om te se dat lering fundamenteel is vir geloof in die drie-enige God. Hy het geglo dat instansies, institute en kerklike prosesse wat die lering van die kerk kan borg en begelei, noodsaaklik is vir hervorming van die kerk (Burger & Weppener 2007:53).

Hoewel onderrig vir die hervormers baie belangrik was om geloofsinsig oor te dra, het die onderrig steeds daarna gestreef om die katkisant te begelei na ŉ persoonlike geloofkeuse. Die kerk, huis en skool is vir hierdie doel ingespan (Burger & Weppener 2007:56).

## 2.9. Geloofsontwikkelingsdoelwitte soos gesien vanuit ŉ uitkomsgebaseerde perspektief.

Strommen en Hardel (2000:18 & 105) identifiseer 10 karaktereienskappe wat volgens hulle ŉ lewe van toewyding aan Jesus Christus, getuienis en diensbaarheid karakteriseer.

1. Vertroue in ŉ persoonlike Christus.
2. Begrip van genade en lewe in genade.
3. Gereeld in gemeenskap met God.
4. Demonstreer morele verantwoordelikheid.
5. Aanvaar verantwoordelikheid in die gemeente.
6. Demonstreer onvoorwaardelike en liefhebbende lewens.
7. Aanvaar verantwoordelikheid en is ook persoonlik verantwoordelik.
8. Vertoon ŉ hoopvolle en positiewe houding.
9. Neem deel aan die rituele van die Christelike gemeenskap.
10. Deelname in en aan sending en dienslewering.

Strommen en Hardel (2000:99) verwys na ʼn praktykstudie gedoen in die VSA waartydens die effektiwiteit van die geloofsvormende kragte teenwoordig in die geloofsoordrag-sisteem van Protestantse kerke getoets is aan die bostaande uitkomste. Die studie het aangetoon dat ouers wat hul geloofslewe verbaal en aktief uitleef, ʼn baie groot invloed op die effektiewe geloofslewe van hul kinders gehad het.

Bostaande tien eienskappe is van groot waarde in die formulering van die semi-gestruktureerde vraelyste en semi-gestruktureerde vrae tydens die persoonlike onderhoude.

## 2.10. Wenslikheid van blootstelling aan geloofsvormende konteks.


Peter Scales (2007:1-2) verwys na navorsing in 2003 in Amerika gedoen deur die Search Institute, getiteld: *"Search Institute Profiles of Student Life: Attitudes and Behaviors."* In hierdie studie, wat 148 189 adolessente reg oor die VSA betrek het, is die teenwoordigheid van hoë risiko gedragspatrone by adolessente wat by ʼn geloofsgemeenskap betrokke is teenoor adolessente wat nie by ʼn geloofsgemeenskap betrokke is nie met mekaar vergelyk. Die verhouding van belangrikheid van spiritualiteit vir die adolessente en die teenwoordigheid van hoë risiko gedragspatrone is ook in die studie met mekaar vergelyk.

Volgens die studie is adolessente wat by religieuse aktiwiteite betrokke is aansienlik meer vatbaar (39%) vir die ontwikkeling van goeie eienskappe as die wat minder betrokke is en minder spiritueel aktief is. Volgens Peter Scales (2007:1) bevestig die navorsing dat betrokkenheid by religieuse aktiwiteite ʼn noemenswaardige en positiewe impak het op die adolessent se gevoel van welsyn. Hulle is geneig om meer vir die gemeenskap om te gee, is meer geneig om positiewe verhoudings met hul familielede te bou en toon ʼn groter mate van beheer oor hulself.

Wat van groot belang vir die samelewing as geheel is, soos gesien in onderstaande grafiek (Scales 2007:3), is dat adolessente wat aan religieuse aktiwiteite deelneem en by geloofsgemeenskappe betrokke is, sowat 39% laer waarskynlikheid toon om betrokke te wees by hoë risiko aktiwiteite soos misbruik van dwelms, misbruik van

alkohol en antisosiale gedrag. Die voorkoms van skolastiese probleme het ook aansienlik verlaag by diegene wat by religieuse aktiwiteite betrokke was.

**Figuur 2.**




Hierdie statistieke toon aan dat die huidige situasie in die Suid-Afrikaanse konteks, waar religieuse aktiwiteite in skole afgeskaal word, nie 'n wenslike gebeurlikheid is indien skole die enigste bron van blootstelling aan religieuse aktiwiteite blyk te wees nie.

## 2.11. Afleidings gemaak vanuit literatuurstudie.

**2.11.1. Dit is noodsaaklik dat kinders blootgestel word aan stimuli wat geloofsvorming stimuleer en morele ontwikkeling fasiliteer.**

In die lig van die noodsaaklike kognitiewe ontwikkelingstake wat die kind moet bemeester in die middelkinderjare (2.2.1), en spesifiek in terme van konkreet-operasionele denke en die ontwikkeling van prekonvensionele moraliteit, is dit noodsaaklik dat kinders blootgestel word aan stimuli wat geloofsvorming tot gevolg sal hê. Indien nie, is die kans goed dat geloofsvorming in die kind nooit volle potensiaal sal bereik nie.

Christelike moraliteit is gegrond in onvoorwaardelike selfopofferende liefde. Morele ontwikkeling van kinders vind primêr plaas tussen ouderdomme 6 tot 12. Indien die kind nie blootstelling aan die belangrike Christelike etiese beginsel gekry het nie, is die waarskynlikheid dat dit spontaan op 'n latere stadium sal ontwikkel, uiters skraal. Medeskoliere en veral onderwysers en jeugwerkers behoort hul Christelike etiese beginsels in die skool uit te leef en te demonstreer, sodat kinders wat die blootstelling nie by die huis kry nie, geprikkel kan word met 'n hoër etiese kode. Gebrek hieraan kan verrykende gevolge vir die samelewing as geheel tot gevolg hê.

**2.11.2. Onderwysers en jeugwerkers behoort opgeleiding te ontvang in hoe om kinders se fisiese-, kognitiewe-, persoonlike-, en geloofsontwikkeling effektief te fasiliteer.**

Vanuit Erikson se ontwikkelingsteorie (2.2.2), Kohlberg se fases van morele ontwikkeling (2.3.2) en veral Fowler se fases van geloofsontwikkeling (2.3.4), is dit duidelik dat kinders met sensitiwiteit en omsigtigheid deur elke fase begelei moet word om gesonde en gebalanseerde ontwikkeling te fasiliteer. Hierdie begeleiding sal moeilik suksesvol geskied indien die kind nie blootgestel word aan opgeleide volwassenes nie. Nie net opgeleide volwassenes nie, maar volwassenes wat die taak vanuit 'n perspektief van roepingsbewustheid en uit liefde sal uitvoer.

**2.11.3. Die gebrek aan die teenwoordigheid en betrokkenheid van liefdevolle ouers in die kind se lewe het tragiese gevolge.**

Verskeie studies en bronne bevestig dat ouers die primêre rol speel in alle ontwikkelingstake van 'n kind (2.5). Die realiteit is dat die situasie heel moontlik reeds

in ’n bose kringloop verval het. Die kerk en gemeenskap sal hard moet werk om die siklus te breek. Tegelyke fokus op bemagtiging van ouers en gefokusde opvoeding direk aan kinders blyk die enigste antwoord te wees om die kringloop te breek.

**2.11.4. Kinders onder die ouderdom van 13 jaar behoort voorkeur te kry by bedieningsbeplanning.**

Hoewel elke fase van groot belang is vir die ontwikkelingstake van die kind, is dit duidelik dat die kind se behoeftes tydens die middelkinderjare, die grootste druk op die gemeenskap se menslike hulpbronne plaas. Die gemeenskap behoort hierdie fase as eerste prioriteit te sien.

Kinders beskik oor die vermoë om van ’n vroeë stadium in hul ontwikkeling besluite ten opsigte van geloofswaarhede te neem en dit as hul eie toe te eien (2.5). Die meeste kinders het reeds teen die ouderdom van dertien hierdie besluite geneem (2.5.2).

Vorming van geloofsidentiteit vind plaas op ’n jong ouderdom deur geloofswaarhede te evalueer. Evaluasie van geloofswaarhede is noodsaaklik voordat ’n kind die waarhede as haar eie sal toe-eien. Die rol van die gemeenskap by ’n kind se identiteitsvorming is groter indien die kind binne die gemeenskap geliefd voel, voel dat sy aan die gemeenskap behoort en met die gemeenskap identifiseer (2.5.4 & 2.5.5 & 2.5.6). Die skool kan as ruimte dien waar die kind hierdie blootstelling kry, veral in die geval waar die kind dit nie by die huis kry nie.

**2.11.5. Portuurgroepe behoort aktief binne die raamwerk van geloofsvorming benut te word.**

Die rol van opvoeding kan baie makliker geskied indien die kind se eie portuurgroep ’n aandeel daarin het (2.5.6). Die oordra van waardes en opinievorming geskied gemaklik binne die groep en help die kind om geloofswaarhede te evalueer. Groepe het ’n sterk kontrolerende funksie en unieke dinge word binne die groep geleer. Groepsdinamika en groepsdruk kan gunstig ingespan word in die oordra van geloofswaarhede en tradisie kan sterk binne die konteks funksioneer indien die groep inkoop in ’n bepaalde tradisie.

**2.11.6. Onderwysers/jeugwerkers blyk as plaasvervanger in die plek van die ouer as primêre opvoeder te kan dien.**

Psigoloë meen al jare lank dat onderwysers groot invloed het op kinders se ontwikkeling (2.6). Die kerk se tradisionele: "laat die kerk jou kinders leer" manier van geloofsvorming werk nie so effektief soos die natuurlike verhoudingsmatige leerskool van goeie vertrouensverhoudings soos gekenmerk in gesonde ouer-kind verhoudings nie. Dit het ook invloed op effektiewe geloofsoordrag in die skoolkonteks. Wat egter hier van belang is, is dat verhoudings sentraal staan. In die skoolkonteks is genoeg geleentheid waar vertrouensverhoudings tussen onderwysers/jeugwerkers en kinders opgebou kan word wat 'n aanvullende en selfs plaasvervangende rol in die plek van die ouers s'n in geloofsvorming van kinders kan speel. Hierdie potensiaal moet egter ontgin word deur die impak van die volwassenes op die kinders te verbeter, te ontwikkel en te bestuur.

**2.11.7. Die skoolkonteks bied die ideale ruimte vir identiteitsvorming.**

Na aanleiding van die argument in 4.2.2 (Stonehouse 2006:100), het skole 'n belangrike rol om te speel in die geloofsvorming van kinders wat gebrekkige blootstelling aan 'n geloofsvormende omgewing het (2.7). Kinders wat nie blootstelling aan geloofswaarhede en aspekte van geloofsvorming by die huis kry nie, het 'n groot agterstand en leemte in vergelyking met kinders waar die teendeel waar is. Indien 'n skool geleentheid bied vir blootstelling aan geloofswaarhede en aspekte van geloofsvorming, sal dit beslis vir enige kind en veral die wat beperkte blootstelling ontvang het, minstens van groot waarde en selfs van kardinale belang wees.

**2.11.8. Fowler se fases van geloofsvorming bied uitstekende praktiese toepassings vir die praktyk**

Na aanleiding van die beskrywing van Fowler se fases van geloofsontwikkeling (2.3.4) en Keely (2010:26) se identifisering van belangrike aspekte wat in die praktyk in ag geneem moet word (2.3.4.8), is dit duidelik dat die inhoud van Fowler se teorie

van geloofsvorming ŉ ryk bron van praktiese kennis vir die praktiese teoloog en die kerk inhou.

## 2.12. Samevatting.

In Hoofstuk 2 het die navorser gepoog om ŉ greep te kry op die proses van geloofsvorming by kinders gesien vanuit die oogpunt van die ontwikkelingsielkunde. Die navorser het ook die proses van geloofsontwikkeling ondersoek deur gebruik te maak van Fowler se fases van geloofsontwikkeling.

Daar is gekyk na verskillende aspekte wat invloed het op die kind se geloofsontwikkeling en identiteitsvorming, soos die rol van die gemeenskap, portuurgroep en onderwysers, om die potensiële impak van hierdie rolspelers te identifiseer en te evalueer. Dit is duidelik dat die skoolkonteks, vanuit ŉ ontwikkelingsteoretiese basis, die potensiaal het om ŉ noemenswaardige rol te kan speel op geloofsvorming by kinders.

Vervolgens kyk die navorser in Hoofstuk 3 na die rol wat die ouerhuis speel, wat deur verskeie kenners gesien word as die mees effektiewe ruimte vir geloofsontwikkeling van kinders, met die oog op ooreenkomste met die skoolkonteks te identifiseer.

# Hoofstuk 3.

# Die Ouerhuis as verwysingsraamwerk vir geloofsvorming by kinders.

Vir die doel van hierdie studie, maak die navorser gebruik van die impak van ouers op die geloofsvorming van kinders om 'n basis teorie te stel vir die ideale konteks vir geloofsvorming en oordrag. Die gedagte is om met hierdie insigte 'n vergelyking te maak met die ontdekkings van geloofsvorming in kinders in die skool konteks. Die rol wat ouers in die geloofsvorming van kinders se lewens speel, word gebruik as 'n templaat om te dien as vergelyking in die skool konteks. Perspektiewe op gesinsbediening bied ook kosbare insigte in die identifisering en opstel van vrae tydens die kwalitatiewe ondersoek.

Mark de Vries (2004:61) maak 'n insiggewende opmerking: Die meeste gelowige volwassenes wat steeds in kerkgemeenskappe betrokke is en hul geloof aktief in die wêreld uitleef, het een ding in gemeen: Hulle kom uit gesinne waar hul ouers meelewend in die kerk en gemeenskap was. Ouers wat hul geloof aktief met woord en daad uitleef en meelewend in hul geloofsgemeenskappe is, se kinders is meer waarskynlik om dieselfde positiewe uitlewing van hul geloofslewe te toon as die wat nie aan so 'n ouerhuis blootgestel is nie. Die statistiek wat volg ondersteun hierdie opmerking.

## 3.1. Invloed van ouers op geloofsvorming van kinders.

In 1990 het die Search Institute in Minneapolis, Minnesota 'n studie gedoen met die naam: "Effective Christian Education: A National study of Protestant Congregations," oor die mees betekenisvolle religieuse invloed in jongmense se lewens. Volgens die studie is ouers minstens 2 tot 3 maal meer invloedryk in die geloofsvorming van kinders as die kerk se beste jeugprogramme.

| | **Invloed op Seuns** | **Invloed op Dogters** |
|---|---|---|
| Ma | 81% | 74% |
| Pa | 61% | 50% |
| Jeug-Leraar | 57% | 44% |
| Oupa/ouma | 30% | 29% |
| Sondagskool | 26% | 26% |
| Jeuggroep | 24% | 25% |
| Kerkkamp | 20% | 28% |

(Holmen 2005:43)

Daar is nogal baie hartseer afleidings wat ons hieruit kan maak, maar vir die doel van die oefening, slaan Barna (2007:xvii) die spyker op die kop: *"....one of the lessons that emerged from research on which my earlier book was based, was that churches alone do not and can not have much influence on children. In fact, the greatest influence a church may have in affecting children is by impacting their parents."*

Hierdie navorsing, hoewel in Amerika gedoen, toon sterk ooreenkomste met Afrikaanssprekende gemeentes soos deur Avenant (2011:114) bevestig deur soortgelyke navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks. Avenant het gevind dat, soos in Search Institute se bevindinge, die ma die grootste invloed gehad het gevolg deur die pa. Die twee saam het by ver die grootste impak op geloofsvorming van kinders en het in die Suid-Afrikaanse konteks ook ongeveer 2 tot 3 keer groter invloed gehad as al die ander invloede.

Anderson (2009:19) vergelyk die rol van ouers in die geloofsvorming van kinders met die "Great Commision" (Matt. 28:18-20) deur te argumenteer dat die kerk skuldig is aan "The Great Ommission." Die kerk dra primêr die skuld dat ouers nie meer verantwoordelikheid neem en betrokke is in die geloofsvorming van hul kinders nie, omdat die kerk soveel programme en strukture daar gestel het wat ouers en kinders van mekaar verwyder, dat die ouers voel hulle is nie goed genoeg vir die taak van geloofsvorming nie. Ouers het die houding van 'laat dit eerder vir die kerk'. Anderson argumenteer verder dat die kerk nie sinvol sal kan vernuwe sonder om die noodsaaklikheid van die ouer se rol in ag te neem nie.

Effektiwiteit word gemeet aan resultate. In die kerk is die resultaat waaraan alles gemeet word seker saamgevat in dissipelskap. Barna (2007:8-9) se navorsing, gedoen in die VSA met 'n nasionaal verteenwoordigende toetsgroep van kinders tussen die ouderdomme agt en twaalf, oor die tradisionele bedieningstyl se resultate lyk soos volg:

- Net soveel as 19% kinders glo hulle het die verantwoordelikheid om teenoor hulle maats te getuig.
- Minder as die helfte sê dat hulle geloof vir hulle belangrik is.
- 8 uit 10 glo dat mense hul toegang tot die hemel kan verdien.
- Net 4 uit 10 glo dat hulle God met hul hele wese lief moet hê.
- Net 6 uit 10 glo dat God verantwoordelik was vir die Skepping.
- meeste kinders het geen voorneme om kerk by te woon as hulle in hul twintigs is nie.

Bostaande statistieke het veroorsaak dat die kerk haar bedieningstyl en spesifiek die effektiwiteit daarvan, herevalueer. Daar is tot die slotsom gekom dat ouers in 'n beter posisie is om geloofsoordrag by kinders te fasiliteer.

Reggie Joiner van Think Orange, maak die stelling:

> *There are two powerful influences on the planet- the church and the home. They both exist because God initiated them. They both exist because God desires to use them to demonstrate His plan of redemption and restoration. If they work together they can potentially make a greater impact than if they work alone. They need each other. Too much is at stake for either one to fail. (2009:20)*


Daar is 'n gevolglik 'n sterk dryf in die kerk om ouers te bemagtig om meer betrokke te wees by die geloofsvorming van hul kinders. Dit het meegebring dat nuwe bedieningsmodelle tot stand gekom het wat juis probeer om die ouer in die geloofsvormende taak te betrek en te bemagtig.

## 3.2 Nuwe Paradigma: Huis is kerk.

Na aanleiding van die insigte verkry uit die navorsing, het Ben Freudenburg en Rick

Lawrence (1998:21) die volgende stelling gemaak: "Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for faith-building in children and youth and for the passing of faith from one generation to the next." Hulle demonstreer die paradigmaskuif soos volg (1998:99-101):

**Figuur 1. Ou Paradigma** **Figuur 2. Nuwe Paradigma**



**Die ou paradigma.**

Christene kom na die kerk om te aanbid, bemagtig te word, geestelik gevoed en gemotiveer te word om hul christenskap binne die wêreld te gaan uitleef. Die bedieninge vind gedifferensieerd en apart plaas.

**Nuwe paradigma.**

In die nuwe paradigma ondersteun en bemagtig die gemeente die huis om self kerk in die wêreld te wees. Die huis is die plek waar almal aanbid, bemagtig en gemotiveer word. Kinders leer deur die voorbeeld van die ouer wat dit beteken om 'n dissipel van Jesus te wees. Die ideaal is dat kinders by ouers leer hoe Christene lyk wat hul Christenskap in die wêreld uitleef met woord en daad.

## 3.3. Anderson se kern beginsels vir geloofsontwikkeling.

Vibrant Faith gesinsbedieningsmodel is begrond op die volgende 5 argumenteerbare beginsels (Anderson 2009:34):

1. Geloof word gevorm deur die krag van Heilige Gees deur persoonlike vertrouensverhoudings, veral in ons eie huise.
2. Die kerk is 'n lewende vennootskap tussen die bediening van die Gemeente en die bediening van die Huis.
3. Kerk is oral waar Christus teenwoordig is in geloof.
4. Geloof word meer beleef as geleer.
5. As ons Christen-kinders wil hê, moet ons Christen-volwassenes (ouers) hê.

## 3.4. Gesinne bied vir kinders die ruimte vir volledig ontwikkeling.

Louw (1990:352) verwys na navorsing, onder 600 000 kinders wat in VSA uitgevoer is, wat aantoon die agtergrond van huislike omstandighede (soos ouers se skolastiese pyl en inkomste) ongetwyfeld die grootste invloed op die kinders se skolastiese sukses het.

## 3.5. Die ouer as lewensafrigter.

Barna (2007:16-21) verwys na 'n Afrigtingsmodel vir ouerskap. Die afrigter weet wat die doelwit is, of dit nou 'n sekere tyd op die 400m is en of dit deelname in 'n spesifieke kompetisie is. Hy identifiseer 5 aspekte in 'n effektiewe afrigtingsmodel vir ouerskap:

1. Ouers se impak op 'n kind is proporsioneel aan die diepte van die vertrouensverhouding wat die ouer met die kind ontwikkel het.
2. Ouer behoort met hart en siel die uitkoms van die plan aan te gryp. Indien 'n ouer nie 'n duidelike visie en droom vir die kind se lewe het nie, sal die ouer nie die kind doelgerig hierheen kan lei nie.
3. Effektiewe impak is gegrond op afrigting 'in die oomblik'. Die ideaal is dat lewenslesse onmiddellik, soos wat die geleentheid hom voordoen, oorgedra word. Kinders leer beter deur ondervinding as deur 'prediking.' Hierdie argument word sterk begrond in Deuteronomium 6:6-9.
4. Uitstekende afrigters is uitstekende kommunikeerders. Goeie kommunikasie impliseer 'n tweerigtingstraat. Die ouer behoort onder andere die vermoë te hê om hul kinders se gedrag fyn dop te kan hou, gevoelens te kan bespeur en

opbouende gesprekke te kan fasiliteer. Dit is nie ŉ ware demokrasie nie omdat die ouer in beheer is, maar omdat dit binne ŉ verhouding is, sal beide die kind en ouer voordeel uit die interaktiewe kommunikasie kan put wat wedersydse begrip tot gevolg het.

5. Die afrigter moet ŉ omvattende plan hê om almal by die 'beloofde land' uit te bring. Ingesluit in die plan, is buigbaarheid om ruimte te gee vir veranderlikes sonder om die doelwit prys te gee. Daar behoort ŉ langtermyn skedule te wees van watter tipe belewenisse, informasie en vaardighede vir blootstelling binne die konteks van die kind se ontwikkeling nodig is.

Heel waarskynlik sal baie min ouers toegerus wees om een of meer van bostaande 5 punte suksesvol in die praktyk te kan toepas. Heel moontlik omdat die ouer self nooit hieraan blootgestel is nie en gevolglik geen verwysingsraamwerk hieroor besit nie.

Dit is gevolglik die kerk se verantwoordelikheid om ouers:

1. te leer hoe om ŉ vertrouensverhouding met hul kinders te bou.
2. te help om ŉ droom vir hul kind se toekoms aan te wakker.
3. die gereedskap te gee om in die oomblik met hul kind te kan werk. ŉ Ander uitdaging is om geleenthede te skep waar ouers die geleentheid het om in die oomblik met hul kinders tyd te spandeer. ŉ Groot uitdaging in die konteks van die hedendaagse huisgesin, is dat ouers gehelp moet word om tyd vir hulself en die gesin te maak.
4. te leer hoe om goeie kommunikeerders te wees.
5. te help met die plan en noodsaaklike inhoud wat benodig word, regdeur die verskillende fases waardeur hulle met hul kind op weg is.

## 3.6. Christelike opvoeding is ŉ lewenswyse.

Deuteronomium 6 verwys na ŉ lewenswyse waartydens kinders meer van ŉ liefdevolle God leer. *"For all their specialized training, church professionals realize that if a child is not receiving basic Christian nurture in the home, even the best teachers and curriculum will have minimal impact. Once-a-week exposure simply cannot compete with daily experience where personal formation is concerned."*

(Thompson 1996:26). Let daarop dat Thompson hier verwys na onderwysers in die kerk, met ander woorde Sondagskoolonderwysers. Ouers behoort die rol van geestelike opvoeder te vervul. Die kerk se rol is om ouers en voogde hierin te ondersteun.

## 3.7. Ouer het potensiaal om kind in teenwoordigheid van God te bring.

Andrew Root (2007:199) argumenteer in sy boek, *Revisiting Relational Youth Ministry*, baie oortuigend dat gemeentes se bedieningstyl verhoudingsmatig behoort te wees. Hiervolgens kan 'n betekenisvolle verhouding beleef word as die teenwoordigheid van God. As 'n verhoudingsmatige bediening binne die teologiese realiteit in die gemeente moet plaasvind, sal dit vir die leraars en jeugwerkers in die gemeente uiters moeilik wees om met al die jongmense van die gemeente 'n diepliggende verhouding te bou. Root argumenteer dat die leraar en jeugwerkers elke kind moet laat voel asof hulle die reg het om 'n konneksie met die leraar of jeugwerker kan bou, al kan die leraar of jeugwerker nie noodwendig met elkeen so verhouding bou nie. Die gesinsbedieningsmodel bied verdere moontlikhede aan die perspektief. Die ouer is in 'n baie beter posisie om in 'n noue verhouding met hul kind te kan staan. Ouers behoort die rol van 'leraar' en 'jeugwerker' vir hul kinders te speel sodat die kind by tye die teenwoordigheid van God kan beleef.

## 3.8. Impak van gesprekke oor geloof in die huis.

Volgens Strommen en Hardel (2000:98-99) het die eenvoudige aktiwiteit van ouers wat met hul kinders oor hul persoonlik geloof gesels 'n groot impak op uiteindelike geloofsvorming van hul kinders. Hulle het 'n vergelyking gemaak tussen volwassenes wat getuig dat hulle ouers nie gereeld met hulle oor geloofsake gesels het nie en hul karaktereienskappe vergelyk met 'n groep wat wel die getuienis van hul ouers oor geloofsake gehoor het. Onder die tien karaktereienskappe wat normaalweg onder toegewyde jeug voorkom, het die volwassenes wat hul ouers se getuienis gehoor het byna dubbel soveel van die karaktereienskappe van toegewyde jeug vertoon. Indien kinders hulle ouers hoor praat oor hul geloofsoortuigings en dan hul

geloofsoortuigings ook in die praktyk uitleef, toon die aktiwiteit noemenswaardige impak op die geloofsvorming van kinders. Kinders wat gehoor het wat hul ouers getuig en ook gesien het dat hul ouers doen wat hulle sê, se effektiewe uitlewing van hul geloofslewe verdubbel byna in vergelyking met kinders wie nie hierdie woorde en daad voorbeeld by hul ouers beleef nie.

## 3.9. Ouers dien as voorbeeld van ’n verhouding van diensbaarheid.

Nel (2002:75) beskryf die noodsaaklike eienskappe van ’n verhouding van diensbaarheid in effektiewe evangelisasie aan kinders soos volg:

> “The word ‘service’ is intended as a style of evangelism that is
>
> - caring,
> - supportive,
> - unselfish,
> - sensitive,
> - and responsive to human need.
> - it is evangelism done by a servant church, whose people are there not to be served but to serve.”

Uit bostaande argumente en soos gesien in Fowler se fases van geloofsvorming, is dit duidelik dat ouers oor die ideale posisie beskik om die evangelie aan hul kinders oor te dra aangesien hulle in ’n natuurlike verhouding van diens tot hul kinders staan. Dit verduidelik deels waarom ouers meer suksesvol is in geloofsoordrag aan kinders as enige ander medium. Die verhouding van diensbaarheid sal gevolglik ook noodsaaklik wees in die verhouding tussen kind-onderwyser/jeugwerker om effektiewe geloofsoordrag tot gevolg te hê.

## 3.10. Gesinsbedieningsmodelle.

Gesinsbedieningsmodelle is veral relevant aangesien dit duidelik nie meer net die kerk se werk is om onderstaande te laat geskied nie, veral nie as die kerk nie meer invloed in mense se lewens het nie. Die kerk moet op een of ander wyse die skool

mobiliseer om soveel moontlik van die aspekte te inkorporeer, al beteken dit die kerk plaas werknemers (jeugwerkers) in skole met spesifiek met die opdrag.

Holmen en Freudenburg bied tans een van die van die mees volledige modelle om gesinsbediening binne die kerklike struktuur op te neem. Dit is veral relevant vir hierdie studie aangesien daar vele ooreenkomste tussen die twee kontekste blyk te wees en die modelle kan dien as 'n basismodel wat aangepas kan word om in die skoolkonteks geïmplementeer te kan word om soortgelyke doelwitte te stel.

### 3.10.1. Holmen se sleutels vir suksesvolle gesinsbediening.

Mark Holmen (2011:183) identifiseer die volgende noodsaaklike aspekte en sleutelsvir gesinsbediening[2]:

- Vier imperatiewe
    1. Geloof-gefokusde Christelike onderrig
    2. Versterking van gesinsverhoudings
    3. Gemeente as familie
    4. Christen jeug subkultuur.

- Vier sleutels om geloof by die huis te voed:
    1. Sorgsame gesprekke en geloofsgesprekke
    2. Huisgodsdiens
    3. Gemeenskapsgerigte bedieninge (vir die huis)
    4. Rituele en tradisies in die huis.

### 3.10.2. Noodsaaklike aspekte in gesinsbediening.

Freudenburg (1998:130-133) identifiseer die volgende aspekte in gesinsbediening wat aandag nodig het.

A. Ontwikkeling van ouerskapvaardighede:

1. Geloofsontwikkeling:
    - Vernuwing van familiegees.

[2] Anderson van Vibrant Faith en Holmens van Faith@Home gebruik identiese sleutels.

- Ontwikkeling van geestelike gawes van kinders.
- Geloofsvormingsvaardighede.
- Waarde-gesentreerde ouerskapstyle.

2. Ouerskapkursusse:
    - Dissipline.
    - Finansiële bestuur.
    - Kommunikasie.
    - Hoe om ma/pa te wees.
    - Ontwikkeling van dienende gees.
    - Rentmeesterskap.
    - Ouerskap deur verskillende fases van kind se ontwikkeling (baba tot volwassene).
    - Hoe om Lewensvaardighede vir my kind aan te leer.
3. Mylpaal-bedieninge: (om ondersteuning en aanmoediging te lewer vir huishoudings in die volgende oorgangsfases)
    - Voorhuwelikse gesprekke.
    - Doopgesprekke.
    - Eerste dag in skool.
    - Oorgang na Hoërskool. *(bygevoeg)*
    - Belydenis van geloof.
    - Gereedmaak vir arbeidsveld of tersiêre onderrig.
    - Voorbereiding vir die Huwelik.
    - Eerste kind.
    - Aftrede.
    - Hoe om ma en pa vir ouers te wees.

B. Verdieping en versterking van huwelike: (om Christen paartjies voor te berei en lewenslange huwelike deur seminare en herhalende klasse te ondersteun).

- Huweliksverrykingskursusse.
- Huweliksberading.
- Gespreksdialoogwegbreke vir paartjies.
- Voorhuwelikse-gesprekke.

C. Mentor leiers by die huis:

- Sistematiese geloofsontwikkeling-sisteem
- Kleingroepbediening om huislike sake te akkommodeer
- Ontwikkel ondersteuningsgroepe vir: egskeiding, enkelouers, geskeide ouers, verlies aan ouer a.g.v. afsterwe, huisgesin wat vir bejaarde sorg en groep vir afgetredenes.

D. Hulpmiddels:

- Beskikbaarstelling van hulpmiddels wat deur gemeente in stand gehou word en beskikbaar is vir huishoudings om van gebruik te maak.

## 3.11. Uitdaging om alternatief te kry vir ouers as primêre fasiliteerder vir geloofsvorming by kinders.

Na aanleiding van bostaande argumente is daar een goeie afleiding: die kerk moet ouers so ver moontlik bemagtig om die taak, wat die kerk vir jare lank al gesien het as haar eie verantwoordelikheid, van geloofsvorming by kinders te fasiliteer. Dit is alles goed en wel. Ons het egter 'n paar uitdagings wat ons in die gesig staar.

### 3.11.1. Ouers doen nie hul werk so goed soos hulle dit behoort te doen nie.

Ten spyte van die potensiaal van ouers om groot impak op die geloofsvorming van kinders uit te kan uitoefen, is die realiteit dat ouers nie hul potensiaal benut nie. Of anders gestel, hulle doen heel waarskynlik nie hul werk nie, of besef nie dat dit hul verantwoordelikheid is nie. Volgens Barna (2003:80) se navorsing wat in 2002 in Amerika onder 1003 volwassenes gedoen is, kry net sowat 22% van ouers dit reg om hul kinders te help om 'n Bybelgerigte wêreldsiening te kultiveer. Net sowat 24% van ouers deel gereeld geestelik opbouende kennis met hul kinders. Net 26% van ouers voed hulle kinders op in goeie standaarde van optrede. Net 27% van die ouers in die studie het hul kinders gehelp om 'n lewende verhouding met God te bou.

### 3.11.2. Kinders spandeer minder en minder tyd by volwassenes.

Skokkende navorsing gedoen deur Mihaly Csikzentmihalyi en Reed Larson (gepubliseer in die boek *Being Adolescent*) toon aan dat kinders minder as 7% van hul

tyd deur die dag in kontak met volwassenes spandeer (De Vries 2004:38). Dit impliseer dat ouers al hoe minder in die lewens van hul kinders betrokke is. Volgens die studie het daar nege radikale kulturele veranderinge in die vorige generasie plaasgevind wat die skeiding tussen kinders en volwassenes (veral ouers) tot gevolg gehad het:

1. Vaders se beroepskeuses neem hul vir verlengde tye weg van die huis.
2. Meer werkende ma's.
3. Kritiese verhoging in egskeidingsyfer.
4. Vinnige groei in enkel-ouer huishoudings.
5. Vermindering in die voorkoms van uitgebreide families.
6. Evolusie van die fisiese huishoudingsopset (familiekamers, speelkamers en slaapkamers).
7. Portuurgroep vervang rol van ouers in verhoudings.
8. Isolasie van kinders van die werksplek.
9. Isolasie van skole van die res van die gemeenskap.

(De Vries 2004:38).

Hoewel die studie in die VSA gedoen is, is dit duidelik dat die meeste van die elemente soos hierbo genoem, minstens onder die middelklas Afrikaans sprekende ouers van toepassing is aangesien dit meer sê oor 'n Westerse kultuur as oor spesifieke tendense binne landsgrense. Wat meer kommerwekkend is, is dat hierdie studie reeds in 1984 gedoen is. Die navorser se mening is dat die situasie in die afgelope 30 jaar net vererger het. Skole het die potensiaal om kinders blootstelling te gee aan meer tyd met volwassenes.

### 3.11.3. Kinders leer deur te sien wat ouers doen.

Van der Westhuizen en Schoeman, soos aangehaal in Louw (1990:352), meen dat kinders eerder doen wat hul ouers doen as wat hulle doen wat hulle ouers sê hulle moet doen. Dit impliseer dat as ouers 'n uitgesproke en gedemonstreerde belangstelling in skolastiese en verwante aktiwiteite toon, kinders waarskynlik dieselfde houding teenoor die aktiwiteite sal inneem. Dit is na my mening net so relevant in die konteks van die kerk. Indien ouers positief ingestel is teenoor godsdienstige aktiwiteite en alles wat daarmee gepaard gaan, sal hul kinders heel

waarskynlik dieselfde ingesteldheid ontwikkel. Die omgekeerde is wat egter die probleemsituasie veroorsaak.

### 3.12. Afleidings gemaak uit literatuurstudie in Hoofstuk 3.

In terme van hierdie studie, meen die navorser dat die kerk nie net ʼn paradigmaskuif na die huis as primêre ruimte vir geloofsvorming moet skuif nie (soos gesien in 3.2), maar ook die skool moet sien as belangrike ruimte waar geloofsvorming kan plaasvind. Net so belangrik as wat dit is om ouers as geloofsmentors te bemagtig, glo die navorser dat onderwysers en jeugwerkers ook bemagtig moet word om die taak te verrig. Natuurlik kan die kerk nie die onderwyser of jeugwerker binne die kerk-opset betrek nie, maar die kerk behoort uit te beweeg na die konteks waar onderwysers en jeugwerkers kontak met kinders het en hulle bemagtig om die taak van geloofsvorming meer doeltreffend te akkommodeer. Die kerk bemagtig onderwysers en jeugwerkers in skole sodat kinders by onderwysers en jeugwerkers leer hoe Christene lyk wat hul Christenskap in die wêreld uitleef met woord en daad.

#### 3.12.1. Paradigmaskuif.

Net soos wat die kerk tans besig is om die paradigmaskuif te laat plaasvind met betrekking tot die wyse waarop ouers betrek word in die geloofsvorming van kinders, moet die kerk tegelykertyd die paradigmaskuif verder laat plaasvind. Dit gaan baie lank neem vir die resultate van die paradigmaskuif wat op die ouers fokus om vrugte te dra. Intussen gaan nog ʼn generasie kinders groot word met die idee dat dit die kerk se verantwoordelikheid is om hul kinders van God te leer. Iets wat nog meer kommerwekkend is, is dat daar oënskynlik baie kinders is wat glad nie die kerk se binnekant sien nie. Die kerk het gevolglik geen kans om selfs met die huidige oneffektiewe stelsel enigsins ʼn impak op daardie kinders se lewens te maak nie. Die paradigmaskuif moet gevolglik verder uitbrei na elke moontlike hulpbron wat geloofsvorming in kinders kan fasiliteer. Dit is die navorser se aanname dat die paradigmaskuif onderwysers/jeugwerkers moet insluit en inspan om as alternatiewe fasiliteerders vir ouers in te staan. Elke aspek wat die kerk wil aanraak om ouers te bemagtig om hul kinders by te staan in geloofsvorming, behoort ook in die skool-

konteks gedupliseer te word, natuurlik met nodige aanpassings vir die nuwe konteks. In terme hiervan sou die nuwe paradigma soos volg daar uitsien:

> In die nuwe paradigma ondersteun en bemagtig die Gemeente die skool om self kerk in die wêreld te wees. Die skool is die plek waar almal aanbid, bemagtig en gemotiveer word. Kinders leer deur die voorbeeld van die onderwysers/jeugwerkers wat dit beteken om ŉ dissipel van Jesus te wees. Die ideaal is dat kinders by onderwysers/jeugwerkers leer hoe Christene lyk wat hul Christenskap in die wêreld uitleef met woord en daad.

### 3.12.2. Skole beskik oor die potensiaal om 'n doeltreffende medium te wees vir geloofsoordrag en geloofsvorming.

In terme van die Vibrant Faith bedieningsmodel, soos in 3.3 bespreek, bied skole ŉ ruimte wat soortgelyke aan die van ŉ gemeente waar ouers by die kinders se geloofsopvoeding betrokke is.

- Daar is sterk potensiaal vir persoonlike vertrouensverhoudings tussen leerders en kinders. Onderwysers en jeugwerkers moet besef hoe belangrik hul verantwoordelikheid is om vertrouensverhoudings met kinders op te bou aangesien die Gees hulle posisies kan gebruik om Geloof in die kinders te vorm.
- Daar is geen rede waarom die kerk nie ook in vennootskap met die skool kan staan nie. Die skool behoort ŉ meer sentrale rol te speel in die vennootskap met die kerk en huis om geloofsvormende rol in kinders se lewens te speel.
- Skool is potensieel ook kerk die oomblik as Christus in geloof teenwoordig is (sien ook Joubert 2009:53) by 4.9.1.
- Soos gestaaf in die voorafgaande literatuurstudie, bied die skool konteks na die navorser se mening geleentheid waar geloof aangeleer kan word deur deelname aan gemeenskapsprojekte. Onderwysers/jeugwerkers in skole het groot rol te speel om ruimte te skep waar geloof beleef word.
- Geloof word meer beleef as geleer en as ons Christen-kinders wil hê, moet ons Christen-onderwysers/jeugwerkers hê. Daar is heel waarskynlik voorbeeldige Christen-volwassenes in skole betrokke omdat die beroep as

onderwyser/jeugwerker eerder as ŉ roeping in plaas van beroep beskryf kan word.

Na aanleiding van die bevindinge in Hoofstuk 2 se literatuurstudie en die vergelykbare ooreenkomste gevind met die skoolkonteks en die huis in terme van tydsbesteding (3.11.2), is dit vanselfsprekend dat die skool konteks van groot waarde kan wees om die evangelie effektief aan nuwe generasies oor te dra.

### 3.12.3. Kerk het rol om te speel om onderwysers/jeugwerkers te bemagtig as lewensafrigters.

Uit 3.5, 'Ouers as lewensafrigter,' kan ons aflei dat dieselfde geld vir die kerk se werk in skole. Indien onderwysers/jeugwerkers die potensiaal het om bostaande aan kinders oor te dra, behoort die kerk onderwysers/jeugwerkers te bemagtig om dieselfde rol as wat ouers oorspronklik sou speel, namens die ouer daarvoor in te staan.

Die kerk kan dit as haar verantwoordelikheid sien om ŉ rol te speel om onderwysers/jeugwerkers:

1. te leer hoe om ŉ vertrouensverhouding met leerders te bou.
2. te help om ŉ droom vir leerders se toekoms aan te wakker.
3. die gereedskap te gee om in die oomblik met hul leerders te kan werk. ŉ Ander uitdaging is om geleenthede te skep waar onderwysers/jeugwerkers die geleentheid kry om 'in die oomblik' met leerders tyd te spandeer.
4. te leer hoe om goeie kommunikeerders oor geloofsake te wees.
5. te help met die voorsiening van noodsaaklike inhoud wat benodig word, regdeur die verskillende fases waardeur hulle met hul kind op weg is.

### 3.12.4. Kultiveer ŉ Christelike lewenswyse in skole.

Soos wat Thompson dit tereg stel: *"Once-a-week exposure simply cannot compete with daily experience where personal formation is concerned"* (sien 3.6). Die potensiaal bestaan by skole om ŉ lewenswyse te vestig deur middel van die struktuur en die bestuur van die skool. Daar bestaan reeds tekens dat daar sterk teenwoordigheid van ŉ Christelike kultuur onder leerders by sekere skole bestaan. Die beleidstruktuur, waarop die onderwysdepartement se beheerliggaam stelsel funksioneer, laat toe dat so ŉ model in skole geïmplementeer kan word sonder dat dit

as onwettig beskou kan word. Om die waarheid te sê, moedig die Departement van Onderwys skole aan om, soos hulle dit noem, 'FBO's' (Faith Based Organisatons), by skole betrokke te kry om die skool bestuur te ondersteun in opheffingswerk (sien addendum E).

**3.12.5. Onderwysers/jeugwerkers het potensiaal om 'n kind in die teenwoordigheid van God te bring.**

Volgens Andrew Root se verhoudingsmatige bedieningsmodel (sien 3.7), het onderwysers/jeugwerkers beslis die potensiaal, hoewel nie so doeltreffend soos ouers nie, om kinders in die teenwoordigheid van God te bring.

**3.12.6. Geloofsgesprekke by die skool.**

In lyn met Strommen en Hardel (sien 3.8) se verwysing na navorsing wat aantoon dat kinders positief beïnvloed word deur ouers se geloofsuitsprake en die uitlewing daarvan, meen die navorser dat, indien onderwyser/jeugwerker in 'n goeie vertrouensverhouding met kinders by die skool staan, die waarskynlikheid daar is dat daardie kinders positief beïnvloed sal word indien die onderwyser/jeugwerker die kinders sal betrek by geloofsgesprekke. Dieselfde behoort ook waar te wees indien die geloofsgetuienis bevestig word deurdat die onderwyser/jeugwerker doen wat hulle sê. Die aspek behoort baie sterk deur die kerk aan onderwysers/jeugwerkers gekommunikeer te word.

**3.12.7. Diensbaarheid as effektiewe evangelieverkondiging.**

Onderwysers/jeugwerkers behoort daarop gesteld te wees dat hulle nie net daar is om te onderrig nie, maar ook om te dien. Deur te wys dat hulle omgee, ondersteunend te wees, onselfsugtige optrede te toon, sensitief vir die kinders se behoeftes en bewus te wees van menslike nood kan die onderwyser/jeugwerker sonder om die woord spesifiek te verkondig, steeds die evangelie verkondig.

### 3.12.8. Gesinsbediening in en deur die skool.

Hoewel daar ŉ legio logistiese, praktiese en finansiële redes gegee kan word waarom ŉ skool nie ŉ gesinsbedieningsmodel in die bestuursmodel kan implementeer nie, glo die navorser dat die inkorporering van sekere van die fasette in die gesinsbedieningsmodel haalbaar is en van groot waarde vir die gemeenskap (en die kerk) sal wees. Dit is selfs noodsaaklik in die lig van die simptomatiese verval, as gevolg van ŉ gebrek aan gevestigde norme en waardes, reeds sigbaar in die samelewing.

Holmen se vier imperatiewe en vier sleutels vir suksesvolle gesinsbediening (sien 3.10.1) is soos volg relevant in die skool konteks:

- Geloof-gefokusde Christelike onderrig kan meer prominent benut word. Tans maak skole gebruik van die Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid Afrika (VCSV) struktuur. Dit is moontlik om, in samewerking met die bestuursliggame en die opstelling van beleide van die skool, meer hiervan te maak.
- Versterking van onderlinge verhoudings tussen onderwysers/jeugwerkers en kinders.
- Skool as familie – veral moontlik in die klaskamer opset.
- In ag neming van Christen jeug subkultuur teenwoordig in die skoolkonteks.

Die implementering van die Vier Sleutels in skole sal soos volg kan lyk:

- Sorgsame gesprekke en geloofsgesprekke kan reeds in lewensoriëntering-klasse geakkommodeer word. Daar is ook ruimte vir persoonlike en pastorale gesprekke deur gebruik te maak van opgeleide nie-professionele beraders en opgeleide sielkundiges.
- ‘Klasgodsdiens’ in plaas van huisgodsdiens. Die gebruik om in die registerperiode saam te bid is reeds praktyk. Selfs openinge voor skool kan beter benut word.
- Gemeenskapsgerigte bedieninge
- Rituele en tradisies in die skool. Saalopeninge en VCSV sessies is reeds teenwoordig waarin rituele voorkom. Meer geleenthede kan geïdentifiseer

word en tradisies kan ontwikkel word waarby kinders deel word van die skool se geloofsgemeenskap (byvoorbeeld inlywing in die VCSV of Gr 7 afskeidseremonie) Daar is heelwat potensiaal vir ontwikkeling van die punt.

Indien ons kyk na Freudenburg & Lawrence se noodsaaklike aspekte in gesinsbediening (sien 3.10.2), is daar heelwat elemente wat in die skoolkonteks opgeneem kan word.

In terme van geloofsontwikkeling is die volgende relevant:

- Ontwikkeling van geestelike gawes van kinders.
- Geloofsvormingsvaardighede.
- Waarde-gesentreerde onderrig en dissipline style

Met betrekking tot mylpaal-bedieninge, is daar heelwat potensiaal. Eerste skooldag, oorgang na Hoërskool, en gereedmaak vir arbeidsveld of tersiêre onderrig is relevante bedieninge wat in die skool geïmplementeer kan word.

As dit by ouerskapkursusse kom, sal dit maar broekskeur gaan. Meeste skole het eenvoudig nie die hulpbronne beskikbaar om die aspek te akkommodeer nie. Die navorser is egter oortuig dat die kerk en skool hier in vennootskap kan gaan. Die skool lewer die infrastruktuur in perseel en toegang tot die skool se ouerkorps, en die kerk lewer die kennisinset. Daar is geen twyfel nie, skole sal ook waarde put uit effektiewe ouerbegeleiding en bemagtiging aangesien ouers direk impak het op kinders se produktiwiteit in die skool (sien 3.11.3).

Dieselfde kan gesê word by verdieping en versterking van huwelike en mentor leiers by die huis. Huweliksverrykingskursusse, huweliksberading, gespreksdialoog-wegbreke vir paartjies, voorhuwelikse-gesprekke en sistematiese geloofsontwikkeling-sisteem kan deur die kerk gefasiliteer word. Ontwikkeling van ondersteuningsgroepe vir egskeiding, enkelouers, geskeide ouers, verlies aan ouer a.g.v. afsterwe en huisgesinne wat vir 'n bejaarde sorg, kan ook in samewerking met die kerk gefasiliteer word.

Daar is geen rede waarom die skool se biblioteek nie ŉ paar hulpmiddels vir ouerskap en huweliksverryking kan aanhou vir die skool se ouers om te gebruik nie. Die skool se infrastruktuur kan selfs gebruik word om die beskikbaarheid van die bronne te adverteer.

## 3.13. Samevatting.

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat ouers, weens die ideale konteks van die huis, in die wonderlike posisie staan om groot invloed op die geloofsvorming van hul kinders uit te kan oefen. Die primêre redes hiervoor is dat die kind met die ouer identifiseer en veilig by die ouer voel (soos aangetoon in 2.3.4.1 en 2.3.4.2). Dit is ook aangetoon dat die ouer nie altyd die potensiaal ten volle benut nie en dat daar gevolglik ŉ leemte in die geloofsvorming van kinders ontwikkel. Die gesinsbedieningsmodel, wat poog om die ouer te bemagtig om meer aktief by hul kinders se geloofsvorming betrokke te wees, is gebruik as templaat om aan te toon dat die skoolkonteks ook vatbaar is vir ŉ soortgelyke bedieningsmodel.

Vervolgens kyk die navorser in Hoofstuk 4 na die invloed van liturgie op geloofsvorming van kinders, hoe dit deel is van die skoolkonteks en daarom deel behoort te wees van die ruimte wat deur die kerk en gelowiges benut moet word vir positiewe invloed in geloofsvorming van kinders.

# Hoofstuk 4.

# Invloed van liturgie op geloofsvorming van kinders.

## 4.1. Inleiding

ʼn Volgende stap in die navorsingsproses, is om te verstaan watter rol liturgie kan speel in die geloofsvorming van kinders. Vervolgens verwys die navorser na bronne wat die metodiek van liturgiese navorsing stel en bronne wat die rol van liturgie in die kerk beskryf. Dit sal die navorser in staat stel om minstens soortgelyke elemente in die skool konteks te identifiseer vir verdere navorsing en selfs ʼn idee te gee van die potensiële impak wat geïdentifiseerde liturgiese elemente in die skool op kinders kan uitoefen.

Liturgie verwys na enige rituele aksie wat met die uiteindelike verwysingsraamwerk en die uitvoering daarvan essensieel ʼn kosmiese noodsaaklikheid is (Grimes 2010:42-43). Liturgie kan gesien word as ʼn komplekse web van Christelike rituele en simbole. Rituele en simbole is dus die boustene van liturgie (Wepener 2005:2). Liturgie is ʼn simboliese handeling waardeur die deelnemer ʼn diep ontvanklikheid, wat somtyds deur middel mediatiewe rites of kontemplatiewe oefeninge gekultiveer word, ontwikkel. Deelnemers is in aktiewe afwagting van dit wat deur die liturgie oorgedra gaan word en wat transendentaal is. Liturgie begin met die rituele kultivering van ‘om te wees’ en is gekenmerk aan diepe ontvanklikheid. Liturgie is soos ʼn voertuig wat poog om die deelnemer na die ander kant te neem, maar is eenvoudig nie goed genoeg vir die taak nie en kan uiteindelik net ʼn daad wees wat die deelnemer begelei na ʼn staat van diepe ontvanklikheid wat soms passie genoem word (Grimes 2010:42-43). Wepener (2012b:11) wys daarop dat verskillende liturgiese style van aanbidding, vanuit ʼn fenomenologiese perspektief, eintlik uit ʼn versameling simbole en rituele bestaan. Rituele is dus intrinsiek deel van liturgie as gereedskapstuk om die deelnemer te neem op die pad na passie of ʼn ontmoeting met God.

Wepener & van der Merwe (2009:203) definieer ritueel as volg: " *'n Ritueel is dikwels herhaalde, vanselfsprekende, simboliese handeling, wat altyd interaktief en liggaamlik is, soms vergesel van tekste en formules, gerig op die oordrag van waardes in die individu of groep, en waarvan die vorm en inhoud altyd kultuur-, konteks-en tydgebonde is, sodat die betrokkenheid op die werklikheid wat in die ritueel teenwoordig gestel word, altyd 'n dinamiese gegewe bly*"

## 4.2. Agtergrond van rituele navorsing.

Edward Folley noteer in sy artikel, "Ritual Theory*"* (2012:143-144) dat rituele studies eers in die laaste honderd jaar werklik op die voorgrond gekom het. Rituele was voorheen gesien as iets wat uniek was aan Christelike godsdienstige praktyke wat verwys het na die doop en sakramente. Hierdie beperkte siening van rituele het die eerste keer die nekslag gekry toe rituele in *Encyclopaedia Britannica* 'n wyer beskrywing as net die van godsdienstige praktyke ontvang het. Foley haal Asad aan wat rituele beskryf as *" ...a symbolic activity integral to human life, and a common practice essential to our social structure"* (2012:144).

Wepener (2012b:2) verwys na die lang proses waartydens liturgiese studies stelselmatig vernuwe is deurdat Teologie en Sosiale wetenskappe nouer begin saamwerk het en veral op die veld van die ritueel. Wepener is ook van mening dat die bestudering van ritueel slegs doeltreffend kan wees wanneer die perspektiewe van navorsers van beide Teologie en Sosiale wetenskappe mekaar stimuleer. Die ontwikkeling het 'n positiewe impak op liturgiese studies en bied nuwe moontlikhede vir liturgiese navorsing en opleiding. As gevolg van nuwe verwikkelinge in die veld van rituele studies, is samewerking tussen die partye nou meer haalbaar (2012b:2-4). Die gevolg is dat daar daadwerklike pogings is om navorsingsmetodes vanuit die Geesteswetenskappe, Sosiale wetenskappe en Teologie te konsolideer in 'n interkulturele en vergelykende konteks (Wepener 2012b:5).

Wepener (2012b:12) haal vir Post aan wat Rituele studies beskryf as: *"a rather independent and strongly methodologically and theoretically orientated discipline on the cutting plane of religious studies, theology (specifically liturgical studies) and the*

*social sciences (Anthropology in the first place)."* Rituele navorsing dien dus as 'n nuwe aanknopingspunt vir kruis-bestuiwing van verskeie vakgebiede. Wepener gaan so ver as om te sê dat as dit by liturgiese studies kom, die navorser nie meer kan kies tussen 'n teologiese perspektief of 'n sosiale wetenskaplike perspektief nie en dat ons net sowel na liturgiese studies kan verwys as "Liturgiese en Rituele Studies."

In 2008 het rituele studies nie net verskeie vakgebiede vir samewerking byeengebring nie, maar selfs verskillende nasionaliteite toe 'n NRF befondsde navorsingsprojek geloots is wat Suid-Afrikaanse, Duitse en Nederlandse navorsers betrek het onder die titel*: "Exploring the role of religious ritual in social capital formation for poverty alleviation"* (Wepener 2012b:6).

Rappaport, soos aangehaal in Foley (2012:147), het daarop klem gelê dat rituele indikatief is van die evolusionêre proses wat deel was van die ontwikkeling van 'n gevorderde bewussyn. Volgens Rappaport het rituele 'n "*cognitive and affective as well as social consequences, producing a state of mind as well as society*" invloed in die samelewing.

Foley (2012:148) gaan verder en identifiseer ses konvergensie-sones waar Praktiese teologie en rituele studies oorvleuel. Eerstens is beide vakgebiede geïnteresseerd in die dinamiek van gebruike. Tweedens fokus beide op die teorie en die praktyk en die dialogiese wisselwerking van die twee op mekaar. 'n Derde ooreenkoms van die twee studievelde is die duidelike beklemtoning van die prioriteit om gedagtes en gevoelens te ritualiseer. Anders gestel in die woorde van Miller-McLemore: *"performed by those who thoughtfully seek to embody deep convictions about life and its ultimate meaning in the midst of ordinary and extraordinary circumstances"* Foley (2012:148). Die vierde ooreenkoms is die toenemende fokus op die spesifieke en die kontekstuele in plaas van die algemene en universele. Die vyfde ooreenkoms is dat beide velde die waarde van kwalitatiewe navorsingsmetodes erken en spesifiek deur die navorsers wat in die wetenskaplik/aksie kwadrant val. Die sesde oorvleueling vind plaas in die wyse waarop beide studievelde se navorsers gebruik maak van modelle en metodes buite elkeen se respektiewe velde en ook gereeld van dieselfde materiaal van teoretici gebruik maak. Die gevolg is dat beide velde gebruik maak van gedeelde insigte vanuit die sosiale wetenskappe, kritiese teorieë en hermeneutiek (2012:148).

Praktiese teoloë delf ook gereeld dieper in die rituele studieveld vir antwoorde en perspektiewe wat kan help om lig te werp op vrae in die Praktiese teologie en veral die velde van pastorale sorg en berading (Foley 2012:149).

## 4.3. Identiteit van liturgiese navorsing.

Paul Post (2001:7-8) verwys na vier aksente wat saam die onvervangbare identiteit van die dissipline en die outonomiteit van liturgiese studies as ŉ sentrale teologiese dissipline vestig:

1. Die navorsings terrein: Rituele in die Christelike kerke en belydenisse wat op die een of ander wyse die geloof van die gemeenskap tot uitdrukking bring soos sakramente, woorddiens, homilieë, dienste, oorgangsrites, pelgrimstogte en prosessies (Post 2001:8-9).
2. Die wyse waarop vrae gestel word, metodes, tegnieke en maniere om navorsing van ŉ komplekse verbale en nie-verbale verskynsel te benader. In liturgiese studies word die aandag van die navorsing gefokus op beide die beskryf, klassifisering en die sketsing van Christelike rituele en die rekonstruksie van die herkoms en ontwikkeling van rituele (Post 2001:9-13).
3. Perspektief en doelwit: ŉ Drieledige doelwit word voorgestel.
    - Die verbetering van insig in die fenomeen van Christelike dienste en aanbidding wat te midde van spanning tussen tradisie en moderniteit, kontinuïteit en verandering, kultus en kultuur, voorsiening en ontvangs staan.
    - Die ontwikkeling van kriteria vir ŉ verantwoordelike teologie van liturgie.
    - Die verbetering van huidige liturgiese gebruike.
4. Die tradisie van die dissipline: Met verwysing na individuele institusies, professionele joernale, handleidings, konferensies, navorsing, opleiding en onderrig kurrikulums waarsonder die bestaan van die vakgebied nie moontlik sou wees nie.

## 4.4. Liturgiese bewegings.

Ten spyte daarvan dat liturgie as blote verstarde tradisie en gevolgklik ook as stagnant gesien kan word, is ŉ belangrike kenmerk van liturgie dat dit altyd aan die beweeg is as gevolg van die spanning tussen erfenis en die nuwe konteks, en nuwe samelewing en kultuur waarin die ritueel homself bevind. Die proses van inkulturasie het ook ŉ impak op die veranderende natuur van liturgie (Post 2001:24).

Post (2001:24-27) beskryf liturgie as dinamies in beweging. Hierdie bewegings is die raamwerk vir die organiserende beginsel vir sy program wat liturgie ondersoek. Hy beskryf die bewegings soos volg:

- Die beweging kry die eienskappe van ŉ sosiale beweging wat ontstaan het as gevolg van sosiale ongelukkigheid oor ŉ aspek van die ritueel en word gevolg deur ŉ hervormende handeling.
- Rituele is altyd in beweging, altyd aan die verander, en is altyd besig om te inkultureer omdat rites in wese dinamies van aard is.
- Beweging van rituele beskryf die liturgiese verandering in die algemeen. Daar is ŉ verskeidenheid van prosesse waardeur liturgie ontwikkel soos marginale aanpassings, defensiewe bewegings en transformasies wat nuwe skeppinge tot gevolg het.
- Indien na die periodes van rituele in die verlede gekyk word, is dit duidelik dat rituele by tye stagnant en gestandaardiseerd gebly het, somtyds met innovasie verander het en selfs by tye die polsslag gebied het.
- Liturgiese verandering is ŉ komplekse en gestratifiseerde proses wat vele faktore en stimuli insluit. Interne liturgiese tot eksterne kulturele faktore het invloed en die navorser moet al die invloede in ag neem.
- Die proses van verandering behoort binne die konteks van die era waar verandering plaasgevind het, ondersoek te word.

## 4.5. Die metodiek van liturgiese navorsing.

Volgens Paul Post (2001:49) behoort navorsers van liturgiese studies die menslike eienskappe en die gelaagdheid van die fasette van rituele in ag te neem tydens bestudering daarvan. Dit impliseer dat liturgiese studies terselfdertyd antropologiese- en kulturele studies behels wat dit ŉ komplekse en ingewikkelde studieveld maak.

Post argumenteer vir ʼn kontekstuele en geïntegreerde benadering vir effektiewe navorsing. Dit is gevolglik noodsaaklik om ʼn algemene sistematiese raamwerk of program te ontwikkel wat al die verskillende metodes en tegnieke vir die navorsing van liturgiese studies akkommodeer. As gevolg van die inherente inkulturerende natuur van liturgie, is dit noodsaaklik dat enige navorsingsmetode hierdie aspek in ag sal neem. Die natuur van liturgie impliseer dat dit altyd ʼn oop, breë en integrale kontekstuele benadering vereis wat bewus sal wees van die dinamiek van kultus en kultuur (Post 2001:49-53).

Post ontwikkel vervolgens ʼn navorsingsmatriks wat die navorser help om liturgiese elemente te ondersoek. Hy maak gebruik van die term ‘feast’ om die navorser te help om elemente in die matriks te verstaan en om te help om die ingewikkelde struktuur daarvan te begryp. Daar is twee terme wat die navorser in die konteks van die matriks moet verstaan naamlik: kwaliteite en inmenging (2001:49).

**4.5.1. Kwaliteite.**

Die term ‘quality of ritual’ was die eerste keer deur Ronald Grimes bekend gestel in Ritual Criticism (Post 2001:57). Die kwaliteite van die ritueel is ook die eerste term van die matriks wat verklaar moet word. Kwaliteite verwys na ʼn duidelike geneigdheid of kenmerke van rituele binne die studieveld. Die kwaliteite van die ritueel verwys na eienskappe wat die ritueel beskryf. Dit is die identiteit-bepalende karaktereienskappe, kenmerke, dimensies en geneigdhede teenwoordig in die ritueel. Deur gebruik te maak van kwaliteite kan die navorser soek na sekere geneigdhede in ʼn spesifieke kulturele of religieuse-konteks (Post 2001:57).

**4.5.2. Interferensie.**

Interferensie verwys na die wederkerige aard van liturgie (Post 2001:57). Kwaliteite meng met mekaar in of anders gestel, beïnvloed of affekteer mekaar op die een of ander wyse, soos wat golwe mekaar affekteer. Dit dui op ʼn heen en weer beïnvloeding van kwaliteite op mekaar. Die effek van die wederkerige inmenging is egter van konstruktiewe aard, soos wat gesien kan word in inkulturasie. Vir Post se matriks

model word die interaksie van kultus en kultuur, primêre en sekondêre bronne, aanwysing en toewysing, en verlede en hede in ag geneem (Post 2001:59).

### 4.5.3. Kultus en kultuur.

Kultus en kultuur beïnvloed mekaar binne die lewenswêreld van die deelnemers deurdat kultuur, bv die gebruik om foto's te neem tydens spesiale geleenthede, die kultus beïnvloed deurdat die gebruik van foto's neem binne die liturgiese ruimte ingedra word. Dieselfde effek kan gesien word rondom Kersfees en die gee van geskenke. So sal die kultuur invloed hê op die kerkjaar en omgekeerd (Post 2001:20). Dit veroorsaak dat 'n erediens in dieselfde denominasie van een streek na 'n ander streek groot verskille in liturgie kan toon. As gevolg hiervan behoort die navorser altyd die analise van liturgiese bronne te toets deur dit binne die konteks van die breër antropologiese en kulturele dimensies te plaas (Post 2001:59).

### 4.5.4. Primêre en sekondêre bronne.

Primêre of direkte bronne behels die oorspronklike of primêre getuienisse oor God in die praxis van die kerk. Dit kan die uitlewing van persoonlike geloof of die beoefening van Christelike rituele wees. In breë behels primêre bronne dus die uitdrukking oor God in woord, daad, feesvieringe en lewe (Post 2001:59).

Sekondêre of indirekte bronne praat oor God vanuit 'n tweede vlak van outoriteit soos uitsprake van leraars of stellings in dogmatiese dokumente en belydenisse, kategese, liturgiese studies of sistematiese teologie. Sekondêre bronne is dus nadenkend oor die primêre bronne (Post 2001:59).

### 4.5.5. Benoeming en toe-eiening.

Op die vlak vind beïnvloeding of interferensie plaas op 'n multidimensionele vlak wat die invloed meer kompleks maak. Benoeming verwys na die perspektief waarby kultuur en kulturele elemente van buite gesien en beskryf word. Dit fokus ook op die wyse waarop daar met die kernkultuur in die sosiale groep of die gemeenskap self gehandel word. Dit kom daarop neer dat die navorser kyk hoe die struktuur van bo na

onder funksioneer en hoe die struktuur die aktiwiteite op die grond affekteer. Die voorstel vir die funksionering van 'n ritueel kom van die struktuur, maar elke gemeente besluit self hoe hulle die proses gaan interpreteer en watter waarde die ritueel vir hulle gaan inhou, of hoe die ritueel aangeneem gaan word (Post 2001:60). Die interpretasie wat toe geëien word, beïnvloed weer op sy beurt hoe die struktuur deur tyd en veranderinge heen die ritueel interpreteer en voorstel.

#### 4.5.6. Verlede, hede, kontinuïteit en diskontinuïteit.

Die laaste invloedsfeer van inmenging word gevind in die interaksie tussen verlede, hede en die effekte van inkulturasie wat die toekoms versinnebeeld. As gevolg van die konstante terugkyk na die verlede, veroorsaak deelnemers dat die verlede invloed het op die hede en dit het invloed op hoe die verlede geïnterpreteer word. Op die manier het verlede en hede impak op inkulturasie en omgekeerd (Post 2001:61). Die verandering vind normaalweg stadig plaas en pleit vir omsigtigheid vir die potensiële impak voor veranderinge aangebring word.

### 4.6. Bestudering van die konteks wat liturgiese aktiwiteite bevat.

Ammerman & Carroll & Dudley & McKinney (1998:13-16) voer aan dat daar 4 perspektiewe nodig is om gemeentes suksesvol te ondersoek. Hierdie perspektiewe is van belang by hierdie studie aangesien daar heelwat liturgiese aspekte wat binne die normale gemeente teenwoordig is, ook binne die skoolkonteks gevind kan word. Hierdie perspektiewe funksioneer soos raamwerke of lense waardeur die navorser sensitief gemaak word vir spesifieke aspekte in die gemeente deur die aspekte te onderstreep en uit te lig. Hierdie perspektiewe dien as gereedskapstukke in die hand van die navorser wat help om die menslike aspekte van die gemeente abstrak en veralgemenend te ondersoek. Vervolgens verwys die navorser kortliks na elke perspektief en hoe die perspektiewe die navorser help om sin te maak van die gebeure in die gemeente.

#### 4.6.1. Ekologiese-raamwerk.

Die ekologiese perspektief op religieuse instellings is, volgens Eiesland & Warner (1998:40), 'n teoretiese en praktiese reaksie op religieuse pluraliteit en ook omdat godsdienstige lewe in 'n fase van herstrukturering is. Geen twee gemeentes bestaan binne dieselfde konteks nie en nog minder bestaan daar 'n enkele teologie vir al die denominasies. Dit veroorsaak dat denominasies en gemeentes oor uiteenlopende doelwitte en moraliteite beskik wat lei tot konflik sowel as samewerking omdat elke denominasie en gemeente eintlik 'n verskil in hul eie omgewing wil maak (Eiesland & Warner 1998:40). Die ekologiese perspektief help die navorser om die gemeente te beskou as 'n organisme in 'n omgewing waar vele ander organismes teenwoordig is en wat saam die sosiale en religieuse wêreld vorm. "... it is to see the congregation in relation to its social context, including all the various social, political, religious, and economic forces operative in that setting" (Ammerman *et al.* 1998:14). Die navorser ondersoek die invloed wat die gemeente op die omgewing uitoefen en ook omgekeerd, die invloed van die kragte op die gemeente. Die gemeente word gesien as 'n oop sisteem wat interaksie impliseer en toelaat. Die spesifieke gemeenskap waarin die gemeente geleë is**,** is die beginpunt maar wyk dan verder uit na breër omgewings en gevolglik breër invloede wat in ag geneem kan word. So het die politieke situasie in die land invloed op werkskepping wat die lidmate direk kan beïnvloed. Die gemeente is ook deel van 'n kerkgemeenskapstruktuur soos die sinode wat invloed op die globale funksionering van die gemeente het (Ammerman *et al.* 1998:14-15). Die invloed is nie net beperk tot gemeentelike strukture en omgewingsgrense nie. Eiesland & Warner (1998:41) wys daarop dat ons in 'n "Global Village" woon waar gemeentes van een kontinent verwantskappe toon aan 'n gemeente in 'n ander kontinent. Die navorser behoort sensitief te wees vir die hele spektrum van invloede as gevolg van die ekologiese-raamwerk waarin elke gemeente staan. Die invloede kan in drie lae voorgestel word as die demografiese laag, kulturele laag en organisatoriese laag (Eiesland & Warner 1998:41).

### 4.6.2. Kulturele-raamwerk.

Elke gemeente doen dinge op 'n unieke wyse. Elkeen maak gebruik van eie beskrywings van die wêreld, eie tekens en artefakte (Ammerman *et al.* 1998:78). Ammerman maak die stelling dat 'n gemeente se identiteit baie soos kultuur is. Sy beskryf kultuur as: *"Culture is who we are and the world we have created to live in. It*

*is the predictable patterns of who does what and habitual strategies for telling the world about things held most dear"* (1998:78). Die kulturele-raamwerk help die navorser om die gemeente voor te stel as 'n groep wat unieke maniere ontwikkel het om bymekaar te wees. Natuurlik is meeste van die maniere van bymekaarwees by die kulturele agtergrond geleen en aangepas vir die spesifieke konteks. Die kultuur van die gemeente kan beskryf word as al die dinge wat hulle as 'n groep saam doen soos die rituele, manier hoe opleiding aan nuwelinge gegee word, die werk wat hulle doen en die manier hoe hulle sosiaal saam verkeer. Kultuur van die gemeente sluit ook die getuienis oor hulself in soos die ontstaansverhale, gebruike, gewoontes, mites, simbole unieke taalgebruik en selfs die grappies wat net in die konteks van die gemeente pas. Om al die aspekte in ag te neem is om vanuit 'n kulturele raamwerk die gemeente te ondersoek en te beskryf (Ammerman *et al.* 1998:15).

**4.6.3. Hulpbron-raamwerk.**

Die gemeente word benader asof dit 'n versameling van elemente is wat vanuit 'n breër sosiale en religieuse konteks saamgevoeg is met die potensiaal om religieuse doelwitte te bereik (McKinney 1998:132). Om die gemeente vanuit die hulpbron-raamwerk te ondersoek is om te vra wat die potensiaal van die gemeente is om spesifieke doelwitte mee te bereik (Ammerman *et al.* 1998:15). Hierby ingesluit is alle hulpbronne wat 'n effek of invloed in die gemeente of gemeenskap tot gevolg kan hê. Dit sluit in die lidmate, geld, eiendom en ander fisiese bates, potensiële energie deur middel van reputasie, spirituele energie, kontakte in die gemeenskap en selfs die geskiedenis van die gemeente. Die hulpbronne kan gesien word as die rou materiale waarmee sekere doelwitte uitgevoer kan word. Sommige hulpbronne word van buite af ingevoer (geld, lewens ervaring, sosiale status) en ander is inherent deel van die gemeente struktuur soos byvoorbeeld spiritualiteit en verhoudings. Beide het invloed in die potensiaal van die gemeente want die een sonder die ander een beperk die potensiaal van die gemeente. 'n Gemeente kan nie volledig verstaan word sonder om die rou materiale waarmee werk gedoen word en die doelgerigtheid, toewyding en verwagtinge wat die rou materiale in waardevolle resultate verander nie (McKinney 1998:132-134).

### 4.6.4. Prosesse raamwerk.

Van al die elemente beskikbaar vir gemeentelike navorsing, blyk dit dat die bestudering van prosesse raamwerk tegelykertyd die mees beskikbare en die mees ontwykende element te wees. Die proses is geleë binne die oombliklike uitruiling tussen twee of meer persone en daarom verdwyn die element so gou as wat dit verskyn het (Dudley 1998:105-106).

Die proses raamwerk kan beskryf word as onbesproke reëls vir optrede binne die sosiale konteks. Dit is spesifieke dinamiese funksionering van die kommunikatiewe interaksies tussen mense. Dit kan beskryf word as die ‘ons manier van doen” in die gemeente. Dit is nie ŉ vaste stel reëls nie, maar word aangeleer en geïmpliseer deur observasie van kommunikatiewe handelinge wat deur die lidmate as die norme vir interaksie beskou word. Enige afwykinge aan hierdie norme word afgewys. Ondersoeking van ŉ gemeente deur middel van die prosesse raamwerk fokus op die onderliggende vloei en dinamiek van die gemeente wat die gewone lewe aanmekaar bind en die moraal en klimaat bepaal. Dit kyk ook na leierskapstyle en hoe leierskap onderling verdeel word, besluite gemaak word, hoe kommunikasie plaasvind en hoe konflik hanteer word. Dit funksioneer gereeld soos familiestrukture van interafhanklikheid en aannames van outoriteit wat vanuit die groter kulturele omgewing en tradisie afkomstig is (Ammerman *et al.* 1998:15-16). Die verkil tussen formele en informele prosesse vervat bykans al die aspekte van proses-raamwerk denke. Formele prosesse sluit gebruike, prosedures en beleide in wat openlik aanvaar word as die offisiële weergawe en manier van doen. Informele prosesse verwys na die ongeskrewe manier van doen wat spontaan gebeur sonder voorskrif of onderrig (Dudley 1998:107). Om deur die lens van prosesse-raamwerk na ŉ gemeente te kyk is om te kyk hoe werk effektief in die gemeente gedoen word (Ammerman *et al.* 1998:15-16).

## 4.7. Dimensies van rituele.

Wepener & van der Merwe (2009:210) waarsku dat ons nie in die slaggat moet trap deur die waarde van ŉ fenomeen net te meet aan die bruikbaarheid of funksionaliteit

daarvan nie. Sommige verskynsels moet aanvaar word as 'n gegewe noodsaaklikheid van 'om te bestaan' en om vergenoegd te wees. Rituele kan 'n rol daarin speel om mense te lei na vergenoegdheid, tevredenheid en dankbaarheid vir wat is. Hulle verwys na Post se stelling: (Om) *"die lewe te ervaar as 'n gratis geskenk en net bly daarmee te wees sonder om enige bybedoelings as om dit net te geniet om by God en die mense te wees."*

In aanvulling aan die waarde van rituele soos in bostaande verwys, vervolgens die dimensies van Lukken soos aangepas in Wepener & van der Merwe 2009:206-209:

1. Lasverligtende en kanaliserende dimensie: Die deelnemer hoef nie telkens van voor af te besluit hoe om in 'n sekere situasie op te tree nie aangesien die voorafontwerpte ritueel die aanvaarbare norm vir optrede dra. Die hewige emosies wat in krisissituasies ontstaan word ook deur die ritueel gekanaliseer en georden om die deelnemer se emosies te begelei en te ontlont.
2. Bemiddelende dimensie tot die verlede: Rituele waarborg kontinuïteit met die verlede deur aan die deelnemer 'n bekendheid te voorsien wat 'n gerusstellende gevoel van orde, vertroudheid en rus meebring.
3. Etiese dimensie: Die voorstelling in die ritueel verwys na 'n totale lewens-en wêreldbeskouing. Die ritueel skerp die verwysingsraamwerk van die deelnemer in en vorm so die deelnemer se karakter wat op sy beurt die dade van die deelnemer positief beïnvloed.
4. Beswerende dimensie: Die ritueel ontlont negatiewe kragte in die gemoed van die deelnemer deurdat die ritueel bevestig dat kwaad nie die laaste woord het nie om sodoende hoop te gee.
5. Ekspressiewe dimensie: Rituele gee uitdrukking aan eksistensiele belewenisse. Hiervolgens kan daar teoreties soveel nuwe rituele geskep word as wat daar nuwe belewenisse is.
6. Verdigtingsdimensie: Rituele verdig die werklikheid deur die voorwerp, handeling of woord uit die profane konteks uit te lig en dit te verheilig.
7. Sosiale dimensie: Rituele het die vermoë om deelnemers op te roep om met mekaar te kommunikeer en die kollektiewe gevoel in die deelnemers wakker te maak. Interessant dat die kollektiewe gevoel, volgens Luken, selfs na die verlede en die toekoms toe insluit as gevolg van die besef in die deelnemer dat

verskeie generasies oor tyd heen dieselfde ritueel op dieselfde wyse uitgevoer en beleef het.

8. Terapeutiese dimensie: Die proses waardeur die deelnemer tydens ŉ ritueel gaan, veroorsaak dat kontak met die dieper wortels van die mens se bestaan herstel word. Hiervolgens funksioneer rituele veral goed in die pastoraat.
9. Formaliserende dimensie: Ingewikkelde boodskappe word baie effektief oorgedra deurdat woorde en handelinge tot die basiese en essensiële kern gekondenseer en deur herhaling versterk word.
10. Politieke dimensie: Rituele word somtyds gebruik om politieke aspekte teenwoordig in institusies soos koning, staat, kerk en onderwys te vestig, beëindig of te bevorder. Voorbeelde hiervan is inhuldigingseremonies en herdenkings van gebeure in die verlede.

## 4.8. Identifisering van Simbole en Rituele.

Grimes (2010:20-31) identifiseer 6 sentrale aspekte van rituele wat ondersoek kan word, naamlik: rituele ruimtes, rituele objekte, rituele tyd rituele klank en taal, rituele identiteit en rituele handelinge. Hy stel voor dat die navorser van verskeie vrae gebruik maak om die aspekte te ondersoek en te identifiseer.

Wepener & van der Merwe (2009:214) verwys na soortgelyke aspekte. Om die wêreld van rituele te begryp, is dit noodsaaklik om spesifieke terme te identifiseer en te beskryf aan die hand van die rol wat die terme in die funksionering van rituele speel.

### 4.8.1. Tekens.

Wepener & van der Merwe (2009:198) verduidelik ŉ teken soos volg: "*'n Teken is ondubbelsinnig, effektief en bruikbaar, om deur middel van ŉ rasionele proses te verwys na ŉ ander realiteit wat sodanig niks met die teken te make het nie.*" Hy maak gebruik van Lukken se poging om ŉ helder, bruikbare benadering as beskrywing van simbole en rituele te skets. Hiervolgens kan ŉ teken beskryf word as iets wat ŉ vaste voorafbepaalde betekenis het wat ŉ spesifieke voorafbepaalde respons in die mens wek en wat deur die mens aangeleer moet word. Hiervolgens kan ŉ stopteken as

voorbeeld dien. Die oomblik as ŉ mens, wat geleer het wat die aanvaarde respons van ŉ stopteken is, die stopteken sien, sal die persoon stadiger ry en tot stilstand kom agter die teken en observeer of dit veilig is om verder aan te beweeg. Daar is dus ŉ duidelike inset uitset respons.

**4.8.2. Simbole.**

Simbole funksioneer ietwat anders. Daar is nie ŉ voorafbepaalde aangeleerde respons wat die mens lewer op konfrontasie met die simbool nie. ŉ Simbool kan gevolglik meerduidige waarde aanneem in verskillende kontekste. Wepener & van der Merwe verduidelik die idee in terme van die woord 'AIDS' wat op ŉ verkeerslig (of in terme van die navorser se beeld, stopteken) aangebring is. By die identifisering van die woord-teken kombinasie word ŉ meerduidige betekenis opgeroep nl. stop vigs. Dit skep gevolglik onmiddellik by die mens die beeld van lewe teenoor dood en siekte teenoor gesondheid. Dit roep selfs ook ŉ beeld van moraliteit en plig op. Volgens Wepener breek ŉ simbool vir diegene wat daarmee in kontak kom, ŉ nuwe wêreld van betekenismoontlikhede oop. " *ŉ Simbool is meersinnig, dit praat vir sigself en berus nie op verklaring of uitleg nie, dit bring verlede en toekoms saam in die hede en dit betrek die hele persoon*" (2009:198-199).

**4.8.3. Daad.**

ŉ Daad is eenduidig en soek na die gewenste resultaat (soortgelyk aan tekens). Dit kan ook beskryf word as nuttig, doelgerig en het verandering van die bestaande as doelwit. In terme hiervan kan ŉ skriftelike eksamen gesien word as ŉ daad aangesien die handeling ŉ spesifieke doelwit (om te slaag na volgende fase) as oogmerk het (Wepener & van der Merwe: 2009:199).

**4.8.4. Handeling.**

ŉ Handeling is nie ŉ doel op sig self nie, maar ŉ verwysing na iets spesifieks en duidelik. Wepener & van der Merwe (2009:199) gebruik die opdrag om aan te val, of te wel, 'storm' of, 'lê aan' as ŉ goeie voorbeeld aangesien dit as springplank dien vir iets anders wat dit in die oog het, maar tog duidelik is. So gestel beteken dit as ŉ kind

die opdrag kry om te "gaan slaap" dit vir die kind beteken dat sy haar nagklere moet aan trek, die bed gereed moet maak, tande moet gaan borsel en moet bid voordat sy in die bed klim om te slaap. Een tekenhandeling het ʼn hele rits dade tot gevolg wat in die tekenhandeling geïmpliseer word. ʼn Handeling vereis gevolglik voorafgaande opleiding of kennis oordrag van wat die doelwit van die tekenhandeling is (Wepener & van der Merwe 2009:199).

**4.8.5. Simboolhandeling.**

In kontras met handeling is simboolhandeling gelaai met potensiaal van betekenis omdat die mens self die funksie wat deur die simbool verrig word gaan vervul. Die mens se liggaam en die handeling wat uitgevoer word, word self die agent in die proses van simbolisering. Soos by die simbool, kan die simboolhandeling meerduidige waarde aanneem in verskillende kontekste en ʼn nuwe wêreld van betekenismoontlikhede oop maak (Wepener & van der Merwe 2009:199).

**4.8.6. Simbooltaal.**

Onderskeid kan getref word tussen ʼn term en simbooltaal. ʼn Term is volgens Wepener & van der Merwe (2009:200) ondubbelsinnig, helder, duidelik en funksioneel en gewoonlik gebruik in wetenskaplike taal waarmee mense in beheer van ekonomiese en wetenskaplik-tegnologiese terrein probeer bly. ʼn Term, volgens Lukken, kan ook as onemosioneel beskryf word. Simbooltaal is in kontras met term dubbelsinnig, roep beelde op, bedek of ontbloot dieper realiteite en verwys na realiteite wat die mens se verstand te bowe gaan (Wepener & van der Merwe 2009:200).

Wepener & van der Merwe (2009:201) meen dat daar verskille in die vlak van kommunikasie plaasvind wat deur die bostaande terme uitgelig word. ʼn Mite is 'n voorbeeld van die dieper vlak waar die betekenis van ʼn wetenskaplike verklaring op die oppervlak lê.

In enige ritueel is daar drie elemente, simbole, simbooltaal en simboolhandelinge teenwoordig. Elkeen van die elemente het spesifieke eienskappe wat beteken dat

rituele oor elkeen van die eienskappe van die afsonderlike elemente beskik. Dit is daarom noodsaaklik om die eienskappe van die inhoudelike elemente van rituele te begryp en te identifiseer (Wepener & van der Merwe 2009:201).

## 4.9. Bestudering van liturgie in die skoolkonteks.

### 4.9.1 Die konteks waar liturgiese elemente gevind kan word.

Volgens Stephan Joubert (2009:52) begin kerkwees by 'twee'. Hy argumenteer dat ons moet verstaan hoe die Nuwe Testamentiese skrywers oorspronklik oor kerkwees gedink het, voor ons ŉ werklike kans sal staan om belangrike beginsels rondom kerklike samekomste, soos gevind in die Nuwe Testament, sal kan identifiseer wat ook in ons huidige konteks belangrik is. Hiervolgens is dit belangrik om te verstaan wat die term '*ekklesia,*' wat net in die Matteus van die vier evangelies gebruik gemaak word, beteken. Die term kom die eerste keer in Matt. 16 voor waar Petrus moes bely dat Jesus die Here is. Jesus het toe die stelling gemaak dat die kerk op die belydenis gebou sal word. Joubert argumenteer vervolgens dat kerkwees dus begin met die belydenis dat Jesus die Gestuurde van God is (2009:53).

Joubert verwys na Matteus 18:19-20 " Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."
Hiervolgens argumenteer Joubert dat kerk gevolglik enige plek is waar twee van Jesus se volgelinge bymekaar is. Dit impliseer dat kerk net so goed langs die sportveld kan wees as in die kerkgebou self. Hy gaan verder deur te argumenteer dat: *"Kerkwees tussen twee of meer van Sy volgelinge gebeur wanneer daar ŉ nuwe verhouding van lojaliteit, respek en liefde tussen hulle bestaan op grond van hulle gedeelde geloof in Christus."* Kerk is ook volgens Joubert ŉ werkwoord, wat die sigbare lewende verhouding wat Christene met Jesus het tentoonstel in die wêreld (Joubert 2009:53).

Joubert argumenteer dat 'ekklesia' nie geboue is nie. Volgens hom was die vroeë kerk eerder ŉ beweging as ŉ institusie aangesien hulle nie soos ander formele kultusse ŉ amptelike plek van samekoms en kultiese personeel gehad het nie. Hulle het hul

identiteit gevind in hul deel wees van ŉ nuwe aardse liggaam van Christus. Om die waarheid te sê het die vroeë kerk homself gekenmerk aan die gebrek aan formele strukture omdat hulle in woonhuise hul byeenkomste gehou het. Die woonhuise van daardie tyd het ook anders gelyk as die wat ons vandag ken. Dit was lewende ruimtes waar die uitgebreide gesin gewoon het, hul vakmanskap uitgeleef het, boerdery en besighede bedryf is. Pa's (maar in sommige gevalle ook die ma) het aan die bestuur van die huishouding gestaan en het ook die rol as geestelike leier in die huishouding ingeneem. Die rol van die gesinshoofde in die 'ekklesia' konsep was om ook as weldoener, of dienskneg-leier, in die gemeenskap op te tree. Een van die kenmerke van die vroeë Christelike 'ekklesia' was dat die lede mekaar gedien het omdat hulle mekaar persoonlik geken het. Byeenkomste was ook nie gekenmerk aan gewone of amptelike byeenkomste nie en verhoudings was ŉ sentrale kenmerk aan die vroeë 'ekklesia' (2009:54-59).

Joubert verwys na Wilhelm Bousset, wat met ŉ godsdienshistoriese benadering die Bybel ondersoek het, se perspektiewe oor die eerste samekomste in Pauliniese gemeentes. Volgens Bousset was die samekomste gekenmerk aan ŉ feestelike atmosfeer waar liefdesmaaltyd gevier is, lofliedere gesing is, profetiese uitsprake gelewer is en leringe uit die skrif voorgehou is. Joubert identifiseer die beginsel dat samekomste moet dien tot opbou van al die lede van die gemeente as ŉ belangrike beginsel wat in Paulus se briewe te bespeur is (2009:60-61).

Joubert wys ook daarop dat, behalwe vir prediking, sang in die vroeë Christelike kerk ŉ belangrike pedagogiese middel was om die basiese waarhede van die evangelie by gelowiges in te skerp. Joubert verwys na die gebeure in Handelinge 16 hoedat Paulus en Silas in die tronk ŉ erediens gehou het deur van sang en gebed gebruik te maak. Die eerste huiskerke was ook bekend daarvoor dat hulle gereeld hul besittings na die samekomste toe gebring het sodat hulle daarmee die nood van ander kon verlig. Diens van barmhartigheid was dus ŉ sterk kenteken van 'ekklesia'. Vyf leierskapsrolle, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars het in die vroeë kerk funksioneer om spesifiek die gemeente toe te rus en die gemeente te bemagtig deur die regte kennis oor God, soos Paulus dit verduidelik het in Efesiërs 4, aan hulle bekend te maak (2009:63-68).

Op grond van bostaande sou dit nie vergesog wees om aan te neem dat die skoolkonteks heelwat kenmerke van ‘ekklesia’ kan bevat nie. Daar is verseker, tot op hede in ŉ land wat gekenmerk word as ŉ Christen land, van Jesus se volgelinge in skole teenwoordig wat ŉ verhouding van lojaliteit, respek en liefde onder mekaar uitleef en hul identiteit vind in deelname aan ‘ ŉ aardse liggaam van Christus.’ Binne die skool konteks is daar heelwat geleentheid, soos in klastye, pouses, sport en kulturele geleenthede, waartydens onderwysers/jeugwerkers en leerders mekaar kan leer ken, verhoudings kan bou en mekaar kan dien. Daar is ook geleenthede waar daar uit die Bybel gelees word, kinders onderrig word (spesifiek uit die Bybel), waar daar prediking is, gebid word en God geëer word deur sang. Binne die verstaan van kerk, kan skool ook as “ekklesia” gesien word.

Mens kan selfs argumenteer dat, hoewel dit nie per sy liturgie is nie, daar ŉ sterk teenwoordigheid van diens van barmhartigheid en versorging in die skoolkonteks teenwoordig. Die uitdeel van kospakkies aan behoeftige kinders en die teenwoordigheid van elemente van maatskaplike opheffing is net ŉ paar voorbeelde hiervan.

**4.9.2. Kenmerke van liturgie.**

Cas Wepener (2009:193) voel baie sterk daaroor dat die uitkoms van ŉ erediens ŉ ontmoeting met *“die God van die Bybel soos Hy Homself in Jesus Christus geopenbaar het...”* tot gevolg moet hê. Hierdie ontmoeting behoort van so aard te wees dat mense in hul eie leefwêreld aangespreek word. Liturgie is in diens van hierdie doelwit en veranderinge kan en moet in die liturgie aangebring word met hierdie doel voor oë.

Wepener (2009:190-192) identifiseer sewe riglyne wat in verskeie denominasies redelik algemeen aanvaar word, wat kan help om eredienste te beoordeel. Hierdie riglyne behoort, tydens die voorbereiding van ŉ erediens, deurentyd deur leraars en erediensspanne in ag geneem te word:

- God se teenwoordigheid en handeling: Aangesien God self in die erediens werksaam is, behoort die liturg eerder toe te laat dat die liturgie die liturg

maak deur haarself oop te maak deur ŉ bepaalde houding en verwagting te hê vir God se werk in die erediens.

- Dit wat gebeur is dialogies: As gevolg van die wederkerige ontmoeting tussen God en mens, behoort daar tekens te wees van ŉ antwoord karakter in die diens wat aantoon dat die mens antwoord op God se inisiatief om na ons toe uit te reik.
- Die Bybel as sentrale bron: Die Bybel is van die vroegste tye reeds die belangrikste wyse waarop die mens God en Sy wil vir ons kan leer ken. Die Bybel behoort dus die storielyn van die liturgie te bepaal.
- In, maar nie van die wêreld nie: Daar is ŉ wisselwerking tussen die kontekstuele, transkulturele, kruis-kulturele en kontra-kulturele kenmerke van die wêreld, kerk en Bybel wat in ŉ kritiese wederkerige verhouding tot mekaar staan. Hiervolgens verander die liturgiese ingekleurdheid konstant as gevolg van die wisselwerking van al die elemente wat binne die erediens versmelt.
- Die erediens het ŉ missionêre karakter: Die kerk het ŉ opdrag om gestuurde in die wêreld te wees en die erediens behoort die karakter van gestuurdheid duidelik te weerspieël. Hiervolgens behoort die gemeente verwelkomend, oop en gasvry te wees, veral teenoor vreemdelinge.
- ŉ Gereformeerde erediens behoort verbondsgerig te wees: Die erediens kommunikeer deur Woord en sakrament aan die hoorders eerstens ŉ verbondsgod wat hulle alreeds gevind het nog voordat hulle na God kon roep.
- ŉ Gemeenskaplike en gemeentelike saak: Die erediens word nie deur verskillende individue of sosiale groepe gevier nie, maar as deel van die geheel van die kerk as liggaam van Christus.

### 4.9.3. Kenmerke van ŉ lewenskragtige liturgie.

Johan van der Merwe (2009:148-162) verwys na Thomas Long se navorsing wat gepoog het om die eienskappe van lewende eredienste te identifiseer. Volgens Van der Merwe het Long spesifieke elemente geïdentifiseer wat kenmerkend is van gemeentes wat ŉ liturgie het wat sensitief is vir die kulturele tydsgees en toeganklik en gasvry is vir die mense wat die dienste bywoon. Hierdie elemente toon heelwat ooreenkomste met die riglyne wat Wepener in 4.7.2 identifiseer en kan as riglyn dien

vir identifisering van elemente (liturgies en verhoudingsmatig) wat in die skoolkonteks teenwoordig mag wees.

- ʼn Ervaring van God se teenwoordigheid.
- Werk hard daaraan om gasvry teenoor vreemdelinge wees.
- Maak die dramaties inhoud van die evangelie sigbaar in liturgie.
- Musiek en sang is van uitnemende gehalte en is eklekties in styl en genre.
- Die ruimte en omgewing van die erediens word ingerig om die erediensgebeure te komplementeer.
- Daar is duidelike bande tussen die gebeure in die erediens en die missionêre roeping na buite.
- Daar is ʼn redelike vaste diensorde maar tog ruimte vir afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die diens dien.
- Teenwoordigheid van vreugdevolle lof en viering veral in die laaste deel van die diens.
- Leiding word geneem deur sterk, liefdevolle, wyse en entoesiastiese leiers.

Van der Merwe (2009:162-164) meen dat die elemente nie van mekaar geïsoleer kan word nie, maar eerder as lense moet dien wat die observeerder sensitief maak vir wat in die erediens gebeur. Al nege elemente is noodsaaklik en geen een mag verwaarloos word nie. Hy gebruik ook die beeld van ʼn spinnerak: pluk aan een draadjie, dan beweeg die hele spinnerak. Net so moet ons versigtig wees oor hoe ons veranderinge aanbring sodat ons nie die geheelbeeld skade doen nie. Wat van uiterste belang is, is dat die storie wat die liturgie vertel, relevant vir die wêreld se nood is en dat die storie met egtheid en integriteit vertel word.

Vanuit bostaande kan die volgende elemente binne die skoolkonteks geïdentifiseer word as ooreenstemmend met die van ‘ekklesia’:

- Woord word verkondig.
- Mense getuig van hul geloof in Christus.
- Lede dien mekaar.
- Lofliedere word gesing.
- Daar is goeie verhoudings.
- Daar word gebid.

- Teenwoordigheid van lof- en dankliedere (sang).
- Onderrig.
- Gebed.
- Diens van barmhartigheid.

### 4.9.4. Kritiese toetsing van rituele.

Wepener (2005:3) verwys na Stringer se stelling wat die ruimte skep vir rituele navorsing: *"The first thing that any anthropologist will be interested in is a detailed study of what actually happens during the rite itself", and later, "…this has now become common, almost obligatory, to start any analysis of a rite with a very detailed account of what actually happens"* Hy brei dit uit deur sê dat die gedetaileerde beskrywing die beginpunt van die navorsing is en eis dat die navorser teenwoordig sal wees in die ruimte waar die aksie uitgevoer word. Die navorser behoort ook daaraan deel te neem, dit te observeer en te dokumenteer met die hoop dat nuwe insigte verwerf sal word.

Wepener & van der Merwe (2009:211-212) identifiseer ses stappe en 'n stel vrae wat in die proses van identifisering en ontleding van 'n ritueel gebruik kan word om die proses te vergemaklik. In samewerking met die eienskappe van rituele gaan hierdie stappe veral, binne die konteks van die studie, nuttig wees om rituele in die skool konteks te identifiseer.

Die ses stappe is:

1. Soek van simbole onderliggend aan die ritueel.
2. Ondersoek die historiese bedding en agtergrond van die ritueel.
3. Identifiseer die verhaal wat die ritueel probeer vertel.
4. Bepaal wat die ritueel per sy probeer vier, wie betrokke moet wees, die sintuiglike aspekte wat betrek word, gebruik van ruimte, tyd en voorwerpe.
5. Identifiseer hoe die deelnemer dit wat in die ritueel voorgestel word vir homself toe-eien (byvoorbeeld vergifnis).
6. Identifiseer die dimensies wat onderliggend aan die proses is en ook die verhouding waarin die dimensies teenoor mekaar staan.

Vrae wat gevra kan word is:

- Neem deelnemers uit eie oortuiging deel of nie?
- Is gebeure van die hede of van die verlede betrokke?
- Watter emosies word betrek?
- Wat is die doelwit van die ritueel?
- Probeer die ritueel om te hervorm of om te bewaar?
- Watter simbole word gebruik?
- Watter simbole is dominant en watter is sekondêr?
- Watter simbole is publiek en watter is privaat?
- Hoe sluit die ritueel by die Christelike tradisie aan?
- Hoe word die ritueel afgesluit met die oog op heropname in die alledaagse?
- Is daar 'n duidelike tyd en plek afgespreek vir die ritueel?
- Weet almal wat van hulle verwag gaan word in die ritueel?
- Is dit 'n eenmalige of herhalende ritueel?
- Is dit 'n eenvoudige of komplekse ritueel?

Bostaande riglyne en kenmerke is bruikbaar tydens die opstel van vrae wat tydens die praktykstudie gebruik kan word. Die riglyne en kenmerke is handig om rituele binne die skoolkonteks te identifiseer en te ondersoek.

## 4.10. Noodsaaklikheid van blootstelling aan rituele.

Wepener & Burger wys daarop dat daar twee belangrike aspekte van rituele studies is wat ernstig opgeneem moet word. Eerstens die ruimte waar die ritueel moet funksioneer en tweedens die besef dat ritiualiteit 'n kerndeel van die mens se lewe en bestaanswêreld uitmaak. Hulle wys daarop dat rituele nie net 'n belangrike aspek van menswees is nie, maar selfs noodsaaklik is vir 'n gesonde en gebalanseerde lewe (2007:750).

### 4.10.1. Rituele vervul die mens se behoefte aan belewenis van God.

Die woorde van Johannes 4:24: “God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.” bring 'n dimensie van aanbidding na vore wat

die mens in sy fisiese werklikheid uitdaag. Dit is gevolglik moeilik vir mense om God te beleef in hierdie anderse en vreemde dimensie. Wepener argumenteer dat, teologies gesproke: *"God dus in die ervaring van gelowiges ver en moeilik bereikbaar was en dat rituele daarvoor moes kompenseer. Rituele rakende relikwieë en heiliges was deurentyd pogings om God nader aan die mense te bring en om sy teenwoordigheid beter te beleef"* (2011:262). Dit is ook te verstane aangesien rituele 'n poging vir die mens is om die teenwoordigheid van God te beleef. Wepener haal vir Keith Pecklers aan wat skryf: *"God was considered by many to be too far removed from normal, human experience"* (Wepener 2012:4).

Ten spyte van 'n oënskynlike afname in bywoning van eredienste, haal Wepener & van der Merwe (2009:195) vir Paul Post aan dat daar in Nederland 'n tendens is dat belangstelling in rituele verhoog het. Wepener & van der Merwe meen dat die tendens ook in Suid Afrika te siene is. Hy getuig van 'n soort fees-kultuur wat gesien word in gevestigde KKNK, Aardklop en Grahamstad-Kunstefees tot nuut gevormde vleis-, kaas- en wynfeeste wat almal by uitstek rituele insluit. As gekyk word na die wydverspreide opbloei van rituele en aktiwiteite wat rituele as kern bevat, lyk dit asof daar 'n werklike behoefte vir nuwe en ou rituele bestaan (2009:195-196).

Die behoefte aan die belewenis van God het, volgens Martin Stringer, in die Middeleeue so intens geraak dat gelowiges selfs op die grens van afgodery buite die kerkgeboue en gebruiklike liturgie sou beweeg deur byvoorbeeld klein stukkies kruis te hanteer om daardeur op 'n meer fisiese vlak nader aan God te voel. Vervolgens argumenteer Stinger dat, toe die mense nie bevrediging aan hul behoefte vir die teenwoordigheid van God in die tradisionele kerk kon kry nie (weens sosio-politieke redes), die volk in 'n poging om eerlik uitdrukking te gee aan hulle eie geestelike behoeftes, hulle hul eie liturgiese rituele buite die kerk begin bedryf het (Wepener 2012:4).

Daar word beweer dat die absolute rasionaliteit en waarheid van die modernisme 'n ontnugtering in sommige mense veroorsaak het aangesien dit 'n koud en kliniese kerk agtergelaat het. Mense het steeds belewenisse nodig om hom te help om met die ingewikkelde aspekte van sogenaamde waarheid te assosieer. Dit is volgens Wepener & van der Merwe (2009:196) een van die verklarings waarom daar in baie mense die

sterk behoefte en strewe na feeste en feesvierings, wat rituele insluit, laat ontstaan het. Die gevolge van ŉ radikale eredienshervorming tydens die teologiese reformasie in die sestiende eeu het ŉ radikale verskralende effek op rituele en simbole in gereformeerde kerke tot gevolg gehad. Die mens het volgens hulle steeds *"ŉ behoefte om in sy/haar godsdiensbelewenis iets meer as bloot deur middel van die rasionele met God te kommunikeer, maar ook om gedurende aanbidding aangespreek te word deur al sy/haar sintuie en nie alleen deur verbale en kognitiewe insette nie."* Dit is dan nie vreemd om te sien dat mense sterk na belewenisse in die kerk en selfs buite die kerk soek as hulle vir so lank daarvan ontneem was nie.

### 4.10.2. Rituele kan die Christen lei tot geloof in God se heilswerk.

Vanuit ŉ godsdiensfenomenologiese perspektief help rituele mense om ŉ mistieke belewenis van God te kry wat kan lei tot ŉ emosionele katarsis. In kontras met die suiwer religieuse funksionering van rituele, behoort die rituele die mens te help om Christus se heilswerk vir homself toe te eien. Doop en nagmaal dien hier as primêre voorbeelde. In die Christelike konteks behoort rituele dus nie vir selfsugtige redes gebruik te word nie, maar eerder in diens van die evangelie (Wepener & van der Merwe 2009:205).

### 4.10.3. Rituele is funksioneel om geloofsvorming te versterk en te vestig.

Burger & Weppener (2007:57) maak gebruik van die doop as voorbeeld van ŉ ritueel wat die teken van inlywing in die kerk en die seël van God se genadeverbond versinnebeeld. Iemand wat die teken as kind (baba) ontvang het, behoort in die geloof onderrig te word sodat sy later deur die ritueel van belydenisaflegging die geloof kan bely. Die ritueel waar die kind geloofsbelydenis aflê kan die geloof voed, seël, onderhou en bevestig. Rituele is dus van groot waarde, nie net om vir die kind ŉ belewenis van God se teenwoordigheid te gee nie, maar om die kind se geloof te versterk deur dit ŉ langtermyn groeikrag te gee.

### 4.10.4. Rituele bevorder en fasiliteer identiteitsvorming.

Soos reeds in meer besonderhede bespreek in 2.7.4, bied rituele die geleentheid vir mens om deel te neem en deel te wees van ŉ groter groep mense wat funksioneel is om die sosiale afstand te verminder en sosiale integrasie te verbeter. Deelname aan rituele het die effek dat die deelnemer voel dat hy deel is van iets groter en nie alleen bestaan nie (Nauta 2001:94). Burger en Wepener (2007:58) gaan so ver as om te impliseer dat die gebrek aan liturgie skadelik vir identiteitsvinding kan wees deur na die rol van die doop te verwys as ritueel: *"As die doop nie meer ernstig geneem word as 'n beseëlde genade-aanbod en definitiewe identiteitsmerker nie, word mense uitgelewer aan die geestestrominge van die tyd en aan hulle eie keuses en smake. Onses insiens is dit 'n fatale fout wat hom op die lang duur op die Protestantisme sou wreek."*

**4.10.5. Rituele betrek die rasionele en sintuiglike dimensies van die mens.**

Rituele betrek die hele mens in haar volle sintuiglike en verstandelike dimensie en voldoen ook aan die hedendaagse behoefte van mense om op visuele en aktiewe wyse deel te neem aan aktiwiteite (Wepener & van der Merwe 2009:205).

**4.10.6. Rituele bevorder eensgesindheid in die verstaan van simbole.**

Aangesien simbole soms verwarrend kan wees, weens die meerduidige waarde wat simbole vir verskillende mense in verskillende kontekste kan aanneem, bied rituele vir die deelnemer ŉ duidelike rigting aan vir die identifisering van betekenis van die simbool. Dit verskraal die kans dat simbole verkeerd geïnterpreteer kan word wat lei tot eensgesindheid (Wepener & van der Merwe 2009:205).

**4.10.7. Rituele kan bewaar of hervorm.**

Hoewel dit klink na ŉ teenstrydige stelling, is rituele ontwerp om in verskillende kontekste en toepassings of te bewaar of te hervorm. Rituele wat ontwerp is om te bewaar vestig orde te midde van chaos deur kernwaardes te bevestig en identiteit te definieer of te artikuleer (Wepener & van der Merwe 2009:205). ŉ Voorbeeld hiervan is lewensfase-rituele soos die bekende barmitswa/batmitswa. Rituele wat ontwerp is om te hervorm wil dinamiese transformasie fasiliteer deur nuwe waardes te

onderhandel of toe te eien (Wepener & van der Merwe 2009:205). Aflegging van belydenis van geloof kan ook as voorbeeld dien.

#### 4.10.8. Rituele is van groot waarde om etiese en morele waardes oor te dra.

Wepener voer aan dat 'n goeie kategumenaat wat die ritueel liturgiese insigte in ag neem, op 'n didaktiese, etiese en missiologiese vlak voordelig is vir ons sosiale konteks aangesien dit help om die etiese diskrepansie te verbeter deur geloof en dade deur middel van 'n doelbewuste proses te verbeter (Wepener 2007:309). In die Patristiese tydperk is onderrig deur middel van die ritueel begelei en beide lering en liturgie was deurentyd betrek by lering, in so groot mate dat die een selde sonder die ander een funksioneer het (Wepener 2007:315). Rein Nauta (2001:93) se argument dat rituele waarde het om etiese en morele waardes oor te dra, soos reeds bespreek in 2.7.4, versterk Wepener se argument. Aangesien die skoolkonteks baie moeilik 'n tradisionele kategumenaat sal kan vestig en onderhou, lê die hoop daarin dat 'n nuwe ontwikkeling in liturgiese aspekte in die skoolkonteks voordelig kan wees. Uit watter inhoud en aard die liturgiese elemente wat ook al in die skool konteks bygewerk word om kinders te begelei na meelewende Christene, is die teenwoordigheid van 'n geestelike substansie in die liturgie noodsaaklik (Burger & Wepener 2007:51). Daar behoort daarteen gewaak te word dat die dimensie van belewenis van God nie ten koste van 'n kognitiewe en lerende karakter prysgegee word nie (Burger & Wepener 2007:56).

## 4.11. Afleidings gemaak uit literatuurstudie in Hoofstuk 4 relevant in die skoolkonteks.

#### 4.11.1. Ooreenkomste met die klassieke 'ekklesia' model.

Vanuit 4.9 is dit duidelik dat daar vele ooreenkomste is met die klassieke 'ekklesia' model en die skoolkonteks.

- Teenwoordigheid van voorbeeldige Christelike lewenswyse in die lewens van onderwysers/jeugwerkers wat meelewende Christene is.

- Die potensiaal dat die skoolkonteks vele eienskappe van die kerk as liggaamsmodel kan vertoon.
- Teenwoordigheid van onderlinge vertrouensverhoudings by kinders en onderwysers/jeugwerkers.
- Die teenwoordigheid van geleenthede van lering om waarhede van die evangelie by kinders in te skerp.
- Vele geleenthede waartydens daar geleentheid is vir aanbidding en woordverkondiging.
- Teenwoordigheid van diens van barmhartigheid in sosiale opheffingprojekte wat die skool loots.
- Vele liturgiese elemente is teenwoordig soos byvoorbeeld die sing van lof- en dankliedere, gebed en woordverkondiging.

**4.11.2. Die uitdaging vir die kerk te midde van 'n nuwe kultuur waar kinders min of glad nie meer kerk bywoon nie.**

Tertullianus het nie verniet opgemerk dat "Christene gemaak, en nie gebore word nie" (Senn 1998:1 soos aangehaal in Wepener 2007:311). Die nadeel van 'n kultuur waar kinders nie blootgestel word aan 'n gestruktureerde kategumenaat nie, is dat die kinders 'n oppervlakkige geloof kan ontwikkel wat, in Bonhoeffer se woorde, ' 'n goedkoop dissipelskap' tot gevolg kan hê (Wepener 2007:308*)*, en vanuit Tertullianus se perspektief potensieel nie 'Christene' gaan wees nie. Die navorser meen dat die skoolkonteks benut kan word om eerstens die leemtes wat in tradisionele gemeentes se kategumenaat bestaan aan te vul en tweedens dat die kinders wat geen blootstelling aan 'n kategumenaat ontvang nie, by die skool die blootstelling kan ontvang.

**4.11.3. Rituele het die potensiaal om groot invloed op die geloofsvorming van kinders in skole uit te oefen.**

Soos bespreek in 4.10, is die volgende aspekte van belang:

- Rituele vervul die mens se behoefte aan belewenis van God.
- Rituele kan die Christen lei tot geloof in God se heilswerk.
- Rituele is funksioneel om geloofsvorming te versterk en te vestig.

- Rituele bevorder en fasiliteer identiteitsvorming.
- Rituele betrek die rasionele en sintuiglike dimensies van die mens.
- Rituele bevorder eensgesindheid in die verstaan van simbole.
- Rituele kan bewaar of hervorm.
- Rituele is van groot waarde om etiese en morele waardes oor te dra.

## 4.12. Samevatting

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat liturgiese elemente en veral rituele van groot belang is, nie net in die oordra en vestiging van evangeliese waarhede nie, maar dat dit selfs sentraal staan aan menswees. Kinders het 'n behoefte om deel te neem aan liturgiese elemente en is selfs noodsaaklik om die individu te help op die weg van identiteitsvorming en identiteitsvinding. Rituele is noodsaaklik om kinders te begelei na 'n ontmoeting met God, wat 'n waardevolle rol in geloofsvorming speel.

Die basisteorie van die funksionering en die identifisering van liturgie in die skoolkonteks is gestel, die kenmerke van rituele is geïdentifiseer en die proses van identifisering van liturgiese elemente in die skoolkonteks is op die tafel geplaas.

Vervolgens gaan ek in Hoofstuk 5 oor na die praktykstudie waarin die elemente in Hoofstuk 4 geïdentifiseer, sowel as die aspekte soos in hoofstuk 2 en 3 geïdentifiseer as relevant in die skoolkonteks, saamgetrek word om die praktykstudie uit te voer.

# Hoofstuk 5.

# Die praktykstudie.

In hierdie hoofstuk word die besonderhede van die kwantitatiewe- en kwalitatiewestudie, wat poog om lig te werp op die praktyk van geloofsvorming van kinders binne die konteks van tradisioneel Afrikaans-Christelike skole, uiteengesit.

## 5.1. Navorsingsmetode.

Gesien vanuit Osmer se taak van die praktiese teoloog (2008:93), was die navorser in die voorafgaande hoofstukke besig met ŉ kombinasie van die Beskrywend–Empiriese taak en die Normatiewe taak soos gesien vanuit ŉ literatuurstudie (1.4.2). In hierdie hoofstuk maak die navorser gebruik van die wisselwerking tussen die beskrywend-empiriese taak en die interpreterende taak in die praktyk. Dit stel die navorser in staat om ŉ perspektief te kry van die effektiwiteit van geloofsoordrag, weens verskeie elemente teenwoordig in die skoolkonteks, op die geloofsvorming van kinders.

## 5.2. Keuse vir gebruik van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes.

Die kwantitatiewe studie word gebruik om kandidate te identifiseer vir verdere kwalitatiewe studie. Kwantitatiewe navorsing is juis van waarde om statistiese patrone en verhoudings te ontdek (Osmer 2008:627). Anders as in persoonlike onderhoude, voel respondente nie so persoonlik blootgestel in beantwoording van vrae van ŉ vraelys nie. Dit is veral relevant aangesien daar van Gr.7 leerlinge gebruik gemaak word. Die antwoorde kan gegroepeer word om tendense aan te toon vir verdere gebruik in die kwalitatiewe deel van die studie. Die kwantitatiewe studie word ook gebruik om sekere tendense binne die skoolkonteks te identifiseer vir vergelyking met soortgelyke studies in ander kontekste. Die proses maak statistiese vergelyking en analise moontlik (Babbie 2010:24).

In die studie bestudeer die navorser beide die geloofsvormende rol van verhoudings en die impak van liturgiese elemente in die skoolkonteks. Die kwalitatiewe-navorsingsmetode is van waarde om statistiese patrone en die verhoudings van verskillende elemente in ŉ sisteem na te speur. Dit is ook ideaal om die betekenisse wat klein groepe en individue koppel aan die wisselwerking tussen aksies en gebruike van daaglikse lewe te beskryf en na te gaan. Daarom word daar tydens die kwalitatiewe fase van die studie gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude om die spesifieke wisselwerkinge van die aktiwiteite en invloede teenwoordig in die skoolkonteks te bepaal en te evalueer (Osmer 1994:627-638).

## 5.3. Navorsingsdoelwit.

Die doelwit is om na te speur of die skoolkonteks ŉ noemenswaardige invloed het op die geloofsvorming van kinders. Binne die skoolkonteks is, vanuit die literatuurstudie, aangetoon dat daar twee belangrike invloedsfere in die skoolkonteks teenwoordig is naamlik: kinders se verhoudings met onderwysers/jeugwerkers en blootstellig aan liturgiese aktiwiteite.

Daar is dus twee aparte elemente teenwoordig. Eerstens identifisering van die kommunikatiewe handelinge tussen onderwysers en kinders wat positiewe impak op geloofsvorming het al dan nie, en tweedens om uit te vind of die liturgiese elemente waaraan die kinders in die skool blootgestel word, positiewe invloed op hul geloofsvorming het, al dan nie. Die proses wat gevolg is word vervolgens by 5.4. tot 5.6 in meer besonderhede beskryf.

Aangesien die literatuurstudie aangetoon het dat primêre geloofsvorming plaasvind tydens die vormingsjare (sien literatuurstudie by 2.2.1 & 2.5) is die besluit geneem om die praktykstudie by ŉ laerskool uit te voer. Vanuit die titel van die studie is dit duidelik dat die navorser gebruik maak van Afrikaans-Christelike skole. As gevolg van die navorser se beroep as predikant is die navorser aan verskeie skole blootgestel. Die navorser het gevolglik ŉ spesifieke skool genader wat na sy mening ŉ sterk Christelike etos handhaaf. Daar is ook besluit om van die Gr.7 leerlinge gebruik te maak, aangesien hierdie leerlinge vir die langste moontlike tydperk aan die spesifieke

skoolkonteks blootgestel was en gevolglik beter terugvoer sou kon gee rakende die invloed wat die skoolkonteks op hul geloofsvorming kon uitoefen.

Die navorser het nagevors of daar onderwysers/jeugwerkers is wat ŉ positiewe impak op kinders se geloofsvorming het. Hiervoor is ŉ vraelys aan al die Gr.7 klasse in die skool gegee waarin daar onder andere spesifiek gevra word of daar ŉ onderwyser/jeugwerker is wat in die verlede ŉ positiewe impak op hul geloofsvorming gehad het. Die respondente is ook gevra om, indien teenwoordig, die onderwysers/jeugwerkers te identifiseer vir latere studie.

Die skool is ŉ voorstedelike Afrikaanse laerskool met meer as 99% blanke skoliere. Die skool kan beskryf word as ŉ tradisioneel Afrikaans-Christelike skool met bykans 800 skoliere. Die skool het ŉ sterk funksionerende Verenigende Christen-Studentevereniging van Suid Afrika (VCSV) wat deur twee dinamiese volwassenes, een onderwyser en een voltydse jeugwerker bestuur word. Die skool se beleid laat toe vir Christelike Godsdiensbeoefening (sien Addendum D).

## 5.4. Primêre doelwitte van vraelyste.

1. Identifisering van potensiële respondente, wat nie aan ŉ noemenswaardig-geloofsvormende konteks by die huis/kerk blootgestel word nie.
2. Identifisering van onderwysers wat ŉ oënskynlike positiewe impak op die kinders se geloofsvorming uitoefen.
3. Om moontlike tendense te identifiseer rakende die impak wat volwassenes, teenwoordig in die skoolkonteks uitoefen op geloofsvorming van kinders.
4. Om ŉ tendens aan te dui oor die invloed wat liturgiese aktiwiteite uitoefen in die geloofsvorming van kinders wat deelneem aan sulke aktiwiteite.

## 5.5. Minimalisering van potensiële kontaminasie van antwoorde gegee in vraelyste.

Tydens ŉ konsultasie met die skool se bestuur, het die kwessie van kontaminasie van die antwoordstelle vorendag gekom. Die onderwysers het aangedui dat, weens die

potensiële sensitiewe aard van die vrae, dit moontlik is dat kinders ʼn antwoord sou gee wat volgens die kinders die antwoord sou wees wat vir die volwassenes aanneemlik sou wees. Daar is vervolgens besluit op vraelyste wat anoniem ingevul word sonder dat onderwysers en/of jeugwerkers teenwoordig sou wees tydens die voltooiing van die vraelyste. In lyn met die Universiteit van Pretoria se riglyndokument vir ingeligte toestemming (Louw & Taljard & Hinch 2002), is respondente mondelings verseker dat geen onderwyser/jeugwerker toegang tot hul antwoorde sou kry nie en ook nie in die klas teenwoordig sou wees tydens aflê van die vraelyste nie. Hulle is ook verseker dat die persoon wat die dag teenwoordig sou wees by die aflê van die vraelyste, hulle nie sal kan identifiseer nie aangesien daar geen name op die antwoordbladsye ingevul sou word nie.

Elke kind is egter gevra om sy/haar klas nommer, wat net deur die onderwysers geïdentifiseer kan word, op die antwoordblad aan te dui. Indien die navorser met ʼn spesifieke respondent verdere onderhoude wil voer, is dit gevolglik moontlik om die spesifieke respondent te identifiseer deur middel van die skool se bestuur, sonder dat die inhoud van die antwoordblaaie aan enige onderwyser/jeugwerker bekend sou word.

## 5.6. Proses van samestelling van semi-gestruktureerde vraelyste.

Daar is telkens van relevante inligting, verkry vanuit die literatuurstudie, gebruik gemaak om vrae te identifiseer en op te stel wat relevansie toon in die spesifieke konteks. Vervolgens word die denke agter die keuse vir die vrae en die samestelling van die vraelyste in besonderhede behandel.

### 5.6.1. Samestelling van vrae by afdeling A: Biografiese inligting.

Afdeling A bevat biografiese inligting. By die afdeling kry die respondent ook geleentheid om aan te toon wat die normale maandelikse kerkbywoning van die huis is waar hy/sy grootword.

By vraag een dui die respondent geslag aan. Dit kan insiggewende afleidings rakende die geslagtelike verskil in geloofvorming en betrokkenheid by skool aktiwiteite moontlik maak.

By vraag twee dui die respondent aan hoe lank hy in die betrokke skool teenwoordig was, wat ŉ aanduiding kan gee van die invloed wat die invloed van langtermyn blootstelling aan die spesifieke konteks is.

Vraag drie funksioneer daartoe om aanduiding te gee van spesifieke konteks waaraan spesifieke individue blootgestel word. Dit kan insiggewende antwoorde gee rakende die individu se spesifieke keuses en potensiële invloed van buite die skoolkonteks. Daar is byvoorbeeld ŉ korrelasie gevind tussen die keuse van ouer/voog as primêre geloofsinvloed en die afwesigheid van ŉ geboorte ouer. Dit is egter toevallige insigte wat nie binne die skopus van die studie val nie, maar tog noodsaaklik vir ŉ breër perspektief en vir identifisering van potensiële invloede.

Die eerste doelwit van die semi-gestruktureerde vraelys was om kinders te identifiseer wat nie by die huis of kerk aan geloofsvormende stimulasie blootgestel word nie. Hierdie is ŉ kritiese aspek van die studie aangesien die studie juis respondente wil identifiseer wat geensins aan ŉ geloofsgemeenskap buite die skool of huis blootgestel word nie. Die invloed wat die skool konteks op hul geloofsvorming uitoefen word dan nagegaan met die doel om te kontroleer of die skool ŉ positiewe impak op hul geloofslewe het al dan nie.

Om die spesifieke respondente te identifiseer is gekyk na hul antwoord op vraag 4. Die vraag word primêr gebruik as identifikasie van kinders wat nie in ŉ geloofsgemeenskap betrokke is nie of min aan ŉ geloofsgemeenskap buite die skoolkonteks blootgestel word.

Vraag 4. Hoeveel keer per maand gaan jy tans saam met jou ouers/voogde kerk toe?

Indien wel, na watter kerk gaan julle?

| | |
|---|---|
| Woon geen kerkdienste by nie. | |
| Woon ongeveer 1 keer per maand ŉ kerkdiens by. | |

| | |
|---|---|
| Woon meer as 2 keer per maand 'n kerkdiens by. | |

Die respondente wat nee geantwoord het, se antwoordblad word met 'n A1 gemerk. Indien die respondent aangedui het dat hy ongeveer 1 keer per maand 'n kerkdiens bygewoon het, word dit met 'n A2 gemerk en indien die respondent aangedui het dat hy meer as 2 keer per maand 'n kerkdiens bygewoon het word dit met 'n A3 gemerk. Die laer syfer dui potensiële invloed van die kerkgemeenskap en die betrokkenheid van die respondent aan.

Vraag 5: Hoeveel keer per maand woon jy die CSV by die skool by?

| | |
|---|---|
| Woon glad nie die CSV by nie. | |
| Woon die CSV ongeveer 1 keer per maand by. | |
| Woon die CSV meer as 2 keer per maand by. | |
| Woon elke CSV geleentheid by. | |

Hierdie vraag wil 'n soortgelyke tendens aandui soos in Vraag 4, in terme van die invloed wat VCSV bywoning het, al dan nie, op die geloofsvorming van kinders.

**5.6.2. Samestelling van vrae by afdeling B: Persoonlike geloof.**

Aangesien die navorsing gedoen deur Search Institute soos aangehaal en verwerk deur Holmen (2005:43) en binne die Suid-Afrikaanse konteks, Avenant (2011:115-116) (soos bespreek in 3.1) as verwysingsraamwerk gebruik word, is dit wenslik om ooreenkomste met die tendense soos in vorige studies in hierdie konteks te toets. Indien daar 'n ooreenstemming is, kan dit die relevansie en sukses van die navorsingsmetode wat in die studie gebruik is, bevestig en onderstreep.

Vraelyste bevat vrae wat die volgende primêre invloede op geloofslewe in ag neem:

- Kerkbywoning en betrokkenheid.
- Persoonlike uitlewing van geloof.
- Invloed van voorbeeld van ouer op individu se geloofslewe.
- Invloed van voorbeeld van volwassenes teenwoordig in die skool konteks op individu se geloofslewe.
- Invloed van liturgiese elemente teenwoordig in die skool konteks op geloofslewe van individu.

Kern vrae kom uit die verwerking van die invloed van ouers op geloofsvorming van kinders soos bespreek in 3.1. en aangehaal in Holmen (2005:43). Avenant (2011) se vraelys is ŉ goeie bron van verwysing vir navorsing gedoen in die Suid-Afrikaanse konteks om potensiële vrae te identifiseer.

Die respondente kry geleentheid om aan te dui watter van die onderstaande persone die grootste invloed op hul geloofslewe gehad het. Om die nuwe konteks van die skool te verantwoord, kry die respondent ook die geleentheid om ŉ volwassene by die skool (onderwyser of jeugwerker) en maats by die skool te kies. Respondente kan net een persoon identifiseer sodat hulle geforseer word om mooi daaroor na te dink en om die verwerking van die inligting te vergemaklik. Die volgorde is soortgelyk aan die van die oorspronklike navorsing wat deur die Search Institute (1990) gebruik is en wat deur Avenant (2011:116) in die Suid-Afrikaanse konteks as relevant bevestig is.

Hierdie gegewens behoort ŉ korrelasie te toon met die bevindinge van Search Institute (1990). Tog is die hoop dat die data ook ŉ aanduiding sal gee van die teenwoordigheid van rolspelers in die skoolkonteks teenwoordig wat ‘n oenskynlike positiewe impak op kinders uitoefen. Antwoorde op vraag 7 word genotuleer en indien daar ŉ rolspeler vanuit die skool konteks geïdentifiseer word, word die vraelys eenkant geplaas en duidelik gemerk met ŉ (7) vir latere verwysing.

7. By wie dink jy het jy die meeste geleer van Jesus Christus se liefde vir jou? (kies een)

| | |
|---|---|
| My ma. | |
| My pa. | |
| Predikant/pastoor. | |
| My ouma/oupa. | |
| Volwassene by die skool (onderwyser of jeugwerker). | |
| Volwassene by die kerk. | |
| Maat by die skool. | |
| Maat by die kerk. | |

Aangesien hierdie vraag ŉ identifiserende rol het, sal antwoorde by vraag 7 geen invloed op die waarde van die antwoorde in afdeling B voorsien nie.

Barna (2007:8-9) se navorsing oor die tradisionele bedieningstyl identifiseer die volgende aspekte wat in die studie getoets is:

- 19% kinders glo hulle het die verantwoordelikheid om teenoor hulle maats te getuig.
- Minder as die helfte sê dat hulle geloof vir hulle belangrik is.
- 8 uit 10 glo dat mense hul toegang tot die hemel kan verdien.
- 4 uit 10 glo dat hulle God met hul hele wese lief moet hê.
- 6 uit 10 glo dat God verantwoordelik was vir die Skepping.
- meeste kinders het geen voorneme om kerk by te woon as hulle in hul twintigs is nie.

Vrae oor die eerste twee aspekte (belangrikheid van hul geloof en verantwoordelikheid om te getuig) is in die vraelys in ag geneem.

Die tien karaktereienskappe wat volgens Strommen en Hardel (2000:18,105) kenmerkend is van ʼn lewe van toewyding aan Jesus Christus en in 2.9 bespreek is, is in ag geneem om die respondente se uitlewing van hul geloofsoortuigings te toets en ʼn gevolglike waarde daaraan te heg.

Tien karaktereienskappe:

- Vertroue in ʼn persoonlike verhouding met Jesus.
- Begrip van genade en lewe in genade.
- Gereeld in gemeenskap met God.
- Demonstreer morele verantwoordelikheid.
- Aanvaar verantwoordelikheid in die gemeente/skool.
- Demonstreer onvoorwaardelike en liefhebbende lewens.
- Aanvaar verantwoordelikheid en is ook persoonlik verantwoordelik.
- Vertoon ʼn hoopvolle en positiewe houding.
- Neem deel aan die rituele van die Christelike gemeenskap.
- Deelname in en aan sending en dienslewering.

Daar is vrae wat aspek 1, 3, 4, 9 en 10 in die vraelys in ag neem. As gevolg van die fokus van die studie en die invloed wat ouderdom op geloofsvorming het, is aspekte 2, 5, 6, 7 en 8 nie ingesluit nie.

Vraag 6. Hoe belangrik is jou persoonlike verhouding met Jesus Christus vir jou?

| | |
|---|---|
| Glad nie belangrik nie. | |
| Baie belangrik. | |

Vraag 8. Het jy al ooit met jou maats by die skool gesels oor jou geloof in Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek is te bang om met my maats oor Jesus te praat. | |
| Ja. | |
| Ek praat gereeld met my maats oor my verhouding met Jesus. | |

Vraag 9. Hoeveel keer per week lees jy die Bybel en/of ander Christelike materiaal?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| 1 x per week. | |
| 3 x per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 10. Hoe gereeld bid jy as jy alleen is?

| | |
|---|---|
| Ek bid byna nooit as ek alleen is nie. | |
| Ek bid net somtyds as ek alleen is. | |
| Ek bid meer as 5 keer per week as ek alleen is. | |
| Ek bid meer as 1 keer per dag as ek alleen is. | |

11. Is jy gedoop?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek weet nie. | |
| Ja. | |

Hierdie vraag is ingesluit om te toets of die ouer die kind ingelig het oor die betekenis van die doop. Dit spreek van teenwoordigheid van opvoeding oor geloofsoortuigings al dan nie. Indien die respondent ja of nee geantwoord het, toon dit aan dat die respondent bewus moet wees van die feit. Beide antwoorde 'Ja' en 'Nee' kry ŉ waarde van 2 en 'ek weet nie' ŉ waarde van 1 by nasien van die vraelys.

12. As jy terug dink oor jou lewe in die afgelope paar jaar, watter invloed het jou geloof in Jesus (wat God vir jou lewe wil hê) gehad in die besluite wat jy gemaak het oor hoe jy teenoor ander mense optree?

| | |
|---|---|
| Dink nie dit het enigsins invloed gehad nie. | |
| Dink dit het 'n bietjie invloed gehad. | |
| Dink dit het 'n groot invloed gehad. | |

13. Het jy al ooit saam met die kerk gegaan om iemand anders wat hulp nodig gehad het te help met kos, klere, gebed of ander hulp?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ja. | |

(Vraag 13 is so gestel om gemeentebetrokkenheid en uitleef van geloofslewe te toets.)

14. Hoe gereeld luister jy na Christelike musiek (Gospel musiek) as jy alleen is?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 5 keer per week. | |
| Elke dag. | |

15. Dink jy dit is jou plig om 'n maat te waarsku as hy/sy iets doen wat verkeerd is?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Dit is te moeilik om met my maats te praat oor wat reg en verkeerd is. | |
| Ja. | |

**5.6.3. Samestelling van vrae by afdeling C: Invloed van ouers/voogde op geloofslewe.**

Soos bespreek in 3.10.1, identifiseer Mark Holmen (2011:183) vier sleutels wat geloof by die huis voed. Hierdie aspekte is in ag geneem by die opstel van vrae by afdeling C wat poog om die invloed van die ouers op die geloofslewe van die kind identifiseer.

1. Sorgsame gesprekke en geloofsgesprekke.
2. Huisgodsdiens.
3. Gemeenskapsgerigte bedieninge (vir die huis).
4. Rituele en tradisies in die huis.

Vraag 16. Hoe gereeld sien jy dat jou ma/pa/voog by die huis uit die Bybel lees?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |

| | |
|---|---|
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 17. Hoe gereeld bid jy saam met jou ma/pa/voog by die huis?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag | |

Vraag 18. Hoe gereeld praat jou ma/pa/voog met jou oor jou persoonlike geloof in Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Gereeld. | |

Vraag 19. Dink jy jou ma/pa/voog leef hulle geloof in Jesus Christus uit? (M.a.w. hulle doen wat Jesus wil hê hulle moet doen).

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Somtyds. | |
| Ja. | |

Vraag 20. Toe jy nog baie klein was, het jou ma/pa/voog ooit vir jou Bybelstories uit die Bybel of uit 'n Kinderbybel gelees?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek kan nie onthou nie. | |
| Ja. | |

Vraag 21. Is daar 'n Bybelverhaal wat vir jou spesiaal is? Indien wel, watter verhaal is dit?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ja. | |
| Bybel verhaal wat vir jou spesiaal is: | |

Vraag 21 is ingesluit om lig te werp op effektiwiteit van die vertelling van die verhale

aan die respondent. Dit werp ook lig op die rol wat die Bybel speel in die geloofsvorming aan die kind en dui terselfdertyd op persoonlik geloof.

**5.6.4. Samestelling van vrae by afdeling D: Invloed van volwassenes by die skool.**

Die invloed van onderwysers op geloofsontwikkeling van die kinders word vergelyk met die invloed wat die ouers toon. Daarom is die vrae soortgelyk as die van in afdeling C (invloed van ouers). Die respondente kry geleentheid om by vraag 27 ŉ volwassene en/of volwassenes te identifiseer wat na hul mening ŉ groot invloed op hul eie geloofsvorming uitoefen. Hierdie antwoorde kan van groot waarde wees vir identifisering van volwassenes vir verdere ondersoek. Die maksimum potensiële D telling is 18 wat as riglyn dien vir die blootstelling wat volwassenes by die gegewe skool aan kinders voorsien wat geloofsvorming positief beïnvloed.

Vervolgens vrae in afdeling D soos op antwoordblad:

Vraag 22. Hoe gereeld sien jy ŉ volwassene by die skool wat uit die Bybel lees?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 23. Hoe gereeld sien jy dat ŉ volwassene by die skool bid?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 24. Hoe gereeld praat ŉ volwassene by die skool met jou oor jou persoonlike geloof in Jesus?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Gereeld. | |

Vraag 25. Is daar ŉ volwassene of volwassenes by die skool wat hul geloof in Jesus Christus uitleef? (Met ander woorde, hulle doen wat Jesus wil hê hulle moet doen).

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ja. | |

Vraag 26. Kan jy onthou of 'n volwassene by die skool vir jou Bybelverhale vertel of stories uit 'n Bybel voorgelees het?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek kan nie onthou nie. | |
| Ja. | |

Vraag 27. Is daar 'n volwassene of volwassenes by die skool by wie jy baie geleer het van Jesus Christus se liefde vir jou en wat baie invloed het op jou verhouding met Jesus? En indien wel, gee asb. die volwassene se naam, of as daar meer as een is, hulle name.

| | |
|---|---|
| Nee, glad nie. | |
| Ja, beslis. | |
| Indien jy 'Ja' geantwoord het, gee asb. volwassene/volwassenes se naam/name: | |
| | |

**5.6.5. Samestelling van vrae by afdeling E: Invloed van liturgie in die skool.**

In Hoofstuk 4. by 4.9.3. "Kenmerke van 'n lewenskragtige liturgie" van die literatuurstudie, is die volgende elemente geïdentifiseer wat heel waarskynlik in die skool-konteks teenwoordig behoort te wees.

- Woord word verkondig.
- Mense getuig van hul geloof in Christus.
- Daar is goeie verhoudings.
- Daar word gebid.
- Teenwoordigheid van lof en dank liedere (sang).
- Onderrig.
- Gebed.

Met bostaande in gedagte, en na aanleiding van informele gesprekke met die bestuur van die skool en informele observasie van die potensiële liturgiese elemente wat in die skool teenwoordig is, is die vraelys aangevul met vrae wat respondente se

belewenis en opinie oor die invloed van liturgiese elemente teenwoordig in die skoolkonteks op hul geloofslewe evalueer.

Dit moet hier genoem word dat die skool se beheerliggaam 'n beleid het van Christelik gefundeerde onderwys. Die skool kan gevolglik, sonder enige nagevolge, van Christelike godsdienstige praktyke gebruik maak om die bevordering van die Christelike beleid te dien. Die mandaat vir hierdie beleid word gevind die volgende relevante artikels:

- Artikel 15 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;
- Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet;
- Artikel 21 van die Gauteng Wet op Skoolonderwys;
- Artikels 3 en 46 van die Regulasies met betrekking tot Beheerliggame van Openbare Skole, uitgevaardig in terme van die Gauteng Wet op Skoolonderwys;
- Die Grondwet van die Laerskool.

'n Voorbeeld van die beleid kan gesien word by addendum D (met toestemming).

Die skool het 'n sterk funksionerende VCSV wat deur 'n betaalde opgeleide jeugwerker en 'n gemotiveerde onderwyser bestuur word. Die skool het ook gereelde saalopeninge waartydens die teologies opgeleide persone geleentheid gegun word om die nuwe week met skriflesing, kort boodskap en gebed te open. Indien daar nie saalopening is nie, kom die hele skool op die aantreevlak bymekaar en daar word deur middel van skriflesing en gebed geopen. Die beleid maak ook voorsiening van 'n weeklikse gewyde sang periode.

Die volgende vrae is in die vraelys onder afdeling E: "Invloed van liturgie in die skool," ingesluit om die invloed van liturgiese elemente op die geloofsvorming van die kinders te evalueer. Aangesien die kind se algemene opinie oor die belewenis van die aktiwiteite gevra word, maak die navorser gebruik van taal wat 'n gevoelsmatigheid probeer oordra bv: "Nee, nie rêrig nie" en "Ja, beslis."

Vervolgens die vrae in afdeling E soos op antwoordblad:

Vraag 28. Hoe gereeld bid julle by die skool as 'n groep saam?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 29. Hoe gereeld lees julle by die skool saam uit die Bybel?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag. | |

Vraag 30. Sien jy daarna uit om die sang in die saal by te woon?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |
| Somtyds. | |
| Ja, beslis. | |

Vraag 31. Hoeveel keer in die laaste maand het jy 'n geleentheid by die skool bygewoon waar daar uit die Bybel gelees word, oor die teksgedeelte gesels word en dan daaroor gebid word?

| | |
|---|---|
| Nie een keer in die laaste maand nie. | |
| Ek is nie seker nie. | |
| 1 keer in die laaste maand. | |
| Meer as 3 keer in die laaste maand. | |

Vraag 32. Hoeveel keer in die laaste maand het jy 'n geleentheid by die skool bygewoon waar julle saam as 'n groep die Here geloof en prys het met Christelike (Gospel) musiek?

| | |
|---|---|
| Nie een keer nie in die laaste maand nie. | |
| Ek is nie seker nie. | |
| 1 keer in die laaste maand. | |
| Meer as 3 keer in die laaste maand. | |

Vraag 33. Dink jy die geleenthede waartydens julle as 'n groep saam die Here loof en prys laat jou nader aan die Here voel?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |

| | |
|---|---|
| Somtyds. | |
| Ja beslis. | |

Vraag 34. Dink jy die geleenthede waartydens jy na 'n boodskap uit die Bybel by die skool geluister het, verbeter jou verhouding met Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |
| Somtyds. | |
| Ja beslis. | |

## 5.7. Dataverwerkingsproses

Aangesien die moontlikheid bestaan dat potensiële afleidings vanuit die data verlore kan gaan wanneer van eksterne data-analiseerders en assistente gebruik gemaak word, verkies die navorser om self die data te analiseer, lyne te trek en gevolgtrekkings te maak. Die navorser het gekies om gebruik te maak van die proses van verwerking van data in 'Tegniese prosedure vir navorsing van 'n fenomeen' soos bespreek by 1.4.5 en Osmer (2008:645).

Na aanleiding van vergelyking van data word afleidings gemaak met betrekking tot die verhouding van die data van verskillende aspekte in die studie. Die vergelyking van die antwoorde, syfers en kennis verkry vanuit die literatuurstudie, het rigting gegee aan potensiële afleidings wat vanuit die data gemaak kan word. Pieterse (2013:6) stel 'n data analise voor wat gebruik maak van 'n interpretatiewe filosofie wat betekenisvolle en simboliese waarde soek binne die data en die navorser het gevolglik van die metode gebruik gemaak. Die kategorieë wat tydens die opstel van die vraelyste geïdentifiseer is, gee struktuur en rigting aan die dataverwerkingsproses.

Sekere vrae funksioneer saam om 'n afdelingswaarde te verkry. By die spesifieke vrae wat saam funksioneer, kry elke vraag 'n potensiële waarde. Die eerste blokkie kry telkens 'n waarde van 1 punt met elke daaropvolgende keuse 'n ekstra punt met die gevolg dat elke vraag potensieel uit 3 of vier kan tel, afhangende van die hoeveelheid keuses. 'n 'Ja' antwoord tel byvoorbeeld altyd meer as soms of 1/3 x per week en soms of 1/3 x per week tel altyd meer as 'nee.' Vraag 9 kan as voorbeeld dien:

Hoeveel keer per week lees jy die Bybel en/of ander Christelike materiaal?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | 1 |
| 1 x per week. | 2 |
| 3 x per week. | 3 |
| Elke dag. | 4 |

Indien die respondent ŉ kruisie by 'Nooit nie" gemaak het, kry die vraag ŉ enkele punt. Indien die respondent 'elke dag' aangedui het, kry die vraag 4 punte. Die som van al die punte toegeken aan al die vrae in die afdeling vorm saam ŉ afdeling teling.
Die afdeling telling word op elke antwoordstel aangedui deur die afdelingletter gevolg deur die telling voor op die antwoordblad te skryf. Let wel dat daar gevalle is waar ŉ vraag nie deel het aan die punt-waarde van die afdeling nie aangesien die vraag vir ander doeleindes gebruik word, bv vraag 7 soos vroeër bespreek.

Elke afdeling het gevolglik ŉ potensiële afdeling telling. Dit kan soos volg verduidelik word: afdeling A se puntetoekenning word net deur vraag 4 bepaal. (Net kerkbywoning word in ag geneem aangesien dit dien as primêre indikator vir indeling in groepe. A1 dui op geen kerkbywoning nie, A2 dui op min bywoning en A3 op gereelde bywoning. Die vraag is so gestel dat dit ouerbetrokkenheid ook in ag neem.
Die hele by E kan ŉ potensiële E-telling van 25 behaal. Die som van al die elemente gee vir die respondent ŉ E-telling wat ŉ aanduiding is van die potensiële invloed wat die liturgiese elemente uitoefen op die geloofsvorming van die kind. Afdeling B gee ŉ aanduiding van die respondent se geloofslewe. Hoe hoër die telling, hoe belangriker is geloof vir die kind. Dit gee ook ŉ aanduiding van die effektiwiteit van die verskillende rolspelers wat impak uitoefen op die geloofsvorming van die kind. Indien B hoog is, maar C en A is laag, en die respondent gee hoër waarde aan D en E, impliseer dit dat die skoolkonteks die deurslaggewende rol speel in geloofsvorming.

Afdeling A: Potensiële A telling van 3.

Afdeling B: Potensiële B telling van 29.

Afdeling C: Potensiële C telling van 17.

Afdeling D: Potensiële D telling van 18.

Afdeling E: Potensiële E telling van 25.

Nadat elke antwoordblad nagesien is, word die punte toekenning van elke afdeling voor op die antwoordblad aangedui met spesifieke verwysings na, indien teenwoordig, die van rolspeler van die skool as eerste keuse met ŉ omringde 7 en die Bybel verhaal aangedui by vraag 21. Die voorblad kan dus die volgende aantekeninge bevat: A (00); B (00); C (00); D (00); E (00); (7); ('Bybel verhaal').
Hierdie gegewens maak dit maklik om vinnige groepering van vraelyste te bewerkstellig.

Vervolgens word die antwoordstelle gegroepeer. Eerstens word al die A1, A2 en A3 bymekaar gesit. Al die antwoordstelle wat met ŉ (7) gemerk is, word ook saam gegroepeer en dien as belangrike aanwyser vir tendense soos hieronder bespreek.

## 5.8. Bevindinge en afleidings gemaak vanuit dataverwerkingsproses.

### 5.8.1. Kerbywoning saam met ouers/voogde.

58 Persent (57 uit die 97) van die respondente dui aan dat hulle meer as 2 keer per maand saam met hul ouers/voogde ŉ kerkdiens bywoon. Vervolgens word A3 gebruik as verwysing na hierdie groep.

19 Persent (18 uit die 97) van die respondente dui aan dat hulle een keer per maand saam met hul ouers/voogde kerkdienste bywoon. Vervolgens word A2 gebruik as verwysing na hierdie groep.

23 Persent (22 uit die 97) van die respondente dui aan dat hulle geensins saam met hul ouers/voogde kerkdienste bywoon nie. Vervolgens word A1 gebruik as verwysing na hierdie groep.

Dit beteken dat soveel as 42 % van die groep jongmense uiters min of glad nie by ŉ geloofsgemeenskap betrokke is nie. Dit is kommerwekkend, veral in ŉ land waar die meerderheid van die land se burgers (79.8%) aandui dat hulle Christene is (Dreyer 2012:506). Hierdie syfer bevestig die vrees dat die kerk haar roeping nie meer suksesvol kan uitvoer deur woordverkondiging in kerkgeboue nie aangesien die

volgende generasie kinders, wat veronderstel is om in hul vormingsjare blootgestel en gevorm te word in hul geloof, uiters min of geen blootstelling aan 'n geloofsvormende konteks ontvang.

Antwoorde gegee by die vraag: *"Is daar 'n Bybelverhaal wat vir jou spesiaal is? Indien wel, watter verhaal is dit?"* versterk die indikator nog meer. Slegs 59.8% (58 uit die 97) van die respondente het 'n verhaal aangedui.

**5.8.2. Primêre invloed deur respondente aangedui in vraag 7.**

Die data ondersteun die bevindinge van die navorsing gedoen deur Search Institute (1990) en Avenant (2011) (soos bespreek in 3.1) . Hoewel daar nie van dieselfde navorsingsmetode gebruik gemaak is as in bostaande bronne nie, word soortgelyke volgorde van invloed, met twee uitsonderings, soos gevind in bostaande bronne aangedui. Die uitsonderings kan verklaar word met die byvoeging van ander moontlike keuses as wat in bostaande studies gebruik is en dat die navorsing gedoen is met kinders wat steeds in hul tienerjare is en gevolglik nog nie ten volle blootgestel is aan al die potensieel bronne van invloed nie.

- 38.14 Persent (37 uit 97) dui aan dat hulle die meeste by hul **ma** geleer het van God se liefde vir hulle.
- 25.77 Persent (25 uit 97) dui aan dat hulle die meeste by hul **pa** geleer het van God se liefde vir hulle.
- 19.58 Persent (19 uit 97) dui aan dat hulle die meeste by 'n **onderwyser/jeugwerker** geleer het van God se liefde vir hulle.
- 8.25 Persent (8 uit 97) dui aan dat hulle die meeste by hul **oupa of ouma** geleer het van God se liefde vir hulle.
- 7.22 Persent (7 uit 97) dui aan dat hulle die meeste by 'n **predikant/pastoor** geleer het van God se liefde vir hulle.
- 1.03 Persent (1 uit 97) dui aan dat hy die meeste by **'n maat** geleer het van God se liefde vir hom.

Soos wat die vorige studies aangedui het, speel ma en pa steeds by ver die grootse rol by geloofsvorming van hierdie kinders. Byna dieselfde faktor (1.4) is teenwoordig in die verskil in invloed van ŉ ma en pa in Search Institute (1990) en hierdie studie.

Onderwysers/jeugwerkers het volgens die studie groter invloed op die geloofsvorming van kinders as predikante en pastore. Die literatuurstudie het wel hierdie waarskynlikheid binne die skoolkonteks voorspel soos gesien in 2.6 en 2.7.

Dit is opvallend (en teleurstellend) dat predikante/pastore so min invloed het op geloofsvorming van kinders. Die invloed van predikant/pastoor in die studie in vergelyking met die Search Institute (1990) studie toon ’n groter verskil in vergelyking met die rol van die ma. In hierdie studie het predikante en pastore aansienlik minder invloed op geloofsvorming. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die bedieningstyle waar die predikant/pastoor meer aandag gee aan adolessente as aan kinders in hul vormingsjare. Die Search Institute (1990) en die Avenant (2011) studie het navorsing gedoen met volwassenes wat reeds meer kontak met die predikant/pastoor sou gehad het in hul adolessensiejare wat sou beteken dat daar ŉ potensiële groter invloed aangedui sou gewees het. Nog ŉ verduideliking hiervoor kan wees dat die vorige studies primêr van rolspelers binne die geloofgemeenskap van die kerk gebruik gemaak het aangesien daardie studies op die kerkgemeenskap gefokus het. Dit is ook moontlik as gevolg van die gebrek aan ontwikkeling van vertrouensverhoudings met kinders omdat predikante en pastore min geleentheid het om verhoudings met die betrokke kinders te bou. Wat ook al die redes hiervoor, dit is ŉ aspek wat aandag behoort te geniet.

### 5.8.3. Potensiële positiewe invloed van onderwysers/jeugwerkers op die geloofsvorming van kinders.

In die betrokke skool is daar ŉ sterk teenwoordigheid van voorbeeldige volwassenes wat deelneem aan religieuse aktiwiteite. Die kinders kry gevolglik heelwat blootstelling aan ŉ voorbeeld wat positiewe invloed op hul geloofsvorming kan uitoefen. Dit word gereflekteer in die D-telling wat min of geen verskil van een groep na ŉ ander groep aandui.

A3 D-telling: 13.34

| | |
|---|---|
| A2 D-telling: | 13.00 |
| A1 D-telling: | 13.13 |
| Algehele D-Telling | 13.16 |

Die respondente het 9 verskillende onderwysers/jeugwerkers aangedui by wie hulle baie geleer het van Jesus Christus se liefde vir hulle en wat baie invloed het op hulle verhouding met Jesus gehad het. Daar was een volwassene wat deur byna al die respondente aangedui is 'n persoon wat 'n prominente rol in hul geloofsvorming speel.

### 5.8.4. Invloed van liturgiese elemente by die skool op geloofsvorming.

Die Gemiddelde **E-telling is 21.95** (uit 'n potensiële 25). Die hoë E-telling toon aan dat liturgiese elemente teenwoordig in die skool konteks groot potensiële invloed op die kinders se geloofsvorming kan uitoefen. Die hoë telling reflekteer ook op 'n algemene positiewe houding en deelname aan liturgiese aktiwiteite in die skool.

Na aanleiding van vergelyking van die respondente wat aangedui het dat hulle glad nie kerkdienste bywoon nie (A1) en hul deelname aan die skool se VCSV, is die volgende tendens gevind:

- 59% (13 uit 22) toon aan dat hulle elke VCSV geleentheid in die skool bywoon.
- 18 % (4 uit 22) dui aan dat hulle 1 of 2 keer per maand VCSV geleenthede by die skool bywoon.

Hierdie tendens kan dui op 'n behoefte wat die kinders het waaraan vervul moet word. Aangesien hulle nie buite die skoolkonteks aan blootstelling aan geloofsvormende aktiwiteite kry nie, neem hulle heel waarskynlik met meer toegewydheid deel aan die VCSV aktiwiteite om te kompenseer vir die leemte wat hulle beleef.

Hierdie aanname word ondersteun indien die verhouding van die A1/A2/A3 en VCSV bywoning (vraag 5) met B-telling (persoonlike geloof) vergelyk word.

Die B telling van al die A3 respondente wat elke VCSV geleentheid bywoon is bymekaar getel wat 'n A-B-5/4 telling gee. Die B telling van al die A3 respondente wat meer as 2 keer per maand VCSV geleentheid bywoon is bymekaar getel wat 'n A-B-5/3 telling gee. Die B telling van al die A3 respondente wat meer as 2 keer per maand VCSV geleentheid bywoon is bymekaar getel wat 'n A-B-5/2 telling gee. Die B telling van al die A3 respondente wat glad nie VCSV geleentheid bywoon nie is bymekaar getel wat 'n A-B-5/1 telling gee. Aangesien daar nie 'n noemenswaardige verskil tussen die syfers verkry uit die A-B-5/2 en A-B-5/1 is nie, en aangesien beide dui op min of geen VCSV bywoning, is besluit om die twee waardes bymekaar te voeg ter vergemakliking van verwerking van data. Daar sal vervolgens na die gekombineerde syfer verwys word as A-B-5/1.

Daar is gevind dat daar by A3 respondente min verskil in die gekombineerde B-telling is. Daar is minder as 0.51 verskil in die telling aangedui tussen die respondente wat glad nie CSV bywoon nie teenoor die wat elke geleentheid bywoon.

Dit moet op hierdie punt genoem word dat 'n verskil in B telling van meer as 1.00 'n noemenswaardige verskil aandui. Dit dui die verskil aan in geloofsvorming tussen kinders wat meelewend en betrokke is in die geloofsgemeenskap en die wat nie werklik meelewend en betrokke is nie. Die B-telling poog nie om 'n empiries-akkurate meelewing en geloofsontwikkeling aan te dui nie, maar wil eerder tendense aantoon.

Indien die A2 respondente se verhouding van die B-telling/VCSV bywoning op die selfde patroon as hierbo verwerk is, is daar 'n duidelike verlaging van die telling by al vier syfers teenoor A3 respondente opgemerk. Dit dui aan dat blootstelling aan religieuse aktiwiteite 'n direkte invloed het op geloofsvorming. Van meer belang vir die studie, is dat daar 'n baie groter verskil aangedui is in die syfer tussen die respondente wat elke geleentheid bywoon teenoor die wat glad nie VCSV geleenthede bywoon nie. Die verskil tussen A2-B 5/4 syfer en A2-B-5/1 syfer is **4.1** wat 8 keer groter is as by A3 respondente.

Hierdie tendens word verder onderstreep wanneer die A1 respondente se B syfer en VCSV bywoning met mekaar vergelyk word. A1 respondente word glad nie buite die skoolkonteks aan religieuse aktiwiteit blootgestel nie, met die gevolg dat die VCSV

invloed van A1 respondente beter met mekaar vergelyk kan word. Hoewel die A1-B-5/4 telling laer is as die A3-B-5/4 telling, is die verskil slegs **0.96**. Die telling is ook laer as die A3-B-5/1 teling wat bevestig dat konstante blootstelling aan religieuse aktiwiteite groter invloed het op geloofsvorming.

Die verskil tussen die A1-B-5/4 telling en die A1-B-5/1 dui verder op ŉ baie definitiewe invloed wat die skoolkonteks het op geloofsvorming by kinders. Die verskil in syfer tussen A1-B-5/4 (syfer 20.25) (geen kerkbywoning nie maar woon al die CSV geleenthede by en A1-B-5/1 (syfer 17.1) (geen kerkbywoning nie maar woon uiters min of geen CSV geleenthede by) is **3.15**. Dit is aansienlik groter as by die A3 vergelyking en toon dieselfde tendens as by die A2 vergelyking. Deelname aan religieuse aktiwiteite en veral die liturgiese aktiwiteite in die skool, het ŉ groot impak op die geloofsvorming van kinders wat glad nie blootstelling aan geloofsvormende stimuli buite die skool ontvang nie.

Dit is dus duidelik dat die skoolkonteks wel ŉ noemenswaardige invloed op die geloofsvorming van kinders uitoefen. Die meetbare invloed is nog groter op die kinders wat buite die skool min of geen blootstelling aan geloofsvormende invloede ontvang nie.

### 5.8.5. Verhouding B-telling van A1 respondente en persoon aangedui as primêre geloofsinvloed by die skool.

Indien die B-telling van al die A1 respondente met mekaar vergelyk word, toon die respondente wat ŉ volwassene/jeugwerker gekies het as primêre invloed in hul geloofslewe ŉ merkbare hoër B-telling as die wat ŉ persoon buite die skoolkonteks aangedui het as primêre invloed in hul geloofslewe.

Agt A1 Respondente dui aan dat ŉ onderwyser/jeugwerker by die skool die grootste invloed het op hul geloofsvorming. Hierdie respondente het ŉ gemiddelde B-telling van 20.6. Die ander A1 respondente wat ŉ persoon buite die skool identifiseer as primêre invloed in hul geloofslewe, toon ŉ gemiddelde B-telling van 18.9. Die afleiding kan dus gemaak word dat die onderwyser/jeugwerker by die A1 respondente ŉ noemenswaardige invloed het op hul geloofslewe en dat die invloed ook aansienlik

hoër is as die invloed wat die volwassenes buite die skoolkonteks op A1 respondente uitoefen.

Die B telling van 20.6 vergelyk gunstig met A3 respondente wat min of geen VCSV bywoning toon (20.45) en het dieselfde B telling as A2 respondente (20.6). Dit impliseer dat blootstelling aan volwassenes by die kerk en huis soortgelyke impak op geloofsvorming het as blootstelling aan volwassenes by die skool.

Soortgelyke tendens word gevind by die aantal A1-7 respondente (geen kerkbywoning en kies 'n volwasse by skool as grootste invloed op geloof) wat Bybelverhale aangedui het. Uit die 10 A1-7 respondente, het 8 wel 'n Bybelverhaal aangedui. Dit toon aan dat die volwassenes by die skool groot indruk maak aangesien hulle 80% suksesvol is om minstens die kinders te begelei na identifisering met een of ander Bybelverhaal. Dit is aansienlik hoë as die groepgemiddeld van 59.8%.

Die tendens word verder versterk wanneer al die kandidate (A1/A2/A3) wat 'n volwassene aandui as belangrikste invloed en die identifisering van Bybelverhale vergelyk word. Uit die 19 het 14 kinders (73.7%) wel 'n verhaal aangedui wat aansienlik hoër is as die aanduiding by die hele groep (59.8%).

Daar kan dus sonder twyfel aangeneem word dat die invloed wat volwassenes in die skoolkonteks op geloofsvorming van kinders uitoefen so noemenswaardig groot is dat hulle die rol van die ouer in die geloofslewe van kinders kan aanvul en selfs in uiterste gevalle, kan vervang.

### 5.8.6. Kinders het behoefte aan stimulasie wat geloofsvorming bevorder.

**77.77%** van die kinders wat 'n volwassene by die skool geïdentifiseer het as die persoon by wie hulle die meeste geleer het van Jesus se liefde, het 'n lae A telling (min of geen kerkbywoning) en/of 'n lae C telling (invloed van ouers op geloofslewe het telling van 12 of minder gehad). Dit dui op 'n behoefte van die kinders wat aangespreek moet word. Indien die kinders nie positief by die kerk of die huis op geloofslewe beïnvloed word nie, is dit duidelik dat hulle meer daartoe geneig is om met 'n ander persoon te identifiseer wat in hierdie behoefte kan vervul. Die tendens

korreleer met die literatuurstudie in Hoofstuk 4 (sien 4.10) wat aandui dat mense 'n behoefte het aan blootstelling aan belewenis van God.

**5.8.7. Verband tussen kerkbywoning en invloed van ouers/voogde op geloofsvorming.**

Daar is 'n definitiewe korrelasie tussen kerkbywoning en die invloed wat ouers het op geloofsvorming van kinders soos wat in die volgende C-tellings gesien kan word:

| | |
|---|---|
| A3 C-telling: | 13.25 |
| A2 C-telling: | 13.00 |
| A1 C-telling: | 11.00 |
| Algehele C-Telling | 12.41 |

Hierdie tendens is te verwagte aangesien die kinders op hierdie ouderdom saam met hul ouers/voogde kerk toe sal gaan of minstens deur die ouers/voogde na die kerk geneem sal word. Dit onderstreep weereens die groot invloed wat 'n ouer en 'n voog se houding teenoor die kerk en ander religieuse aktiwiteite het op die geloofsvorming van kinders. 'n Ouer wat nie van kerk hou nie, sal nie maklik sy kind kerk toe neem nie.

Dit is nie onmoontlik om die aanname te maak dat, indien die behoefte wat kinders het aan blootstelling aan religieuse rolmodelle nie vervul word nie, hulle sal soek na diesulke rolmodelle om die behoefte aan te spreek. Dit plaas 'n verantwoordelikheid op elke onderwyser/jeugwerker, wat in 'n skool die potensiaal het om as religieuse rolmodel te dien, om seker te maak dat hul voorbeeld van hoogstaande gehalte is. Die kerk het ook 'n rol hier te speel om seker te maak dat rolmodelle in elke skool geplaas word om die behoefte aan te spreek.

**5.8.8. Gedragsverskynsels en identifisering met volwassene by skool.**

In 2.10 het die navorser verwys na navorsing wat in 2003 in Amerika deur die Search Institute gedoen is, getiteld: *"Search Institute Profiles of Student Life: Attitudes and Behaviors"* (Scales 2007:1-2). Volgens die studie is daar 'n duidelike korrelasie tussen gedragsprobleme en die afwesigheid van blootstelling aan spirituele ontwikkeling.

Gevolglik het die navorser die tendens in die skoolkonteks nagespeur met spesifieke fokus op die A1 respondente en hul akademiese prestasie en gedragsprobleme.

Die gemiddelde akademiese prestasie van die A1 respondente wat met 'n volwassene buite die skoolkonteks identifiseer het se gemiddeld is 60.8%. Dit is in kontras met die A1-7 respondente wat 'n rapport gemiddeld van 77% het.

Dieselfde tendens word gevind in die teenwoordigheid van gedragsprobleme. In die Gr.7 groep het die skoolbestuur 12 respondente aangedui wat erge gedragsprobleme toon. 5 uit die 12 is A1 respondente wat 'n volwassene buite die skool aandui as primêre geloofsinvloed. Nie een van die A1-7 respondente (geen kerk & identifiseer volwassene in die skool as primêre geloofsinvloed) is geïdentifiseer met gedragsprobleme nie.

Behalwe dat die studie met Scales (2007:1-2) se bevindinge korreleer, reflekteer dit baie goed op die invloed wat die volwassenes by die skool uitoefen op kinders wat nie by 'n kerk betrokke is nie en ondersteun die voorafgaande afleidings dat onderwysers/jeugwerkers in die skoolkonteks 'n noemenswaardige invloed het op die geloofsvorming van kinders.

### 5.8.9. Rol van skool by oordra van Bybelverhale.

Soos reeds in 5.8.1. bespreek, het slegs 59.8% (58 uit die 97) van die respondente 'n verhaal aangedui (Vraag 21). Onderstaande is die verhale/teksgedeeltes aangedui saam met die hoeveelheid respondente wat die verhaal identifiseer het.

- 7 x Fil. 4:13. "Ek is tot alles in staat..."
- 3 x Dawid en Goliat.
- 5 x Vermeerdering van brode en vissies.
- 7 x Daniel in oond & Daniel in Leeukuil.
- 4 x Noag in die Ark.
- 1 x Naomi en Rut.
- 4 x Simson.
- 3 x Jesus se geboorte.

- 2 x Jona.
- 6 x Adam en Eva.
- 1 x Faith like Potatoes.
- 1 x Josef en kleed.
- 9 x Kruisgebeure.
- 1 x Psalm 18.
- 2 x Psalm 23.
- 2 x Joh. 5 (wonderwerke).

Wat van belang is, is dat slegs 16 verhale aangedui was en dat 12 uit die 16 verhale deur meer as een respondent aangedui is. Die moontlikheid het dus bestaan dat die respondente in dieselfde tyd en ruimte blootstelling aan die verhaal ontvang het. Die volwassenes by die skool is deur middel van persoonlike onderhoude en vrae in groepsverband geraadpleeg oor watter verhale in die laaste 12 maande by die skool per geleentheid byvoorbeeld saalopening, VCSV, gewyde sang of persoonlik aan leerders gekommunikeer is. Die leerders is ook in groepsverband gevra of hulle die verhale tydens ʼn geleentheid by die skool of tydens ʼn ander geleentheid gehoor het.

Dit blyk uit die gesprekke met volwassenes by die skool en groepsgesprekke met die Gr.7 respondente, dat 14 uit die 16 verhale in die afgelope jaar tydens VCSV geleenthede, gewyde sang periodes en saalopeninge gekommunikeer was. Dit ondersteun die gevolgtrekking dat die skoolkonteks ʼn noemenswaardige invloed het op kinders se geloofsvorming. Dit dui ook op die waarskynlikheid dat die doeltreffendheid van kerk en ouerinvloed aansienlik laer is as wat ons graag sal wil sien aangesien daar net twee verhale, uitgesluit die kruisgebeure wat as universeel teenwoordig gesien kan word, geïdentifiseer is as komende uit ʼn ander konteks.

**5.8.10. Bevindinge en afleidings gemaak vanuit die kwantitatiewe studie.**

- Daar is ʼn kommerwekkende hoë syfer van Afrikaans sprekende kinders (23%) wat glad nie meer kerk toe gaan nie.
- Liturgiese elemente by die skool het ʼn noemenswaardige groot invloed op geloofsvorming van kinders.

- Kinders het ŉ sterk behoefte om te identifiseer met volwassenes wat hul geloof op ŉ konkrete wyse uitleef.
- Kinders het die behoefte om aan geloofsvormende stimuli blootgestel te word.
- Gebrek aan blootstelling aan geloofsvormende stimuli is nadelig vir ŉ kind se skolastiese- en dissiplinêre prestasie**.**
- Die skoolkonteks het ŉ noemenswaardige groot invloed in die oordra van bybelkennis aan kinders.

## 5.9. Kwalitatiewe ondersoek van liturgiese aktiwiteite in die skool.

Wepener (2005:3) verwys na Stringer se stelling wat die atmosfeer skep vir rituele navorsing: *"The first thing that any anthropologist will be interested in is a detailed study of what actually happens during the rite itself", and later, "…this has now become common, almost obligatory, to start any analysis of a rite with a very detailed account of what actually happens."* Wepener (2005:10) meen dat navorsers wat rituele navors verkieslik die fenomeen moet ondersoek deur self aan die gebeure deel te neem. Osmer neem dieselfde standpunt in en wys daarop dat die ideale staat van die navorser een van *spirituele teenwoordigheid* behoort te wees. Dit verseker dat ŉ diepe en betroubare evaluering van die gebeure gemaak word (2008:442). Daarom het die navorser van ŉ kwalitatiewe studiemetode gebruik gemaak wat van onderhoude met respondente, observasie van deelnemers en aktiewe deelname aan die fenomeen gebruik gemaak het. Die navorser het verskeie geleenthede bygewoon vir observasie, self daaraan deelgeneem, die gebeure in besonderhede genotuleer, beskryf en nuwe insigte in die funksionering van liturgie in die skoolkonteks verkry.

Die insigte verkry vanuit die literatuurstudie by Hoofstuk 4 en spesifiek 4.9, het leiding gegee in die identifisering en samestelling van die vrae aan die twee respondente en ook gedien as riglyne vir die observasieproses tydens die deelname aan die onderskeie liturgiese elemente. Van die vrae is gebruik om die navorser in die onderhoud te lei en is gevolglik nie pertinent gevra nie, maar is op die lys geplaas om die navorser te laat let op moontlike teenwoordigheid van insigte op die aspekte:

- Wat is die agtergrond van die VCSV?
- Wat is die agtergrond van gewyde sang op Woensdae?

- Wat dink jy is die invloed van jeug-subkultuur op bywoning van godsdienstige aktiwiteite?
- Hoe sien jy jou rol by skool?
- Wat dink jy beteken die VCSV/gewyde sang vir die kinders?
- Is daar kinders met wie jy 'n sterk vertrouensverhouding opgebou het?
- Dink jy verhoudings maak 'n verskil?
- Wat dink jy is die rol en invloed van sang op kinders se geloofslewe?
- Neem deelnemers uit eie oortuiging deel of nie?
- Watter emosies word betrek?
- Wat is die doelwit van die Woensdag sang en VCSV?
- Probeer die Woensdag sang en VCSV om te hervorm of om te bewaar?
- Watter simbole word by die skool vir godsdienstige aktiwiteite gebruik?
- Watter simbole is dominant en watter is sekondêr?
- Hoe sluit die ritueel by die Christelike tradisie aan?
- Hoe word die ritueel afgesluit met die oog op heropname in die alledaagse?
- Is daar 'n duidelike tyd en plek afgespreek vir die ritueel?
- Weet almal wat van hulle verwag gaan word in die ritueel?
- Is dit 'n eenmalige of herhalende ritueel?
- Is dit 'n eenvoudige of komplekse ritueel?

Die saalopening, VCSV geleentheid en die gewyde sang geleentheid is bygewoon vir observasie en deelname sodat dit die navorser beter insig kan gee in die funksionering van die elemente. Die observasie en deelname het ook gehelp om 'n verwysingsraamwerk te skep vir insig tydens die onderhoude met die twee volwassenes wat deur die meerderheid respondente geïdentifiseer is as die persone wat die grootste invloed het op hul geloofsvorming uitgeoefen het. Die onderhoude is apart van mekaar en deur middel van semi-gestruktureerde vraelyste gevoer.

### 5.9.1. Observasie en deelname aan liturgiese aktiwiteite.

#### 5.9.1.1. Beskrywing van saalopening geleentheid.

Kinders stap op 'n ordelike wyse die saal binne terwyl musiek gespeel word. Die hele skool se bestuur, onderwysers en kinders is teenwoordig, met uitsondering van kinders wat kies om nie deel te neem aan religieuse aktiwiteite nie. Kinders word aangemoedig om saam te sing. Die liturg gaan voor deur die skool op aandag te roep vir die sing van die volkslied. Die skoolwapen met die Bybel as prominente simbool is op die agtergrond van die skerm terwyl woorde van liedere geprojekteer word. Vervolgens word 'n religieuse lied gesing. Die atmosfeer is ernstig en gewyd. Vervolgens word 'n predikant gevra om die week se gebeure te open. Die predikant se boodskap is op die verstaansvlak van die kinders gerig en maak gebruik van aktiwiteite wat sommige kinders betrek. 'n Gedeelte uit die Bybel word voorgelees, gevolg deur 'n kort boodskap en gebed. Vervolgens word 'n religieuse lied gesing. Hierna volgens word verskeie aankondiginge gedoen en die gebeure word afgesluit met die sing van die skoollied. Die skoollied is deurtrek van geloofsuitsprake en 'n oproep om as voorbeeldige Christene te leef. Die kinders sing die lied met trots saam. Die kinders verdaag op 'n ordelike wyse.

**5.9.1.2. Beskrywing van VCSV geleentheid.**

Die atmosfeer in die saal kan beskryf word as vreugdevol, jubelend, vriendelik, ontvanklik en aansteeklik. Ongeveer 200 kinders is teenwoordig ten spyte daarvan dat dit vroeg (voor skool) en koud is. Die musiek is redelik hard en die ritme kan letterlik gevoel word wat die aansteeklikheid van die gebeure verhoog. Kinders neem spontaan deel aan die aktiwiteite en motiveer mekaar deur hande te vat en saam die bewegings te doen wat deur die voorgangers op die verhoog (VCSV bestuur) geïllustreer word. Daar is 'n sterk gevoel van samehorigheid.

Die atmosfeer beweeg onder leiding van die liturg se begeleiding en keuse van liedere van lofprysinge en vreugdevolle deelname na 'n rustige atmosfeer van aanbidding waarna twee VCSV bestuur (Gr.7 leerlinge) leiding neem met skriflesing en gebed. Hierna sing die kinders nog 'n laaste liedjie wat duidelik baie gewild is voordat die klok lui. Kinders word weggestuur met die woorde: "Glimlag" met die gesamentlike antwoord van die kinders: "Want Jesus is lief vir jou!"

### 5.9.1.3. Beskrywing van gewyde sang geleentheid.

Gewyde musiek speel terwyl die kinders instap en sommiges begin spontaan om ritmies hande te klap en saam te sing. Soos wat kinders instap, neem meer en meer deel aan die sang. Daar is 'n opvallende rumoerigheid wat ontstaan tydens die tussenpose tussen liedjies. Toe al die kinders binne is, is die saal heeltemal vol en die atmosfeer is vriendelik en opgewek. 'n Aanbiddingslied word gespeel waartydens sommige kinders spontaan hul oë toe maak en emosievol saam sing. 'n Onbeplande aankondiging word gedoen wat die gewyde atmosfeer verbreek. Die liturg maak gebruik van humor om die kinders weer te laat fokus. Die liturg (onderwyser) gaan voor met skriflesing gevolg deur 'n kort verduideliking van die waarde van die teksgedeelte in elkeen se lewe. Kinders word opgeroep om die voorbeeld van Jesus na te streef. Die liturg gaan oor in gebed. Daar heers 'n rustige en eerbiedige atmosfeer in die saal. 'n Lied word aangekondig wat duidelik baie gewild onder die kinders is met 'n gevolglike spontane toejuiging. Die kinders staan op en sing terwyl kinders op die verhoog die saal lei met bewegings. Almal neem spontaan deel. 'n Volgende lied word gespeel wat lewendiger en meer ritmies is. Die kinders sing uit volle bors saam en doen die bewegings en danse met oorgawe. 'n Onbekende Gr.4 kind nader die navorser spontaan en nooi die navorser om saam met hom die dansbewegings uit te voer. Die kinders is joviaal en opgewonde oor die musiek en die deelname aan die aktiwiteite. 'n Laaste lied word gesing wat weer 'n rustiger atmosfeer skep. Die liturg versoek dat die kinders rustiger raak en fokus op die betekenis van die woorde. Kinders verlaat die saal met groot glimlagte en vreugdevolle gesigsuitdrukkings.

### 5.9.1.4. Bevindinge en afleidings gemaak na aanleiding van observasie en deelname aan liturgiese aktiwiteite.

- Kinders geniet die aktiwiteite.
- Kinders kry geleentheid om uitdrukking te gee aan hul emosies.
- Musiek is prioriteit en staan sentraal.
- Musiek word benut om die ritme, rigting en atmosfeer van gebeure te begelei en te bestuur.
- Spontaniteit en deelname word aangemoedig deur beide liturg en kinders.

- Sterk element van lering is teenwoordig.
- Rituele sluit af met 'n oproep tot uitlewing van Christelike waardes.
- Rituele is eenvoudig en akkommoderend vir wye reeks emosies.
- Aktiwiteite bevorder identiteitsvorming, identiteitsvinding en gevoel van 'behoort aan.'

**5.9.2. Bevindinge en afleidings gemaak na aanleiding van onderhoude gevoer.**

**5.9.2.1. Onderwyser tree in skoolkonteks op as liturg en spirituele leier.**

Onderwyser sien sy rol as evangelis en spirituele begeleier. Duidelike tekens van passie vir die evangelie wat dui op 'n roeping om op geestelike vlak by die kinders se lewens betrokke te wees. Die onderwyser tree gereeld as liturg op en hoewel onderrigting in Bybelkennis 'n belangrike doelwit blyk te wees, maak hy ook onwetend gebruik van rituele om die kinders te begelei na 'n ontmoeting met God. Hy vertel graag Bybelverhale, want hy glo dat hulle eendag *"daaraan kan vashou in donker tye."*

**5.9.2.2. Planmatige vennootskap tussen onderwyser en jeugwerker om vertrouensverhoudings te bou.**

Die onderwyser getuig dat daar 'n groot behoefte is aan vertrouensverhoudings. Die onderwyser se verantwoordelikheid in die klas veroorsaak dat dit moeilik is om persoonlike gesprekke met die individu aan te knoop. Die feit dat die onderwyser vanuit die posbeskrywing vir dissipline in die skoolkonteks verantwoordelik is, bemoeilik ook die bou van gemaklike vertrouensverhoudings met die kinders. Hy noem dit *"Die muur van 'Meneer."* Hoewel gesprekke soms plaasvind, sal kinders nie sommer spontaan met die onderwyser oor persoonlike sake in gesprek tree nie. Die onderwyser sal gereeld genoodsaak wees om kinders te verwys na die jeugwerker wat tyd en ruimte het vir gesprekke tydens klastye. Die jeugwerker se rol is om verhoudings te bou deur op 'n meer informele wyse by die kinders betrokke te wees tydens pouses, buitemuurse aktiwiteite, kampe en die godsdienstige aktiwiteite. Die jeugwerker se eerste prioriteit is, om die waarheid te sê, verhoudingbou. Die jeugwerker word gevolglik meer blootgestel aan persoonlike gesprekke wat

gewoonlik pastoraal en soms maatskaplik van aard is. Die jeugwerker maak van 'n noodsaaklike verwysingstruktuur gebruik om te verseker dat elke kind effektief gehelp word. Die jeugwerker maak ook gebruik van gespesialiseerde materiaal wat die bepalingsproses fasiliteer en waarvoor deeglike opleiding ontvang is.

**5.9.2.3. Sang en Musiek speel sentrale rol.**

Musiek is in die taak van ontmoeting met God vir hom van groot belang, want hy glo dat musiek die kind op emosionele vlak betrek by die gebeure. Die skool besit oor 'n goeie klankstelsel wat veroorsaak dat die musiek nie net gehoor word nie, maar letterlik 'gevoel' word. Dit blyk 'n belangrike komponent van die meelewing tydens die lofprysing sessies te wees. Musiek word ook gereeld gebruik om 'n boodskap oor te dra en funksioneer dus ook as onderrigting. Hy meen dat die kinders die woorde van liedjies maklik onthou en dat hulle somtyds dae nadat 'n nuwe liedjie geleer is, steeds die liedjie op die stoepe loop en sing. Dit is dus goed om die Bybelteks van die dag aan 'n liedjie te koppel. Hy doen ook moeite om die betekenis van die woorde in liedjies aan die kinders oor te dra tydens die leer van nuwe liedjies.

**5.9.2.4. Bewegings tydens sang is van groot waarde.**

Die onderwyser meen dat kinders se aandag maklik afgetrek kan word en daarom koppel hulle altyd bewegings aan liedjies wat die betekenis daarvan versterk en oordra. Daar word selfs van danspassies gebruik gemaak

**5.9.2.5. Kinders word by aktiwiteite betrek.**

Elke jaar word 'n VCSV leierskorps aangestel wat die bestuur van die VCSV fasiliteer. Omtrent 'n derde van die Gr.7 groep dien op die VCSV bestuur. Elkeen kry geleentheid om 'n opening waar te neem en te bid. Die besluitneming oor wie volgende aan die beurt is met opening en gebed vind spontaan onder die kinders plaas. Tydens 'n onderhoud met die skoolhoof het dit geblyk dat sommige kinders hul verkiesing as lid van die VCSV bestuur belangriker ag as om as leier (prefek) in die skool aangewys te word. Dit dui dus op 'n sterk funksionerende jeugsubkultuur wat die deelname aan die godsdienste aktiwiteite in die skool stimuleer aangesien jonger

kinders by hul maats leer om deel te neem omdat hulle ook deel van die ‘groep’ wil wees. Dit ondersteun ook die voortbestaan van die aktiwiteite. Kinders kry gevolglik geleentheid om nie net te sien hoe mense uit die Bybel lees en bid nie, maar doen dit self voor die hele skool en leer om as voorbeeld vir ander op te tree.

**5.9.2.6. Liturgiese aktiwiteite is vir kinders van groot waarde.**

Hoewel kinders uit vrye wil deelneem aan die aktiwiteite, dui die hoë aantal kinders wat aan die aktiwiteite deelneem daarop dat die geleenthede van groot waarde vir die kinders is en ondersteun die gedagte dat kinders dit vanuit ŉ eie oortuiging bywoon. Tydens die onderhoude is gevind dat kinders werklik daarna uitsien om die VCSV en gewyde sang by die skool by te woon. Daar is uiters min kinders wat dit nie wil bywoon nie, wat dui op ŉ sterk funksionerende jeugsubkultuur wat die aktiwiteite goedgesind is. Kinders is baie positief ingestel teenoor die VSCV en het hul vrees uitgespreek dat die hoërskool waarheen hul volgende jaar gaan, nie die geleenthede vir hulle gaan bied nie. Dit dui weereens op die sterk behoefte aan blootstelling aan rituele en geloofsvormende stimuli.

**5.9.2.7. Geïntegreerde doelwit van liturgiese aktiwiteite.**

Die doelwit van die liturgiese aktiwiteite kan beskryf word as verkondiging, deelname, identiteitsvinding as kind van God en as deel van geloofsgemeenskap. Soos reeds genoem, word heelwat moeite gedoen om kinders te begelei na ŉ ontmoeting met God. In verskeie situasies word verskeie doelwitte gestel waartydens van verskeie emosies soos vreugde, plesier, medelye, hartseer, opgewondenheid, hoop, dankbaarheid, empatie, liefde, kalmte, rustigheid, hoop en trots gebruik gemaak word wat die aktiwiteite ŉ duidelike rituele karakter gee.

Die liturgiese aktiwiteite het ook ten doel om te bewaar en te hervorm. Dit wil bewaar deurdat die status quo van geloofsonderrig in die skool vir beide die onderwyser en jeugwerker van kardinale belang is en hulle voel dat dit ŉ noodsaaklike element in die opvoedingstaak is. Die struktuur van die VCSV bestuur het ook ten doel om te bewaar aangesien dit die toekoms van die aktiwiteite verseker deur deelname en bestuur deur die kinders self. Dit wil ook hervorm aangesien daar konstant van nuwe

bedieningstegnieke, musiek en aksies gebruik gemaak word om die rituele relevant en kontemporêr te hou. Die evangeliese karakter van die aktiwiteite het natuurlik ten doel om die lewe van die kinders te verander en te vernuwe.

**5.9.2.8. Benutting van simbole.**

Die VCSV maak gebruik van ŉ uniek simbool wat deur die bestuur oor ŉ tydperk ontwikkel is. Dit behels die plasing van die letters in die Hebreeuse naam van God (Jahweh), in die vorm van ŉ kruis, soos aangedui in figuur 5. Die kinders word telkens aan die betekenis van die simbool herinner en kom op die VCSV bestuur se T-hemde voor wat maandeliks per geleentheid gedra word. Daar word van die kerkjaar temas gebruik gemaak wat beteken dat die simbool tydens Paasfees meer prominensie en betekenis verkry.

**Figuur 5. Skool se VCSV kenteken.**




Die simbool het ten doel om te verkondig aangesien die betekenis daarvan nuuskierigheid ontlok waartydens die kinders gemotiveer word om die evangeliese waarheid met die versoeker te deel. Dit speel ook ŉ rol om die VCSV bestuur ŉ gevoel van trots en 'behoort aan' te gee aangesien die tekens tans net deur die VCSV bestuur gedra word. Dit is ŉ volwaardige simbool en het ŉ meerduidige betekenis en bring die verlede en toekoms saam in die hede soos bespreek in 4.8.2.

’n Minder prominente, maar tog relevante simbool is die skool se wapen waarin die Bybel ’n sentrale en prominente posisie neem. Die wapen word altyd op die skerm in die saal geprojekteer wanneer die oudiovisuele stelsels gebruik gemaak word. Die wapen dui op die sterk religieuse herkoms van die skool en herinner aan die Bybelse waardes wat die kinders moet uitleef.

**5.9.2.9. Sterk ooreenkomste met die kenmerke van ’n lewenskragtige liturgie.**

Tydens die onderhoude en observasie van liturgie is nuwe insigte verkry, maar ook opvallende ooreenkomste met: *“Kenmerke van ’n lewenskragtige liturgie”* soos in 4.9.3 behandel. Die volgende is van belang:

- ’n Ervaring van God se teenwoordigheid.

  Soos reeds bespreek by 5.9.1.3.
- Werk hard daaraan om gasvry teenoor vreemdelinge wees.
  - Hoof stuur jeugwerker om toevallige ondersoek in te stel waarom sekere kinders nie die gewysde sang bywoon nie.
  - Konstante uitnodiging om maats saam na VCSV te bring.
  - Vreemdeling genooi om saam te dans.
- Maak die dramatiese inhoud van die evangelie sigbaar in liturgie.

  Toneelspel, bewegings van storie.
- Musiek en sang is van uitnemende gehalte en is eklekties in styl en genre.

  Baie moeite word met sang gedoen. Seker die belangrikste element in die VCSV en gewyde sang geleenthede.
- Die ruimte en omgewing van die erediens word ingerig om die erediensgebeure te komplementeer.

  Spesiale begroting vir klanktoerusting. Daar is onlangs meer as R60 000 spandeer om die klanktoerusting op te gradeer wat primêr vir die samesang in die saal gebruik word.
- Daar is duidelike bande tussen die gebeure in die erediens en die missionêre roeping na buite.

  Tydens uitsending en heropname in alledaagse gaan die liturg voor met die woorde: “Glimlag” met die gesamentlike antwoord van die deelnemers: “Want Jesus is lief vir jou!”

- Daar is ʼn redelike vaste diensorde maar tog ruimte vir afwisseling en alternatiewe wat die ritme en vloei van die diens dien.
- Teenwoordigheid van vreugdevolle lof en viering veral in die laaste deel van die diens.
- Leiding word geneem deur sterk, liefdevolle, wyse en entoesiastiese leiers.

  Veral twee persone toon absolute toewyding en oorgawe om ʼn verskil te maak in die kinders se lewe. Hulle is sonder twyfel dinamies, toegewyd en geliefd. Tydens ʼn onderhoud met die jeugwerker het sy aangetoon dat die hele skool "on board" is. Dit dui dus daarop dat die sukses van die liturgie by die skool te danke is aan ʼn toegewyde span en nie net die invloed van individue nie.

## 5.10. Samevatting.

In die hoofstuk is aangetoon hoedat die teenwoordigheid van liturgie en rituele in die skoolkonteks ʼn noemenswaardige invloed op geloofsvorming van kinders uitoefen. Die teenwoordigheid van volwassenes, wat met toewyding, doelgerigtheid en met oorgawe hul roeping as Christene uitleef, het ʼn noemenswaardige positiewe impak op geloofsvorming van die kinders met wie hulle in aanraking is. Daar is ook aangetoon dat die skoolkonteks as geheel ʼn noemenswaardige invloed op geloofsvorming by kinders uitoefen. Die invloed is van so aard dat dit kan kompenseer vir die afwesigheid van deelname aan kerklike aktiwiteite. Die waarskynlikheid bestaan dat die skoolkonteks in hierdie geval, selfs ʼn groter impak het op geloofsvorming van die kinders as die kerke waaraan die kinders blootgestel is. Daar is ook aangetoon dat die rol wat die onderwysers en jeugwerkers in die skoolkonteks op die geloofsvorming van kinders uitoefen kan kompenseer vir die gebrek aan blootstelling aan die invloed van gelowige ouers.

Vervolgens kyk die navorser in Hoofstuk 6 na die interaksie tussen die literatuurstudie en die praktykstudie en maak aanbevelings vir die praktyk.

# Hoofstuk 6.

# Interaksie tussen literatuurstudie en praktykstudie.

## 6.1. Inleiding.

In Hoofstuk 6 maak die navorser logiese afleidings vanuit die interaksie tussen die literatuurstudie en praktykstudie deur ooreenkomste tussen die drie kontekste nl. kerk, huis en skool uit te lig en aan te toon dat dit wel moontlik is vir onderwysers en jeugwerkers en die liturgiese elemente in die skoolkonteks, om 'n noemenswaardige impak op die geloofsvorming van kinders uit te oefen. Dit lei tot 'n nuwe teorie vir die praxis van skoolkonteks se impak op geloofsvorming van kinders.

Aan die begin van die studie het die navorser die vermoede en vrees uitgespreek dat baie ouers van kinders in Afrikaanse skole nie meer hul verantwoordelikheid, om hul kinders in die Christelike tradisie groot te maak en te begelei na meelewende Christene, nakom nie. Met die vrees in gedagte het die navorser gaan soek na 'n alternatief om die rol van die ouer aan te vul en selfs, in ekstreme gevalle, te vervang. Die navorser het die vraag gevra of onderwysers/jeugwerkers en liturgiese elemente in die skoolkonteks, 'n noemenswaardige invloed op die geloofsvorming van kinders kan uitoefen. In die literatuurstudie is uit verskeie hoeke aangetoon dat die skoolkonteks die potensiaal het om 'n noemenswaardige positiewe invloed in die geloofslewe van kinders uit te kan oefen. Verskeie elemente is in die proses geïdentifiseer wat van groot waarde is om geloofsvorming in die skoolkonteks te stimuleer, te fasiliteer en te ontgin.

Die navorser het van Osmer(2008:93) se taak van die praktiese teoloog gebruik gemaak om die navorser te begelei in die proses en meer spesifiek die vier vrae:

- **Wat gebeur?**

  Sommige kinders kry nie meer blootstelling aan die evangelie nie wat verrykende gevolge vir die kind en die samelewing as geheel inhou.
- **Waarom gebeur dit?**

Ouers neem nie meer hul kinders kerk toe nie.
Ouers leef self nie hul geloofsoortuigings uit nie.

- **Wat behoort te gebeur?**
  Kinders behoort in 'n omgewing groot te word waar hulle blootstelling aan stimuli ontvang wat die geloofsvormingspotensiaal in hulle ontsluit en ontwikkel.
- **Hoe kan ons hierop reageer?**
  Identifiseer 'n alternatiewe konteks waar kinders blootgestel kan word aan stimuli wat die geloofsvormingspotensiaal in hulle ontsluit en ontwikkel.

Die navorser het konstant, deur middel van die hermeneutiese sirkel, heen en weer tussen teorie (Hoofstuk 2, 3 en 4) en die praktyk (Hoofstuk 5), beweeg om potensiële oplossings vir die probleemstelling te vind.

## 6.2. Bevindinge van hierdie studie.

### 6.2.1. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 2.

- Dit is noodsaaklik dat kinders blootgestel word aan stimuli wat geloofsvorming stimuleer en morele ontwikkeling fasiliteer (2.11.1).
- Onderwysers en jeugwerkers behoort opgeleiding te ontvang in hoe om kinders se fisiese-, kognitiewe-, persoonlike- en geloofsontwikkeling effektief te fasiliteer (2.11.2).
- Die gebrek aan die teenwoordigheid en betrokkenheid van liefdevolle ouers in die kind se lewe het tragiese gevolge (2.11.3).
- Kinders onder die ouderdom van 13 jaar behoort voorkeur te kry by bedieningsbeplanning aangesien kinders onder 13 meer vatbaar is vir die invloede van geloofsvormende stimuli. Dit impliseer dat die laerskool as ideale skoolkonteks voorkeur in bedieningstrategieë behoort te kry (2.11.4 & 2.2.1 & 2.5).
- Portuurgroepe behoort aktief binne die raamwerk van geloofsvorming benut te word (2.11.5).

- Onderwysers/jeugwerkers blyk as plaasvervangers in die plek van die ouer as primêre opvoeder te kan dien (2.11.6).
- Die skoolkonteks bied die ideale ruimte vir identiteitsvorming (2.11.7).
- Fowler se fases van geloofsvorming bied uitstekende praktiese toepassings vir die praktyk (2.11.8).

**6.2.2. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 3.**

- Paradigmaskuif wat skool as noodsaaklike ruimte vir die ontwikkeling van geloofsvorming erken met gevolglike kerklike betrokkenheid by die konteks (3.12.1).
- Skole beskik oor die potensiaal om 'n doeltreffende medium te wees vir geloofsoordrag en geloofsvorming (3.12.2) in spesifiek:
    - Bied ruimte vir vorming van vertrouensverhoudings.
    - Skoolkonteks bevat baie eienskappe van kerk.
    - Skoolkonteks bied ruimte vir betrokkenheid by gemeenskapsprojekte.
    - Skoolkonteks bied blootstelling aan voorbeeldige en meelewende Christen-volwassenes.
- Kerk het 'n rol om te speel om onderwysers/jeugwerkers te bemagtig as lewensafrigters (3.12.3).
- Skoolkonteks bied geleentheid vir die kultivering van 'n Christelike lewenswyse (3.12.4).
- Onderwysers/jeugwerkers het potensiaal om 'n kind in die teenwoordigheid van God te bring (3.12.5).
- Skoolkonteks bied geleentheid vir geloofsgesprekke by die skool (3.12.6).
- Voorbeeld van diensbaarheid is effektiewe evangelieverkondiging wat in skool (en kerk) gekultiveer moet word (3.12.7).
- Gesinsbedieningsmodelle het toepassingswaarde in die skoolkonteks en kan as bedieningsmodel aangepas word om die effektiwiteit van geloofsvorming in die samelewing deur middel van die skoolkonteks te verhoog ( 3.12.8).

### 6.2.3. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 4.

- Die skoolkonteks toon ooreenkomste met die klassieke 'ekklesia' model (4.11.1).
- Daar bestaan 'n werklike uitdaging vir die kerk te midde van 'n nuwe kultuur waar kinders min of glad nie meer kerk bywoon nie. 4.11.2.
- Rituele het die potensiaal om groot invloed op die geloofsvorming van kinders in skole uit te oefen (4.11.3).
    - Rituele vervul die mens se behoefte aan belewenis van God.
    - Rituele kan die Christen lei tot geloof in God se heilswerk.
    - Rituele is funksioneel om geloofsvorming te versterk en te vestig.
    - Rituele bevorder en fasiliteer identiteitsvorming.
    - Rituele betrek die rasionele en sintuiglike dimensies van die mens.
    - Rituele bevorder eensgesindheid in die verstaan van simbole.
    - Rituele kan bewaar of hervorm.
    - Rituele is van groot waarde om etiese en morele waardes oor te dra.

### 6.2.4. Afleidings gemaak vanuit Hoofstuk 5.

#### 6.2.4.1. Afleidings vanuit kwantitatiewe studie:

- Daar is 'n groot aantal kinders wat glad nie meer kerk toe gaan nie (23%) en 'n groot hoeveelheid kinders wat min kerk toe gaan (19%) (5.8.1).
- Liturgiese elemente by die skool het 'n noemenswaardige groot invloed op geloofsvorming van kinders (5.8.4).
- Kinders het 'n sterk behoefte om te identifiseer met volwassenes wat hul geloof op 'n konkrete wyse uitleef (5.8.2 en 5.8.5).
- Kinders het die behoefte om aan geloofsvormende stimuli blootgestel te word (4.10 & 5.8.5 & 5.8.6).
- Gebrek aan blootstelling aan geloofsvormende stimuli is nadelig vir 'n kind se skolastiese- en dissiplinêre prestasie (5.8.8).
- Die skoolkonteks het 'n noemenswaardige groot invloed in die oordra van bybelkennis aan kinders (5.8.9).

**6.2.4.2. Afleidings vanuit die observasie en deelname aan liturgie in die kwalitatiewe studie (5.9.1.4):**

- Kinders geniet die aktiwiteite.
- Kinders kry geleentheid om uitdrukking te gee aan hul emosies.
- Musiek neem prioriteit en staan sentraal.
- Musiek word benut om die ritme, rigting en atmosfeer van gebeure te begelei en te bestuur.
- Spontaniteit en deelname word aangemoedig deur beide liturg en kinders.
- Sterk element van lering teenwoordig.
- Rituele sluit af met 'n oproep tot uitlewing van Christelike waardes.
- Rituele is eenvoudig en akkommoderend vir 'n wye reeks emosies.
- Aktiwiteite bevorder identiteitsvorming, identiteitsvinding en gevoel van 'behoort aan'.

**6.2.4.3. Afleidings vanuit die onderhoude tydens die kwalitatiewe studie.**

- 'n Onderwyser kan in die skoolkonteks op tree as liturg en spirituele leier (5.9.2.1).
- Planmatige vennootskap tussen onderwyser en jeugwerker is van groot waarde om vertrouensverhoudings te bou (5.9.2.2).
- Sang en musiek speel sentrale rol in liturgie waarby kinders aanklank vind (5.9.2.3).
- Bewegings tydens sang is van groot waarde om kinders by aktiwiteite te betrek en eenheidsgevoel te kweek (5.9.2.4).
- Dit is van groot waarde indien kinders by die bestuur van liturgiese aktiwiteite betrek word (5.9.2.5).
- Liturgiese aktiwiteite is vir kinders van groot waarde (5.9.2.6).
- Liturgiese aktiwiteite het die potensiaal om verskeie doelwitte te dien en te fasiliteer (5.9.2.7).
- Simbole kan konstruktief bydra tot geloofsvorming (5.9.2.8).
- Liturgie in die skoolkonteks toon sterk ooreenkomste met die kenmerke van 'n lewenskragtige liturgie (5.9.2.9).

## 6.3. Voorstel vir optrede afgelei uit hierdie studie.

### 6.3.1. Kerk moet optree om tendens van kerkloosheid om te keer.

Daar is ŉ kommerwekkende hoë syfer van Afrikaanssprekende kinders (23%) wat glad nie meer kerk toe gaan nie. Die syfer is veral kommerwekkend aangesien die studie onder laerskool kinders gedoen is wat heel waarskynlik net kerk toe sal gaan indien hul ouers hulle kerk toe neem. Dit impliseer dat die ouers self nie by die kerk betrokke is nie. Die gebrekkige invloed van ouers op die kinders se geloofsvorming wat nie kerk toe gaan nie, ondersteun die waarskynlikheid. Hoewel die statistiek net akkuraat is vir die betrokke skool waarin die studie gedoen is, dui dit op ŉ duidelike tendens vir Afrikaans sprekende kinders in die Suid-Afrikaanse konteks. Die statistiek ondersteun eerstens die noodsaaklikheid van hierdie studie en plaas tweedens klem op die noodsaaklikheid vir die kerk om daadwerklik te reageer om die tendens om te keer. Gesien vanuit die statistiek van Sensus 2001 waartydens sowat 79.8 Suid-Afrikaners hulleself geïdentifiseer het as Christene (Dreyer 2012:505-507), sal die syfer oor 20 jaar aansienlik anders lyk indien sowat ŉ kwart van die tradisionele Christenbevolking nie meer blootstelling aan die Christelike leer en lewe by die huis ontvang nie. ŉ Paradigmaskuif, wat die skoolkonteks van waarde ag in missionêre doelwitte, is noodsaaklik om die tendens om te keer.

### 6.3.2. Verantwoording van sosiale verantwoordelikheid van ouer, kerk en staat.

In die studie is aangetoon dat kinders nie net ŉ behoefte aan blootstelling aan geloofsvormende stimuli het nie, maar dat dit ŉ noodsaaklikheid is. Die volgende redes is verskaf:

1. Die gebrek aan die teenwoordigheid en betrokkenheid van liefdevolle ouers in die kind se lewe het tragiese gevolge (2.11.3).
2. Gebrek aan blootstelling aan geloofsvormende stimuli is nadelig vir ŉ kind se skolastiese- en dissiplinêre prestasie (5.8.8).
3. Blootstelling aan geloofsvormende stimuli is van groot waarde om morele ontwikkeling te fasiliteer. Dit is ŉ noodsaaklikheid in die huidige Suid-

Afrikaanse konteks waar misdaadsyfer 'n simptoom is van gebrek aan goeie morele standaarde (2.11.1).

4. Kinders het 'n eksistensiële behoefte om aan geloofsvormende stimuli blootgestel te word (4.10 & 5.8.5 & 5.8.6).
5. Kinders het 'n sterk behoefte om te identifiseer met volwassenes wat hul geloof op 'n konkrete wyse uitleef (5.8.2 en 5.8.5).
6. Onderwysers en jeugwerkers behoort opleiding te ontvang in hoe om kinders se fisiese-, kognitiewe-, persoonlike-, en geloofsontwikkeling effektief te fasiliteer (2.11.2).

Ouer, kerk en staat kan nie langer die toekoms van kinders en gevolglik die toekoms van die land, in die weegskaal laat nie. Dringende optrede is van kardinale belang. Religieuse blootstelling is 'n doeltreffende manier om die uitdagings wat die ouer, kerk en samelewing in die gesig staar, op te los.

### 6.3.3. Die skoolkonteks bied 'n ideale ruimte om kinders aan geloofsvormende stimuli bloot te stel.

Die volgende redes, komende uit die studie, kan as ondersteuning vir die stelling gelewer word:

1. Kinders onder die ouderdom van 13 jaar is meer vatbaar vir die invloede van geloofsvormende stimuli en die laerskool dek die grooste ouderdomspektrum vir die effektiewe oordrag van geloofswaarhede (2.11.4 & 2.2.1 & 2.5).
2. Departement van Onderwys het reeds 'n versoek gerig dat "Faith Based Organizations" by skole betrokke raak om te help met opheffingswerk (sien addendum E). Dit skep die ideale geleentheid vir kerke om skole te nader vir samewerking.
3. Die skoolkonteks bied die ideale ruimte vir identiteitsvorming (2.11.7).
4. Skoolkonteks bied die potensiaal vir blootstelling aan voorbeeldige en meelewende Christen-volwassenes (5.8.2 & 5.8.3 & 5.8.5 & 5.8.8 & 5.8.9).
5. Kinders word blootgestel aan 'n sterk funksionerende portuurgroep wat die potensiaal het om die proses van geloofsvorming te ondersteun (2.11.5).
6. Skoolkonteks bevat heelwat eienskappe van kerk. (4.11.1).

7. Skoolkonteks bied ruimte vir vorming van vertrouensverhoudings (3.12.2).
8. Skoolkonteks bied ruimte vir betrokkenheid by gemeenskapsprojekte (3.12.2).
9. Skoolkonteks bied geleentheid vir die kultivering van ʼn Christelike lewenswyse (3.12.4).
10. Onderwysers/jeugwerkers het die potensiaal om ʼn kind in die teenwoordigheid van God te bring (3.12.5).
11. Skoolkonteks bied geleentheid vir geloofsgesprekke by die skool (3.12.6).
12. Liturgiese elemente by die skool het die potensiaal van ʼn noemenswaardig groot invloed op geloofsvorming van kinders (5.8.4).
13. Die skoolkonteks het die potensiaal van ʼn noemenswaardig groot invloed in die oordra van Bybelkennis aan kinders (5.8.9).
14. Die skoolkonteks bied die potensiaal om die geleentheid vir kinders te bied om liturgiese aktiwiteite te geniet. Indien liturgiese aktiwiteite in die skoolkonteks teenwoordig is, kry kinders geleentheid om uitdrukking te gee aan hul emosies (5.9.1.4).
15. Teenwoordigheid van liturgiese aktiwiteite in die skool bevorder identiteitsvorming, identiteitsvinding en gevoel van 'behoort aan' (5.9.1.4).

**6.3.4. Toepassingsmoontlikhede vir die kerk se betrokkenheid by skole.**

Die volgende aspekte is in die studie geïdentifiseer as waardevol om die skoolkonteks as geloofsvormende konteks te ontwikkel en te benut.

- Fowler se fases van geloofsvorming bied uitstekende praktiese toepassings vir die praktyk om geloofsvorming meer relevant en doeltreffend te laat geskied (2.11.8).
- Die potensiële invloed van portuurgroepe behoort aktief binne die raamwerk van geloofsvorming benut te word (2.11.5).
- Kerk het ʼn rol om te speel om onderwysers/jeugwerkers te bemagtig as lewensafrigters (3.12.3).
- Gesinsbedieningsmodelle het toepassingswaarde in die skoolkonteks en kan as bedieningsmodel aangepas word om die effektiwiteit van geloofsvorming in die samelewing deur middel van die skoolkonteks te verhoog ( 3.12.8).

- Rituele het die potensiaal om ʼn groot invloed op die geloofsvorming en identiteitsvorming van kinders in skole uit te oefen. Rituele behoort vir die skoolkonteks ontwikkel te word om die volle waarde daarvan te ontsluit (4.11.3).
- Onderwysers/jeugwerkers het die potensiaal om in skoolkonteks op te tree as liturge en spirituele leiers. Die kerk kan ʼn bemagtigende rol speel om hierdie waarde van die onderwyser/jeugwerker in die skoolkonteks te ontsluit en te ontwikkel (5.9.2.1).
- Planmatige vennootskap tussen onderwyser en jeugwerker is van groot waarde om vertrouensverhoudings te bou en moet benut word (5.9.2.2).
- Sang en musiek is van groot belang vir kinders by liturgiese aktiwiteite en behoort ten volle benut te word (5.9.2.3).
- Bewegings tydens sang is van groot waarde om kinders by aktiwiteite te betrek en om ʼn eenheidsgevoel te kweek (5.9.2.4).
- Kinders moet sover moontlik by liturgiese aktiwiteite en by die bestuur daarvan, betrek word (5.9.2.5).
- Liturgie, rituele en simbole is ʼn skatkamer van moontlikhede, wat ten alle koste in diens van geloofsvorming ten volle ontgin moet word (5.9.2.8).
- Die kenmerke van ʼn lewenskragtige liturgie is van groot waarde om liturgiese elemente meer drakrag te gee vir geloofsoordrag (5.9.2.9).
- Die skoolkonteks bied uitstekende werksgeleenthede vir teoloë om hul roeping met verhoogde effektiwiteit uit te leef. Aangesien daar heelwat ooreenkomste te vinde is tussen die konteks van die kerk en die van die skool, is predikante en pastore reeds gedeeltelik opgelei om binne die konteks suksesvol te kan funksioneer. Daar is in die laaste jare heelwat opgeleide teoloë wat nie werk in die kerk vind nie. Die persone het ʼn ideale geleentheid om nou reeds hul roeping in die skoolkonteks te kan uitleef. Vennootskap tussen onderwys en kerk kan ʼn uitstekende geleentheid wees waar die twee strukture mekaar aanvul tot voordeel van die individu en samelewing. Daar is nie ʼn beter tyd as die hede vir kerklike strukture om die lewensvatbaarheid van so ʼn alternatiewe bedieningsruimte te ondersoek en teologiese opleiding daarvolgens aan te pas nie.

## 6.4. Slotopmerking.

Aangesien daar van ŉ skool, wat oor ŉ sterk funksionerende VCSV en godsdienstige aktiwiteite beskik, gebruik gemaak is vir die studie, beteken dit dat die relevansie van die syfers nie noodwendig in ander skoolkontekste gevind sal word nie. Waarvan dit wel ŉ sterk aanduiding is, is dat daar groot potensiaal is vir enige skool wat doeltreffend van godsdienstige aktiwiteite gebruik maak, om ŉ positiewe invloed op die geloofsvorming van kinders uit te kan oefen. Dit impliseer ook, soos gesien vanuit die literatuur- en die praktykstudie, dat dié invloed ŉ positiewe impak op die samelewing as geheel sal uitoefen aangesien kinders wat blootstelling aan aktiwiteite wat hul geloofsvorming positief beïnvloed, ŉ aansienlik laer waarskynlikheid het om betrokke te raak by gevaarlike en vernietigende aktiwiteite. Maar seker die belangrikste gevolg is die positiewe invloed wat dit sal hê op elke persoon wat ŉ hunkering het na kontak met God.

## 6.5. Samevatting.

Die studie is begin met die hoop om ŉ aanvulling vir die rol van ouers in die geloofsvormingsproses van kinders te ontdek. Dit was egter ŉ aangename verrassing om te sien dat so ŉ aanvulling nie net bestaan nie, maar inderdaad goed kan funksioneer. Die potensiaal is baie groot en die kerk kan nie terug staan en kyk hoe die skool die werk van die kerk oorneem nie. Daar behoort ŉ doelgerigte poging aangewend te word waarin kerk en skool hande vat om die gemeenskaplike rol van opvoeding van kinders te fasiliteer. Die kerk kry boonop geleentheid om kinders binne ŉ ideale konteks te ontmoet vir geloofsvorming.

In hierdie studie is antwoorde gekry, maar nuwe vrae het na vore gekom wat beantwoord moet word. Die volgende leemtes is geïdentifiseer wat dien as basis vir die navorser se verdere studie:

- Rol van persoonlikheidstipes wat die effektiwiteit van geloofsoordrag in skole optimaal fasiliteer.

- Die konteks waar, en die kenmerke van die portuurgroep en jeugsubkultuur wat 'n positiewe invloed op geloofsvorming uitoefen en hoe om hierdie kenmerke en aspekte in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Die rol wat die skoolstruktuur, -bestuur en -beleid speel in die skepping en instandhouding van 'n konteks vir geloofsvorming en hoe om hierdie kenmerke en aspekte in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Die kenmerke van liturgie en rituele wat suksesvol is in die kultivering van geloofsvorming in die skoolkonteks en hoe om hierdie kenmerke in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Die rol van musiek in geloofsvorming en hoe om die impak wat musiek op geloofsvorming het, in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Die kenmerke van verhoudings wat suksesvol is om geloofsvorming te kultiveer en hoe om die kenmerke in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Om die kenmerke en eienskappe van reeds effektief, funksionerende vennootskapsmodelle tussen skool en kerk te identifiseer en hoe om die kenmerke en eienskappe in nuwe kontekste te dupliseer en te optimaliseer.
- Identifisering van behoeftes vir beroepsopleiding vir die nuwe konteks om huidige opleiding aan te pas en aan te vul vir die skoolkonteks.

Wat die studie aangetoon het is dat die skool bo enige twyfel 'n noemenswaardige invloed op geloofsvorming van kinders uitoefen en dat die skoolkonteks beskik oor genoegsame potensiaal om verdere navorsing in die prakties-teologiese veld, nie net te regverdig nie, maar ook as noodsaaklik te beskou.

# Addendum A. Ingeligte toestemming Organisasie.

**Fakulteit Teologie**
**Dept. Praktiese Teologie**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser: Ds. G J P J van der Merwe
E-pos: gert@novitae.co.za
Tel No: 074 885 6315

**19 Julie 2013**

**INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING OOR DIE IMPAK VAN ONDERWYSERS/JEUGWERKERS EN GODSDIENTIGE AKTIWITEITE IN DIE SKOOL OP GELOOFSVORMING VAN KINDERS:**

Ek is tans besig met navorsing aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie by die Departement Praktiese Teologie. Die navorsing behels 'n empiriese ondersoek oor die invloed wat onderwysers/jeugwerkers en die skool konteks uitoefen op die geloofsvorming van kinders. Die voordele van die navorsing lê daarin dat skole en kerke in die breë 'n beter begrip kan kry oor die invloed wat die skoolomgewing op ons kinders se geloofsvorming kan uitoefen en gevolglik in die toekoms beter toegerus sal wees om kinders by te staan in aspekte wat geloofsvorming ten grondslag het.

Navorsing word gedoen deur middel van vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude. Hiervoor benodig ek toegang tot die skool se Gr. 7 leerlinge vir die voltooiing van vraelyste en die voer van onderhoude met sommige leerders en onderwysers/jeugwerkers.

Daar is geen mediese of fisiese risiko's aan die studie verbonde nie. Enige respondent kan ter enige tyd uit die studie onttrek sonder dat dit teen die persoon gehou sal word. Indien die respondent jonger as 18 jaar of gestrem is, kan die respondent kies om deur 'n volwasse persoon bygestaan te word.

Geen name of identiteite van organisasies of persone word enigsins in die studie bekend gemaak nie. Die navorsing sal te alle tye met die nodige omsigtigheid en vertroulikheid hanteer word om te verseker dat geen persoon of organisasie blootgestel word nie.

**Indien daar enige vrae is, is u welkom om my te kontak by Tel. (011) 849 8888, of by 074 885 6315, of by gert@novitae.co.za, of per pos na Wordsworth weg 8, Farrarmere, Benoni, 1501.**

Dankie vir u moeite en tyd.

____________________
Ds. Gert van der Merwe

Hiermee stem ek, namens Laerskool Goudrand, in om deel te neem aan die navorsingsprojek soos hierbo uiteengesit en gee toestemming dat die navorser die bogenoemde navorsing in die skool kan uitvoer met dien verstande dat logistiese beplanning en reëlings in samewerking met die bestuur van die skool gedoen sal word.

____________________ ____________________
Naam van Hoof Handtekening van Hoof

Plek: ____________________ Datum: ____________________

Department: Theology
University of Pretoria
Pretoria 0020 South Africa
Tel Number: +27 (0)12 420 4053
Fax Number: +27 (0)12 420 6347
www.up.ac.za

# Addendum B. Ingeligte toestemming Individu.

**Fakulteit Teologie**
**Dept. Praktiese Teologie**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Navorser: Ds. G J P J van der Merwe
E-pos: gert@novitae.co.za
Tel No: 074 885 6315

**22 Julie 2013**

**INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME AAN NAVORSING OOR DIE IMPAK VAN ONDERWYSERS/JEUGWERKERS EN GODSDIENTIGE AKTIWITEITE IN DIE SKOOL OP GELOOFSVORMING VAN KINDERS:**

Ek is tans besig met navorsing aan die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Teologie by die Departement Praktiese Teologie. Die navorsing behels 'n empiriese ondersoek oor die invloed wat onderwysers/jeugwerkers en die skool konteks uitoefen op die geloofsvorming van kinders. Die voordele van die navorsing lê daarin dat skole en kerke in die breë 'n beter begrip kan kry oor die invloed wat die skoolomgewing op ons kinders se geloofsvorming kan uitoefen en gevolglik in die toekoms beter toegerus sal wees om kinders by te staan in aspekte wat geloofsvorming ten grondslag het.

Navorsing word gedoen deur middel van vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude.

Alle navorsing word gedoen met volle toestemming van die skool se bestuur en daar is geen mediese of fisiese risiko's aan die studie verbonde nie. Indien u ter enige tyd ongemaklik is met enige vraag of onseker voel, is u welkom om uit die studie te onttrek sonder dat dit teen u gehou sal word. Indien u jonger as 18 jaar of gestrem is, kan u, indien u dit verkies, bygestaan word deur 'n volwasse persoon.

Geen name of identiteit van persone word enigsins in die studie bekend gemaak nie. Die navorsing sal ook te alle tye met die nodige omsigtigheid en vertroulikheid hanteer word sodat niemand blootgestel word nie.

**Indien daar enige vrae is, is u welkom om my te kontak by Tel. (011) 849 8888, of by 074 885 6315, of by gert@novitae.co.za, of per pos na Wordsworth weg 8, Farrarmere, Benoni, 1501.**

Dankie vir u moeite en tyd!

____________________
Ds. Gert van der Merwe

Hiermee stem ek, die ondergetekende, in om deel te neem aan die navorsingsprojek soos hierbo uiteengesit.

Naam: ____________________ Handtekening: ______________ Plek: ___________ Datum:_________

**Indien jonger as 18 jaar die toestemming van ouer/voog:**

Hiermee verklaar ek, die ondergetekende, dat ek die inhoud van hierdie skrywe verduidelik het aan ___________________________ en dat hy/sy ten volle bewus is van wat die navorsing behels.

Ouer/Voog :__________________ Handtekening: ____________ Plek: ___________ Datum:________

Department: Theology
University of Pretoria
Pretoria 0020 South Africa

Tel Number: +27 (0)12 420 4053
Fax Number: +27 (0)12 420 6347

www.up.ac.za

# Addendum C. Vraelys.

**Fakulteit Teologie**
**Dept. Praktiese Teologie**

Navorser: Ds. G J P J van der Merwe
E-pos: gert@novitae.co.za
Tel No: 074 885 6315

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Groep ID____________

22 Julie 2013

**VRAELYS AANGAANE DIE IMPAK VAN ONDERWYSERS/JEUGWERKERS EN GODSDIENTIGE AKTIWITEITE IN DIE SKOOL OP GELOOFSVORMING VAN KINDERS:**

Beantwoord elke vraag deur telkens 'n kruisie in **net een** van die boksies te maak of deur jou antwoord in die spasie in te skryf indien voorsien.

**A. Biografiese inligting:**

1. Wat is jou geslag?

| | |
|---|---|
| Manlik. | |
| Vroulik. | |

2. Hoe lank is jy al in hierdie skool?

| | |
|---|---|
| Minder as 'n jaar. | |
| Meer as 2 jaar. | |
| Meer as 4 jaar. | |

3. By wie woon jy deur die week?

| | |
|---|---|
| Ma en Pa. | |
| Ma. | |
| Pa. | |
| Oupa / Ouma. | |
| Voog/de (Oom / Tannie / Stiefma / Stiefpa. | |

4. Hoeveel keer per maand gaan jy tans saam met jou ouers/voogde kerk toe?
Indien wel, na watter kerk gaan julle?

| | |
|---|---|
| Woon geen kerkdienste by nie. | |
| Woon ongeveer 1 keer per maand 'n kerkdiens by. | |
| Woon meer as 2 keer per maand 'n kerkdiens by. | |
| Naam van kerk: | |

5. Hoeveel keer per maand woon jy die CSV by die skool by?

| | |
|---|---|
| Woon glad nie die CSV by nie. | |
| Woon die CSV ongeveer 1 keer per maand by. | |
| Woon die CSV meer as 2 keer per maand by. | |
| Woon elke CSV geleentheid by. | |

Department: Theology
University of Pretoria
Pretoria 0020 South Africa

Tel Number: +27 (0)12 420 4053
Fax Number: +27 (0)12 420 6347

www.up.ac.za

**B. Persoonlike geloof**

6. Hoe belangrik is jou persoonlike verhouding met Jesus Christus vir jou?

| | |
|---|---|
| Glad nie belangrik nie | |
| Baie belangrik | |

7. By wie dink jy het jy die meeste geleer van Jesus Christus se liefde vir jou? (kies een)

| | |
|---|---|
| My Ma | |
| My pa | |
| Predikant/Pastoor | |
| My Ouma/Oupa | |
| Volwassene by die skool (Onderwyser of Jeugwerker) | |
| Volwassene by die kerk | |
| Maat by die skool | |
| Maat by die kerk | |

8. Het jy al ooit met jou maats by die skool gesels oor jou geloof in Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ek is te bang om met my maats oor Jesus te praat | |
| Ja | |
| Ek praat gereeld met my maats oor my verhouding met Jesus | |

9. Hoeveel keer per week lees jy die Bybel en/of ander Christelike materiaal?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| 1 x per week | |
| 3 x per week | |
| Elke dag | |

10. Hoe gereeld bid jy as jy alleen is?

| | |
|---|---|
| Ek bid byna nooit as ek alleen is nie. | |
| Ek bid net somtyds as ek alleen is. | |
| Ek bid meer as 5 keer per week as ek alleen is. | |
| Ek bid meer as 1 keer per dag as ek alleen is. | |

11. Is jy gedoop?

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ek weet nie | |
| Ja | |

12. As jy terug dink oor jou lewe in die afgelope paar jaar, watter invloed het jou geloof in Jesus (wat God vir jou lewe wil hê) gehad in die besluite wat jy gemaak het oor hoe jy teenoor ander mense optree?

| | |
|---|---|
| Dink nie dit het enigsins invloed gehad nie. | |
| Dink dit het 'n bietjie invloed gehad. | |
| Dink dit het 'n groot invloed gehad. | |

13. Het jy al ooit saam met die kerk gegaan om iemand anders wat hulp nodig gehad het te help met kos, klere, gebed of ander hulp?

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Ja | |

14. Hoe gereeld luister jy na Christelike musiek (Gospel musiek) as jy alleen is?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Meer as 5 keer per week | |
| Elke dag | |

15. Dink jy dit is jou plig om 'n maat te waarsku as hy/sy iets doen wat verkeerd is?

| | |
|---|---|
| Nee | |
| Dit is te moeilik om met my maats te praat oor wat reg en verkeerd is. | |
| Ja | |

**C. Invloed van ouers/voogde op geloofslewe.**
Nota: Voog is iemand by die huis wat normaalweg vir jou sorg. (Bv. Ouma/Oupa/ Oom/Tannie/Stiefma/Stiefpa)

16. Hoe gereeld sien jy dat jou ma/pa/voog by die huis uit die Bybel lees?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag | |

17. Hoe gereeld bid jy saam met jou ma/pa/voog by die huis?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag | |

18. Hoe gereeld praat jou ma/pa/voog met jou oor jou persoonlike geloof in Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Gereeld | |

19. Dink jy jou ma/pa/voog leef hulle geloof in Jesus Christus uit? (M.a.w. hulle doen wat Jesus wil hê hulle moet doen).

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Somtyds. | |
| Ja, beslis. | |

20. Toe jy nog baie klein was, het jou ma/pa/voog ooit vir jou Bybelstories uit die Bybel of uit 'n Kinderbybel gelees?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek kan nie onthou nie. | |
| Ja. | |

21. Is daar 'n Bybelverhaal wat vir jou spesiaal is? Indien wel, watter verhaal is dit?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ja | |
| Bybel verhaal wat vir jou spesiaal is: | |

**D. Invloed van volwassenes by die skool**

Nota: 'n Volwassene by die skool kan wees 'n Onderwyser of 'n Jeugwerker.

22. Hoe gereeld sien jy 'n volwassene by die skool wat uit die Bybel lees?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag | |

23. Hoe gereeld sien jy dat 'n volwassene by die skool bid?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag | |

24. Hoe gereeld praat 'n volwassene by die skool met jou oor jou persoonlike geloof in Jesus?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Gereeld | |

25. Is daar 'n volwassene of volwassenes by die skool wat hul geloof in Jesus Christus uitleef? (Met ander woorde, hulle doen wat Jesus wil hê hulle moet doen).

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ja, beslis. | |

26. Kan jy onthou of 'n volwassene by die skool vir jou Bybelverhale vertel of stories uit 'n Bybel voorgelees het?

| | |
|---|---|
| Nee. | |
| Ek kan nie onthou nie. | |
| Ja. | |

27. Is daar 'n volwassene of volwassenes by die skool by wie jy baie geleer het van Jesus Christus se liefde vir jou en wat baie invloed het op jou verhouding met Jesus? En indien wel, gee asb. die volwassene se naam, of as daar meer as een is, hulle name.

| | |
|---|---|
| Nee, glad nie. | |
| Ja, beslis. | |
| Indien jy 'Ja' geantwoord het, gee asb. volwassene/volwassenes se naam/name: | |
| | |
| | |
| | |
| | |

4

**E. Invloed van liturgie in die skool**

28. Hoe gereeld bid julle by die skool as 'n groep saam?

| | |
|---|---|
| Nooit nie | |
| Somtyds | |
| Meer as 3 x per week. | |
| Elke dag | |

29. Hoe gereeld lees julle by die skool saam uit die Bybel?

| | |
|---|---|
| Nooit nie. | |
| Somtyds. | |
| Meer as 3 keer per week. | |
| Elke dag | |

30. Sien jy daarna uit om die sang in die saal by te woon?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |
| Somtyds. | |
| Ja, beslis. | |

31. Hoeveel keer in die laaste maand het jy 'n geleentheid by die skool bygewoon waar daar uit die Bybel gelees word, oor die teksgedeelte gesels word en dan daaroor gebid word?

| | |
|---|---|
| Nie een keer in die laaste maand nie. | |
| Ek is nie seker nie. | |
| 1 keer in die laaste maand. | |
| Meer as 3 keer in die laaste maand. | |

32. Hoeveel keer in die laaste maand het jy 'n geleentheid by die skool bygewoon waar julle saam as 'n groep die Here geloof en prys het met Christelike (Gospel) musiek?

| | |
|---|---|
| Nie een keer nie in die laaste maand nie. | |
| Ek is nie seker nie. | |
| 1 keer in die laaste maand. | |
| Meer as 3 keer in die laaste maand. | |

33. Dink jy die geleenthede waartydens julle as 'n groep saam die Here loof en prys laat jou nader aan die Here voel?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |
| Somtyds. | |
| Ja beslis. | |

34. Dink jy die geleenthede waartydens jy na 'n boodskap uit die Bybel by die skool geluister het, verbeter jou verhouding met Jesus Christus?

| | |
|---|---|
| Nee, nie rêrig nie. | |
| Somtyds. | |
| Ja beslis. | |

**Baie dankie dat jy aan hierdie studie deel geneem het!**

# Addendum D. Godsdiensbeleid.

## LAERSKOOL
## GODSDIENSBELEID

**DOEL:**

- Om Godsdiensbeoefening in die Laerskool op 'n sinvolle en aanvaarbare grondslag te reël.

**MANDAAT:**

- Die Beheerliggaam van die Laerskool verkry sy mandaat vir die daarstelling van 'n Godsdiensbeleid vir die skool onder andere uit die volgende:
  - Artikel 15 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika;
  - Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet;
  - Artikel 21 van die Gauteng Wet op Skoolonderwys;
  - Artikels 3 en 46 van die Regulasies met betrekking tot Beheerliggame van Openbare Skole, uitgevaardig in terme van die Gauteng Wet op Skoolonderwys;
  - Die Grondwet van die Laerskool.

**VERTREKPUNTE:**

- Alhoewel die Beheerliggaam aanvaar en erken dat Godsiensonderrig / Godsdiensbeoefening primêr die verantwoordelikheid van ouers is, speel die skool 'n belangrike rol in die ontwikkeling van elke kind se waardestelsel. Dit is dus noodsaaklik dat die skool ook sy rol ten opsigte van Godsdiensbeoefening in ooreenstemming met die behoeftes van die gemeenskap wat deur die skool bedien word, moet vervul.

- Godsdiensbeoefening in skole binne die raamwerk en reëls soos deur die plaaslike gesag neergelê word deur Artikel 15.1 en 15.2 van die Grondwet van Suid-Afrika gemagtig.

- Godsdiensbeoefening is vrywillig – leerders en fasiliteerders neem dus vrywillig daaraan deel.

- Godsdiensonderrig word nie in die Grondwet verbied nie maar word ook nie as 'n reg beskerm nie. Godsdiensbeoefening daarenteen word deur die Grondwet beskerm mits dit op 'n vrywillige en billike grondslag geskied. Die Grondwetlike beginsel van vrywilligheid en billikheid, beide wat leerders en fasiliteerders betref, moet dus in Godsdiensbeoefening gehandhaaf word.

- Lewensverryking moet die wesenskenmerk van Godsdiensonderrig vorm. Minder klem word dus op die geskiedenis-komponent van Godsdiensonderrig geplaas, terwyl die fokus skerper op die verhouding van God met sy Skepping, soos dit in alle fasette van die vakwetenskap na vore kom, geplaas word.

- Godsdiensperiodes kan alleen deur vrywillige en toepaslik toegeruste personeel aangebied word. Hierdie hulpbron kan na behoefte deur toepaslik toegeruste persone uit die gemeenskap aangevul word, mits Departementele riglyne met betrekking tot kwalifikasies en ander vereistes vir fasiliteerders nagekom word.

- Kundiges uit die omgewing behoort benut te word om fasiliteerders verder toe te rus om hulle onderrigtaak ten opsigte van vak integrasie te versterk.

**BELEID:**

- Die skool sal as deel van die ontwikkeling van elke kind se waardestelsel, geleentheid vir Godsdiensonderrig en Godsdiensbeoefening op 'n vrywillige en billike basis bied, beide wat fasiliteerders en leerders betref.

- Godsiensonderrig word aangebied as ervarings onderrig en is 'n program waarin die Godsdiens en die wetmatighede van die vakwetenskap bymekaar uitgebring word – 'n program waar die beginsels van die Godsdiens soos deur die skoolgemeenskap beoefen word, met elke leerarea van Kurrikulum 2005 verbind word.

1

- Godsdiensbeoefening sal bevorder word, met dien verstande dat dit op 'n vrywillige en billike basis geskied.

- Ondersteuning sal aan bereidwillige personeel gebied word om in normale akademiese vakonderrig die verband tussen die grootheid van die skepping en die wetmatighede van die vakwetenskap aan te dui.

- Waar voldoende personeel nie op 'n vrywillige basis beskikbaar is om Godsdiensperiodes gedurende fleksietyd waar te neem nie, kan kundiges uit die gemeenskap vir die doel benut word.

- Kundiges kan op 'n gereelde basis benut word om leerders in groepe groter as in klasverband oor bepaalde Godsdienstige onderwerpe toe te lig.

- Gesamentlike en/of individuele Godsdiensbeoefening vind formeel of informeel op 'n vrywillige basis plaas deur middel van geleenthede vir Skriflesing, gebed, gewyde sang en aksies soos deur die behoeftes van die gemeenskap bepaal word.

**TOEPASSING:**

Aangesien die skool in 'n Christelike omgewing funksioneer, verwag ouers van leerders in hierdie skool dat hierdie beleid in die konteks van die Christelike perspektief toegepas sal word.

**ADDENDUM:**

Die leerders moet met begrip en toewyding ander kulture en gelowe in ag neem.

- By Skool volg ons 'n Christelike benadering met dien verstande dat 'n leerder wat nie-Christelike onderrig mag ontvang nie, verskoon sal word van die periode, indien die ouers dit versoek.

- Daar word daagliks met skriflesing en gebed geopen deur die leerderraadslede vir die graad 4 tot 7 leerders.

- Onderwysers open in die klasse van graad 1 tot 3.

- Aan die einde van die dag sluit een van die leerders of onderwysers die dag af met 'n gebed.

- Maandagoggende vind saalopening plaas vir die hele skool, wat ook met skriflesing en gebed gedoen word.

- Woensdae gedurende die eerste periode woon die hele skool 'n gewyde sang periode by wat deur ____________ waargeneem word.

______________________________ ______________________________

BEHEERLIGGAAMVOORSITTER SKOOLHOOF

**Addendum E. Dept. Onderwys versoek vir betrokkenheid van gelooforganisasies by skoolaktiwiteite.**

education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

Enquiries: Dumisani Baloyi Tel: 011 746 8122

| | |
|---|---|
| To | : The Principal<br>SGB chairperson |
| From | : E.M. Tau<br>District Director |
| Date | : 23 January 2013 |
| Subject | : **Faith Based Organisations** |

Faith for Quality Education programme is an initiative driven from the office of the MEC to enable the participation of Faith Based Organisation. FBOs are assisting with schooling within their own capacities and context of their community services.

The goals of FBOs in supporting GDE in making education a societal priority are as follows:

- Joining the department in making education a top priority
- Providing Pastoral care for those in conflict, bereaved, and traumatized
- Supporting school activities i.e. cultural and sports days, learner graduation, celebrations and blessings for learners before and after exams.
- Implementing Adopt-a-school campaigns
- Assisting in ensuring a safe and crime free environment for schooling and to protect the school.

Following the MEC's initiative to work with Faith Based Organisations for the good of Gauteng's schools a working partnership has been developed. In some schools valuable work has already begun. The District office requests schools to

**Office of the District Director: Ekurhuleni North**
**Munpen Building, 78 Howard Avenue, Benoni, 1500**
**Private Bag X 059, Benoni, 1500**
**Tel: (011) 746 8000 Fax (011) 746 8027/70**
**Web: www.education.gpg.gov.za**

education
Department: Education
GAUTENG PROVINCE

partner with FBO's in their communities and submit contact details of the FBO's they collaborate with to Dumisani Baloyi by 05 February 2013.

A flexible draft agreement between a school and a local FBO will be drawn up, both to suggest areas in which partnership could be developed and to guide parties to arrangements which are feasible and acceptable in particular localities. These should guide the process, eliminate misunderstanding and provide benchmark for progress.

Your assistance in this regard is much appreciated.

Yours in tirisano.

E.M. Tau
District Director

Office of the District Director: Ekurhuleni North
Munpen Building, 78 Howard Avenue, Benoni, 1500
Private Bag X 059, Benoni, 1500
Tel: (011) 746 8000 Fax (011) 746 8027/70
Web: www.education.gpg.gov.za

## Figuurindeks.

Figuur 1. Osmer se vier take van Prakties teologiese interpretasie. p.22

Figuur. 2. Die verhouding jeug betrokkenheid by hoe risiko gedrag teenoor betrokkenheid by spirituele aktiwiteite. p.77

Figuur. 3. Kerk as Ou Paradigma van Freudenburg & Lawrence. p. 79

Figuur 4. Kerk as Nuwe Paradigma van Freudenburg & Lawrence. p. 79

Figuur 5. Skool se VCSV kenteken. p. 157

## Literatuurverwysings.


Ammerman, N.T. *et al*. (reds.) 1998. *Studying Congregations: A new handbook.* Nashville: Abingdon Press.

Ammerman, N.T. 1998. "Culture and Identity in the Congregation." In Ammerman, N.T. *et al.* (reds.) 1998. *Studying Congregations: A new handbook,* 76-104. Nashville: Abingdon Press.

Anderson, D.W. 2009. *From the Great Ommision to Vibrant Faith. The Youth and Family institute*: Vibrant Faith Publishing.

Avenant, J.C. 2011. *Die verhouding ouermentoraat, geloofsidentiteit en betrokkenheid van jongmense na belydenisaflegging*. MTh, Pretoria: University of Pretoria.

Babbie, E.R. 2010. *The practice of social research*. Belmont, CA: Thomson

Barden, G. & Cumming, J. 1975. *Truth and Method.* New York: Seaburry Press.

Barna, G. 2003. *Transforming children into spiritual champions.* Ventura: Regal.

Barna, G. 2007. *Revolutionary parenting. What the research Shows really works*. Illinois: Tyndal.

Bernstein, R.J. 1989. *Beyond objectivism and relativism: Science, hermeneutics and praxis*. Oxford: Basil Blackwell.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission*. New York: Orbis Books.

Bunge, M.J. 2001. *The Child in Christian Thought.* Wm.B. Michigan: Eerdmans publishing Co.

Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2007. *"Die lang pad van bekering. Deel 5. Wat kan Gereformeerde kerke leer uit die kategumenaatproses?" NGTT* 48/ 3&4, 436-445.

Burger, C.W. & Wepener, C.J. 2007. *"Die lang pad van bekering. Deel 3. Die Reformasie se reaksie op die verval van die kategumenaat, doop- en leringspraktyke in die Middeleeuse Kerk." NGTT* 48/ 1&2, 50-59.

De Villiers, J.L. & Prins, J.M.G. 1984. *Die Kerk en Sy Jeug op Weg*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.

De Vries M. 2004. *Family-Based Youth Ministry. Revised and expanded*. Downers Grove: Intervarsity Press.

*Die Bybel: Nuwe Vertaling*. 1998, c1983 (elektroniese uitgawe) Kaapstad, Suid Afrika: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Dingemans, G.D.J. 1986. *In de Leerschool van het Geloof: mathetiek en vakdidactiek voor catechese en kerkelijk vormingswerk*. Kampen: KOK.

Dreyer, J.S. 2012. *South Africa*. In Miller-McLemore, B.J. (ed) *The Willey Blackwell companion to Practical Theology*, 505-514. Oxford: Wiley-Blackwell.

Dudley, C.S. 1998. "Process: Dynamics of Congregational Life." In Ammerman, N.T. *et al*. (reds.) 1998. *Studying Congregations: A new handbook,* 105-131. Nashville: Abingdon Press.

Eiesland, N.L. & Warner, R.S. 1998. "Ecology: Seeing the Congregation in Context". In Ammerman, N.T. *et al.* (reds.) 1998. *Studying Congregations: A new handbook,* 40-76. Nashville: Abingdon Press.

Firet, J. 1987. *Spreken als een leerling. Praktisch-theologische opstellen*. Kampen: Kok.

Foley, E. 2012. *Ritual Theory*. In Miller-McLemore, B J (ed) *The Willey Blackwell companion to Practical Theology*, 143-152. Oxford: Wiley-Blackwell.

Fowler, J.W. & Dell, M.L. 2006. “Stages of faith From Infancy Through Adolescence: Reflections on Three Decades of Faith Development Teory.” In. Roehlkepartain, E.C. *et al*. (reds.) *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence*, 34-45. Thousand Oaks, California: Sage.

Freudenburg, B. & Lawrence, R. 1998. *The Family-Friendly Church*. Colorado: Group.

Grimes, R.L. 2010. *Beginnings in Ritual Studies.* Waterloo, Canada: Ritual Studies International.

Goodman, R.L. 2006. “Entering the world, entering Torah: Moving from natural to the sacred in the Jewish cycle.” In Yust, K.M. *et al*, (reds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: Perspectives from the world's religious traditions*,143-156. Rowman & Littlefield Publishers, Inc: Maryland.

Heyns, L.M. & Pieterse, H.J.C. 1990. *Eerste tree in Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Holmen, M. 2005. *Faith Begins at Home*. Ventura: Gospel Light.

Holmen, M. 2011. *Church + Home: The Proven Formula For Building Lifelong Faith*. Kindle Edition: Gospel Light.

Joiner, R. 2009. *Think Orange: Imagine the impact when Church and Family Collide*. David C. Cook: Colorado.

Joubert, S. 2009. *Ontdek die vroeg-kerklike dinamiek van die erediens*. In *Ontdekkings in die erediens*. 147-164. Wepener, C.J. & van der Merwe, J. (reds.) Wellington: Lux Verbi.

Keely, R.J. 2010. *"Faith Development and Faith Formation: More Than Just Ages and Stages." Life Long Faith: the theory and practice of lifelong faith formation* 4.3, 20-27.

Little, S. 1968. *Youth, world, and the church*. Richmond: John Knox.

Louw, B. & Taljard, E. & Hinch, J. 2002. *Ingeligte Toestemming: 'n Riglyndokument.* Pretoria: UP.

Louw, D.A. 1986. *Inleiding tot die Psigologie*. Johannesburg: Lexicon.

Louw, D.A. 1990. *Menslike Ontwikkeling*. Pretoria: Haum-Tersiêr.

McKinney, W. *et al*. 1998. "Resources." In Ammerman, N.T. *et al*. (reds.) 1998. *Studying Congregations: A new handbook,* 132-166. Nashville: Abingdon Press.

Miller-McLemore, J. 2012. *Christian Theology in Practice: Discovering a Discipline*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

Nauta, R. 2001. "Mensen: de social-psychologische betekenis van het ritueel." In Barnard, M. & P. Post. *Ritueel bestek. Antropologische kernwoorden van de liturgie,* 93-103. Zoetermeer: Meinema.

Nel, M. 2001. *Jeug bediening: 'n Inklusiewe gemeentelike benadering*. Bloemfontein: CLF.

Nel, M. 2002. *"Serving Them Back. Youth Evangelism in a Secular and Postmodern World."* Journal of Youth and Theology 1/1 April 2002 65-87.

Osmer, R. 1990. *A Teachable Spirit: Recovering the Teaching Office in the Church*. Kentucky: Westminster.

Osmer, R. 1996. *Confirmation: Presbyterian Practices in Ecumenical Perspective*. Kentucky: Geneva Press.

Osmer, R. 2008. *Practical Theology: An Introduction*. Kindle Edition. Michigan: Eerdmans.

Pieterse, H J C 2001. *Prediking in ‘n konteks van armoede.* Pretoria: Unisa uitgewers.

Pieterse, H.J.C. 2013. “*Religion in the public sphere and the well-being of the poor: A practical theological perspective.”* Soos gedoseer tydens werkswinkel: UP.

Post, P. 2001. *Christian feast and festival: The dynamics of Western liturgy and culture.* Leuven: Peeters.

Roehlkepartain, E.C. *et al.* 2006. “Spiritual Development in Childhood and Adolescence: Moving to the scientific manstream.” In Roehlkepartain, E.C. *et al.* (reds.) *The Handbook of Spiritual Development in Childhood and Adolescence*, 34-45. Thousand Oaks, California: Sage.

Root, A. 2007. *Revisiting Relational Youth Ministry. From a strategy of influence to a theology of incarnation*. Downers Grove: IVP.

Salkin, J.K. 2006. “Transforming Bar/Bat Mitzwah: The role of family and community.” In Yust, K.M. *et al.* (reds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: Perspectives from the world's religious traditions*, 380-393. Maryland: Rowman & Littlefield Publishers, Inc.

Scales, P.C. 2007. *Spirituality and Adolescent Well-Being: Selected New Statistics*. Minneapolis, Minnesota: Search institute.

Sensus 2011. *Statistical release (Revised) P0301.4*. South Africa: Statistics South Africa.

Search Institute. 1990. *Effective Christian Education: A National study of Protestant Congregations.* Minneapolis, Minnesota.

Shaffer, D.R. 1989. *Developmental psychology. Childhood and adolescence.* Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

Shire, M. 2006. “Learning to be righteous: A Jewish theology of childhood.” In Yust, K.M. *et al.* (reds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: Perspectives from the world's religious traditions*, 43-52. Maryland: Rowman & Littlefield Publishers,Inc.

Thompson, M. 1996. *The Family as Forming Center*. Nashville, TN: Upper Room Books.

Stewart, G.B. 1989. *Peer-Group Pressure*. London: Simon & Schuster.

Stonehouse, C. 2006. “After a child’s first dance with God: Accompanying children on a Protestant spiritual journey.” In Yust, K.M. *et al.* (reds.) *Nurturing child and adolescent spirituality: Perspectives from the world's religious traditions*, 95-108. Maryland: Rowman & Littlefield Publishers,Inc.

Strommen, P.S. & Hardel, R.A. 2000. *Passing on the faith. A Radical New Model for Youth and Family Ministry*. Minnesota: Saint Mary’s Press.

Van der Merwe, J. 2009. “Ontdek nege lense op die erediens.” In *Ontdekkings in die erediens*, 147-164. Wepener, C.J. & van der Merwe, J. (reds.) Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C.J. en Burger, C.W. 2007. *“Die lang pad van bekering. Deel 4. Herontdekking en wye belangstelling.” NGTT* 48/ 3&4, 743-754.

Wepener, C.J. & van der Merwe, J. 2009. “Ontdek die kenmerke en waarde van simbole en rituele.” In *Ontdekkings in die erediens*, 195- 214. Wepener, C.J. & van der Merwe, J. (reds.) Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C.J. 2005. *Researching rituals: on the use of participatory action research in liturgical studies.* Beskikbaar by: http://www.communitas.co.za/Dokumente/Researching_Rituals.doc. [Aanlyn gevind: 16 Augustus 2013]

Wepener, C.J. 2007. *“Die lang pad van bekering. Deel 1. Die opkoms van die kategumenaat in die Patristieke tyd.” NGTT* 48/ 1&2, 307-317.

Wepener, C.J. 2009. “Ontdek eietydse tendense en uitdagings rondom die erediens.” In *Ontdekkings in die erediens*, 181-194. Wepener, C.J. & van der Merwe, J. (reds.) Wellington: Lux Verbi.

Wepener, C.J. 2011. *“Nuwe tendense buite-om die erediens van die 21ste eeu. ‘n Beskrywende liturgie-historiese en hedendaagse verkenning.” NGTT* 52 (1&2) 257-271.

Wepener, C.J. 2012. *Die rituele landskap. Verlede, hede, toekoms. Deel 1.* Beskikbaar by: http://teo.co.za/artikel/articles/456/1/Die-rituele-landskap-Verlede-hede-toekoms-Deel-1/Bladsy1.html. [Aanlyn gevind: 15 Maart 2013]

Wepener, C.J. 2012b. *Reflections on Recent Developments in Liturgical Studies in the Light of Experiences from the Research Field and the Lecture Room.* Pretoria: UP.

Yust, K.M. *et al.* (reds.) 2006. *Nurturing child and adolescent spirituality: Perspectives from the world's religious traditions.* Maryland: Rowman & Littlefield Publishers,Inc.